Wes-Kaap Onderwysdepartement • ISebe leMfundo leNtshona Koloni

Jaarlikse Prestasieplan
2008/09 tot 2010/11

Annual Performance Plan
2008/09 to 2010/11

IsiCwangciso seNtsebenzo soNyaka
2008/09 ukuya 2010/11

WESTERN CAPE
Education Department
Provincial Government of the Western Cape

Voorwoord deur LUR

Noudat ons die einde van hierdie vyfjaarsiklus bereik, is dit belangrik dat die WKOD moet voorraadopname doen van wat tot dusver bereik is en wat nog vir ons voorlê.

Die fokus in hierdie Jaarlikse Prestasieplan op die kwessie van toegang en regstelling, en dit is 'n baie belangrike herinnering aan almal van ons wat die oogmerke van hierdie regering is. Die dekades van ongelykheid word steeds in die infrastruktuur van ons skole weerspieël, in die feit dat die meeste skole geleë is in areas van armoede en misdaad en in die feit dat ons onderwysers nie ten volle toegerus is om die nodige akademiese inset te gee nie.

Deur middel van geteikende projekte soos PGOOO, deur middel van ons uitgebreide kringspan-ondersteuningsmodel, ons 42 nuwe skole, 1509 nuwe klaskamers, ons geoormerkte voorsiening van leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal, en uitbreiding van GOS'e en NPOD's vir ons onderwysers, werk ons baie hard daaraan om die erg skeefgetrekte onderwysvoorsiening uit te balanseer. Die groei in die VOO-kollegesektor is 'n kritieke omkeerprojek om leerderuitval te help beperk en om in skaars vaardighede te voorsien. Die uitbreiding van die BOOV-program maak ook 'n stewige bydrae om die vaardighede in die provinsie te laat groei. Die toekennings aan VKO wat geleidelik vermeerder word, is ook 'n sleutelfaktor by die belangrike kwessies van geletterdheid en gesyferdheid.

Ek wil hê hierdie Jaarlikse Prestasieplan moet 'n kragtige dokument wees wat ons kwessies en kommer eerlik en volledig stel. Ons lys programmatiese lewerbare bates dwarsoor die spektrum en ons sien uit daarna om hierdie uitdagings wat ons vir onsself stel die hoof te bied. In 'n tydperk waar ons ons skole toenemend aanspreeklik hou, moet ons vir onsself teikens stel en dan voldoen aan ons beloftes.

Ek wil hier eenvoudig herhaal wat ons elders in hierdie plan sê: In hierdie jaar is ons verbind tot die volgende:

- Bestuur en hantering van verbeterde bereiking van leeruitkomste deur die stel van teikens en aanspreeklikheid
- Verbeterde spesifieke/geteikende en strategiese ondersteuning van onderwysers om kundigheid (doeltreffendheid) en werksbevredinging (affektiewe aspekte) te ontwikkel. Dit impliseer 'n behoefte aan programme, vir verbeterde stelsels en vir beter kommunikasie.
- Vul van leemtes in provinsiale beleid en beleidsimplementering
- Gee volle uitvoering aan die beleid van die nasionale departement

Ek wil hê dat die deurlopende boodskap vir hierdie jaar aan ons skole, kolleges, ons BOOV-sentrums en aan ons ouers en belanghebbendes moet wees dat ons 'n tyd van stabiliteit binnegaan. Ons is besig om te konsoliseer en doelgerig vorentoe te beweeg. Ons weet wat die behoeftes is en ons sal alles in ons vermoë doen om leer, onderwysers en leerders te ondersteun. Ons brei ons visie uit van "'n Leertuiste vir almal" na "'n Gehalteleertuiste vir almal" en verbind ons tot diens.

Cameron Dugmore
LUR: Onderwys, Wes-Kaap

Voorwoord deur Rekenpligtige Beampte

Die Jaarlikse Prestasieplan vir die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) vir die periode 2008/09 tot 2010/11 verskaf 'n raamwerk vir aksie in ons strewe daarna om onderwys van 'n hoë gehalte vir almal in hierdie provinsie te verskaf.

Ons vertrekpunt is die Menslikekapitaal-ontwikkelingstrategie (MKOS) van die Wes-Kaap, wat 'n gedetailleerde ontleding gee van die uitdaging wat ons in die gesig staar en wat ons moet doen om ons doelwitte teen 2014 te behaal.

Die MKOS is vervleg in nasionale en provinsiale beleide en strategieë wat ontwerp is om die Suid-Afrikaanse gemeenskap te transformeer deur toegang tot gehalteonderwys te verseker en by te dra tot gedeelde groei en ontwikkeling deur ons menslike en sosiale kapitaal uit te bou. Hierdie strategieë sluit in die nasionale Versnelde Gedeelde Groei-inisiatief vir Suid-Afrika (VGGiSA) en die provinsiale iKapa Elihlumayo-strategie om die Kaap uit te bou en te deel.

Per definisie fokus die Jaarlikse Prestasieplan in die besonder op die jaar wat voorlê, met inbegrip van 'n driejaarperspektief om die periode van die mediumtermyn-uitgaweraamwerk (MTUR) ook te dek.

Die plan sluit in besonderhede van elke aspek van die onderwys en ons agt provinsiale begrotingsprogramme, strategiese doelwitte, meetbare doelwitte en prestasiemaatreëls en teikens.

Terwyl ons deeglik daarvan bewus is dat daar geen kitsoplossings is nie, glo ons onwrikbaar dat ons ons belangrikste uitdagings met groot dringendheid moet aanpak. As 'n ontwikkelende staat moet ons doelbewus ingryp om die onderwys te transformeer, en ons moet so doen met vasberadenheid. Ons het geen ander keuse nie, gegewe die uitdagings wat ons moet aanpak.

Van die belangrikste uitdagings wat vanjaar vir die WKOD voorlê, sluit in die implementering van ons herontwerp, wat goed ingeligte, goed beplande en goed ontwikkelde ondersteuning aan skole sal bied waar dit die meeste nodig is.

Terwyl ons opereer binne 'n omvattende raamwerk van beleide, strategieë en planne van aksie, doen ons dit sonder om uit die oog te verloor ons belangrikste fokus, naamlik die leerder in die klaskamer.

Alles wat ons doen, moet uiteindelik verseker dat ons leerders die kennis, vaardighede, waardes en houdings verkry wat nodig is om suksesvol te lewe en 'n suksesvolle gemeenskap te bou. Ons kan hierdie dokument sterk aanbeveel by alle geïnteresseerde partye as ons plan om hierdie doelwit te bereik.

Ronald B Swartz
Hoof van Onderwys, Wes-Kaap

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Visie

'n Leertuiste vir almal

Missie

Ons missie is om te verseker dat alle leerders die kennis, vaardighede en waardes verwerf wat hulle nodig het –

- Om hul potensiaal te verwesenlik
- Om vervullende lewens te lei
- Om tot maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling by te dra
- Om ten volle aan die lewe van die land deel te neem
- Om internasionaal mee te ding, en
- Om gemeenskappe te bou wat in staat is om hul lewens met welslae en waardigheid te behartig.

Waardes

- Die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet
- Die Batho Pele-beginsels
- Kritiese uitkomste van die Nasionale Kurrikulum
- Versekering van transformasie d.m.v. toegang, gelykheid en regstelling
- Die grondbelangrikheid van die leerder
- 'n Pro-arm benadering tot hulpbrontoewysing
- Toerekenbaarheid en deursigtigheid
- Uitnemendheid in alles wat ons doen
- Verantwoordelikheid teenoor die samelewing oor die algemeen ten einde pogings te steun om sosiale, kulturele en ekonomiese ontwikkeling te ondersteun.

In die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie (Departement van Onderwys, 2001) word tien waardes gelys wat op die waardes van die Grondwet gebaseer is, naamlik demokrasie, sosiale geregtigheid, gelykheid, nie-rassisme en nie-seksisme, *Ubuntu* (menswaardigheid), 'n oop samelewing, toerekenbaarheid, die oppergesag van die reg, respek, en versoening.

Batho Pele beteken "mense eerste". Die agt *Batho Pele*-beginsels beklemtoon die belangrikheid van oorlegpleging, goeie diensstandaarde, hoflikheid, toegang, inligting, oopheid en deursigtigheid, die hanteer van klagtes, en die gee van die beste waarde.

WES-KAAP
Onderwysdepartement
Wes-Kaapse Provinsiale Regering

Aangaande hierdie dokument

Die *Jaarlikse Prestasieplan* van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) verduidelik die Provinsiale Regering se planne vir onderwys vir die periode 2008/09 tot 2010/11, en fokus spesifiek op die gebeure gedurende die finansiële jaar beginnende 1 April 2008 en eindigende 31 Maart 2009. Hierdie dokument sluit ook baie inligting in oor die huidige situasie in die onderwys: wat die hoofuitdagings is en wat die Regering se respons daarop is.

Hierdie dokument bestaan uit twee hoofdele.

Deel A verduidelik wat die nasionale en provinsiale strategiese doelwitte en strategiese mikpunte is, en hoe dit deur die strategieë en planne van die departement ondersteun word. Suksesse en uitdagings in die provinsie word ook beskryf. Deel A verduidelik ook die pad vorentoe vir voorskoolse dienste, skole, verdere onderwys- en opleidingskolleges (VOO) en volwassene-onderwys.

Deel B verskaf meer besonderhede oor die dienste van die departement, en die sosiale en ekonomiese uitdagings. Sleutelelemente wat gebruik is om die inligting in Deel B te organiseer is:

- Provinsiale begrotingsprogramme. Daar is agt sodanige programme. Dit vorm die onderafdelings van Deel B.
- Strategiese mikpunte. Dit word in Deel A bekendgestel, maar in Deel B word dit aan individuele begrotingsprogramme gekoppel. Daar is ’n aantal strategiese mikpunte wat die strategiese rigting vir die verskillende begrotingsprogramme aandui.
- Meetbare doelwitte. Hulle is meer spesifiek as die strategiese mikpunte en word meestal aan spesifieke programme gekoppel.
- Prestasiemaatreëls. Dit val onder die meetbare doelwitte, en is spesifieke statistiek wat die Regering as belangrik beskou, byvoorbeeld die persentasie kinders van skoolgaande ouderdom en jeugdiges wat in die stelsel ingeskryf is.
- Prestasieteikens. Elke prestasiemaatreël het drie prestasieteikens, een vir elk van die volgende drie finansiële jare. Hierdie teikens, wat heelwat aandag kry in die ontleding wat in hierdie dokument voorsien word, dui aan hoe die Regering beoog om dienslewering in die komende jare te verbeter.
- Bylae A lys die 39 kernprestasiemaatreëls (KPM’s) waaroor nasionaal ooreengekom is. Vir elke prestasiemaatreël word die getal, ’n kort beskrywing en ’n lang beskrywing voorsien.

Die strategiese mikpunte, meetbare doelwitte en prestasiemaatreëls word vir die land gestandaardiseer, met ander woorde hulle is dieselfde in elke provinsie (dit is egter moontlik dat provinsiale strategiese mikpunte naas die nasionale doelwitte kan bestaan). Prestasieteikens sal dikwels van provinsie tot provinsie verskil, na gelang van die provinsie se spesifieke omstandighede.

Inhoud

Termlys....1

Akronieme....1

Deel A: Oorsig en Opdateerde Strategiese Plan

A.1 Strategiese doelwitte en mikpunte....2

A.2 Die uitdagings vir die onderwyssektor....7

A.3 Prestasies tot op hede....12

A.4 Die pad vorentoe....14

A.4.1 Voorskoolse dienste....14

A.4.2 Skole....15

A.4.3 VOO-Kolleges....18

A.4.4 Volwassene-onderwys en -opleiding....19

Deel B: Sektor-, Program- en Subprogramplanne

B.0 Die provinsiale onderwyssektor....21

B.1 Administrasie....29

B.2 Openbare gewoneskool-onderwys....37

B.3 Onafhanklike skolesubsidies....59

B.4 Openbare spesialeskool-onderwys....63

B.5 Verdere onderwys en opleiding....66

B.6 Basiese volwassene-onderwys en -opleiding....71

B.7 Vroeë kinderontwikkeling....74

B.8 Hulp- en verwante dienste....77

B.9 Kapitale investeringsplan....83

Bylaes

Deel C: Kwartaallikse en Jaarlikse Teikens....86

Bylae A: Prestasiemaatreëls....91

Skedule 1– Organogram van die Wes-Kaap Onderwysdepartement....105

Termlys

Hieronder volg die definisies wat aan bepaalde terme in hierdie dokument geheg word.

Meetbare mikpunte (MD)

Meetbare mikpunte is mikpunte waarvan die bereiking relatief maklik gemeet kan word. Hul fokus grootliks op redelik universele maatreëls t.o.v. toegang, toereikendheid, billikheid, doeltreffendheid, uitsette en gehalte. Hulle komplementeer die strategiese doelwitte. Die meeste meetbare mikpunte is aan een provinsiale begrotingsprogram gekoppel, alhoewel sommige generies kan wees aan die sektor as 'n geheel.

Prestasiemaatreël (PM)

Prestasiemaatreëls is nasionale aanduiders wat aan spesifieke statistiek gekoppel is. Hulle word gebruik om prestasie in die onderwysstelsel te meet. Elke prestasiemaatreël is gekoppel aan een meetbare mikpunt. Elke prestasiemaatreël neem die vorm aan van een provinsiale time series statistic.

Prestasieteiken (PT)

'n Prestasieteiken is een numeriese waarde vir een toekomstige tydstip ten opsigte van 'n prestasiemaatreël. Prestasieteikens gee 'n presiese aanduiding van die verbeterings wat in die onderwysstelsel beoog word.

Strategiese doelwit (SD)

Strategiese doelwitte is doelwitte wat die oorkoepelende medium- tot langtermynrigting van die pretersiêre onderwysstelsel bepaal. Hulle staan boaan die hiërargie van beplanningselemente

Strategiese mikpunte (SD)

Strategiese mikpunte is een vlak laer as die strategiese doelwitte. Hul fokus is meer spesifiek as dié van die strategiese doelwitte. Die meeste strategiese mikpunte is aan een provinsiale begrotingsprogram gekoppel, hoewel sommige generies aan die sektor as geheel kan wees.

Akronieme

BVOO	Basiese volwassene-onderwys en opleiding
VVOO	Verdere volwasseneonderwys en -opleiding
VGGI-SA	Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief
ROM	Raad van Onderwysministers
HUB	Hoof Uitvoerende Beampte
GLS	Gemeenskapsleersentrum
KOI	Kaapse Onderwysinstituut
DvO	Nasionale Departement van Onderwys
DOK	Departementele Oplleidingskomitee
VKO	Vroeëkinderontwikkeling
DB	Diensbillikheid
OVA	Onderwys vir Almal
OBOS	Onderwysbestuursontwikkelingsentrum
OBIS	Onderwysbestuur- en inligtingsstelsel
UOWP	Uitgebreide Openbare Werke-Program
OOOP	Onderwys, opleiding en ontwikkelingspraktyke
WWP	Werknemerswelsynprogram
VOO	Verdere onderwys en opleiding
VOOS	Verdere onderwys en opleidingsertifikaat
VOO-BIS	Verdere onderwys en opleiding-bestuursinligtingstelsel
VE	Voltydse ekwivalent
AOO	Algemene onderwys en opleiding
AOOS	Algemene onderwys- en opleidingsertifikaat
MKOS	Menslikekapitaal-ontwikkelingstrategie
MKPS	Menslikekapitaal-projekspan
KOH	Komitee van Onderwyshoofde
HOI	Hoëronderwysinrigting
MHO	Menslikehulpbronontwikkeling
IKT	Inligtings- en kommunikasietegnologie
GGBS	Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel
LOGIS	Logistiekinligtingstelsel
LSOB	Leerders met spesiale onderwysbehoeftes
LOOM	Leer- en onderrigsteunmateriaal
SOOO	Sektor Onderwys en Opleiding-owerheid
SBL	Skoolbeheerliggaam
SVP	Skoolverbeteringsplan
SITA	Staatsinligtingstegnologieagentskap
SBS	Skoolbestuurspan
PPBOS	Personeelprestasiebestuur en –ontwikkelingstelsel
SSE	Skoolselfevaluering
WKOD	Wes-Kaap Onderwysdepartement
HSE	Heelskoolevaluering
WVP	Werkplekvaardigheidsplan
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur
OPV	Openbare-private vennootskap
GVOOOP	Gehalteverbetering-, ontwikkeling-, steun- en opheffingsprogram
VLR	Verteenwoordigende Leerderraad
EVL	Erkenning vir Voorafleer
SAKO	Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid
SASW	Suid-Afrikaanse Skolewet
DO	Diensleweringsooreenkoms
DVP	Diensleweringsverbeteringspla

Deel A: Oorsig en Opgedateerde Strategiese Plan

Deel A van die Jaarlikse Prestasieplan verduidelik die uitdagings vir die WKOD ten opsigte van sosiale en demografiese druk, onderwys- en ander beleide, sowel as die strategieë wat in die *Vyfjaar- Strategiese en Prestasieplan 2005/06–2009/10* uiteengesit is. Dit verduidelik ook die WKOD se suksesse met die bereiking van hierdie uitdagings. Strategieë vir die toekoms, soos vervat in die *Vyfjaar- Strategiese en Prestasieplan 2005/06–2009/10* en daarna gewysig en bygevoeg, word ook verduidelik.

A. 1 Strategiese doelwitte en mikpunte

Inleiding:

Kernfunksies en verantwoordelikhede

Die kernmandaat van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is “Om gehalte-onderwys aan almal beskikbaar te stel, met die voorneme om die ekonomiese groei van ons land te ontwikkel”. Die kernfunksies is:

- Kurrikulumontwikkeling en -lewering
- Administratiewe en finansiële ondersteuningstelsels
- Ontwikkeling van inrigtings en ondersteuningstelsels, -strukture en -programme

Visie

’n Leertuiste vir almal[1]

Missie

Ons missie[2] is om te verseker dat alle leerders die kennis, vaardighede en waardes bemeester wat hulle nodig het om:

- hul volle potensiaal te kan bereik
- vervulde lewens te kan lei
- tot sosiale en ekonomiese ontwikkeling te kan bydra
- ten volle te kan deelneem aan die bedrywighede van die land
- internasionaal te kan kompeteer, en
- om gemeenskappe te kan bou waardeur hulle in staat sal wees om hul lewens suksesvol en met waardigheid te bestuur.

Belangrikste dienste

- Om algemene beplanning en bestuur van die onderwysstelsel te verskaf.
- Om openbare opvoedkundige inrigtings as ’n geheel te ondersteun.
- Om onderrig in openbare gewone skole te verskaf.
- Om onafhanklike skole te ondersteun.
- Om onderrig in openbare spesiale skole te verskaf.
- Om verdere onderwys en opleiding (VOO) by openbare VOO-kolleges te verskaf.
- Om volwassene- basiese onderwys en opleiding (BOOV) in gemeenskapsleersentrums te verskaf.
- Om vroeëkinderopvoeding (VKO) in Graad R te verskaf.
- Om menslike hulpbronontwikkeling vir opvoeders en nie-opvoeders te verskaf.
- Om ’n impak op sosiale probleme te maak deur die bewustheid van MIV/vigs uit te brei; om arm en honger leerders in die laerskool te identifiseer en met kos te voorsien sodat hulle doeltreffend in die skool kan leer en ’n veilige skoolomgewing kan bevorder.

[1] Dit is opgeneem in die iKapa Elihlumayo-visie om 'n "Tuiste vir almal" te bou en te deel
[2] Soos voorgelê in die "Menslikekapitaal-ontwikkelingstrategie" van die provinsie

A. 1. 1 Opdatering van strategiese plan

Die uitdaging vir 'n ontwikkelende land is om intervensionisties te wees. Gevolglik het die strategiese plan van die WKOD ten doel om die *status quo* te verander ten einde die gehalte van onderwys in selfs die armste gemeenskappe te verbeter. Met dit ten doel bestaan die strategie uit korttermyn- en langtermyndoelwitte.

Die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) is 'n sleutelmeganisme om die dinamiese aard van die provinsies se beleide en ons response daarop te verstaan. Die departement het vir die 2008/09-finansiële jaar die jaarlikse prestasieplan en die begroting vir 2007/08 tot 2009/10 in heroënskou geneem om te verseker dat hierdie dokumente in lyn is met die beleidsprioriteite soos uiteengesit in die provinsiale visie van die Wes-Kaap as 'n "Tuiste vir almal", die provinsie se groei- en ontwikkelingstrategie, bekend as *iKapa elihlumayo*[3], die menslike hulpbronontwikkelingstrategie (MHOS), die beleidsprioriteit van die provinsiale uitvoerende gesag, die nasionale Regering se beleidsprioriteite wat die versnelde en gedeelde groei-inisiatief (VGGI-SA) insluit, en die (nasionale) onderwyssektorprioriteite vir die Mediumtermynbestedingsraamwerke (MTBR'e) vir 2006, 2007 en 2008.

Die formaat van die JPP is generies en word voorgeskryf deur die Nasionale Tesourie en die nasionale Departement van Onderwys (DvO) vir alle provinsiale departemente van onderwys.

A. 1. 2 Beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Toegang tot gehalte-onderwys is 'n basiese menslike reg, gegrond nie net op die waardes van ons Grondwet nie, maar ook op die internasionaal aanvaarde agendas soos die Millenium Ontwikkelingsdoelwitte en UNESCO se "Leertuiste vir almal". Die Millenium Ontwikkelingsdoelwitte verbind die Regering daartoe om armoede te verlig en werkloosheid te verminder deur strategieë wat die belegging in die ontwikkeling van menslike kapitaal verhoog. Om 'n algemeen meer geletterde bevolking te ontwikkel, toepaslike vaardigheidstelsels te bou, skole as plekke van gehalte-onderwys en opleiding te skep, om leerders voortdurend te laat leer en onderwysers te laat onderrig, is die sleutelfaktore vir hierdie uitkoms om suksesvol bereik te word.

Die Jaarlikse Prestasieplan word direk beïnvloed deur prioriteite van die nasionale Onderwyssektor, soos goedgekeur deur die Raad vir Onderwysministers (ROM) soos volg:

Vir die Mediumtermynbestedingsraamwerk (MTBR) vir 2006, d. i. vir die tydperk tot 2008/09: gehalte deur herkapitalisering via die Program vir Gehalteverbetering, Ontwikkeling, Ondersteuning en Opheffing (PGOOO) vir openbare skole; toegang en gelykheid deur die implementering van die "geen-skoolgeld-skole" en die uitbreiding van Graad R om universele toegang te verseker; kurrikulumlewering met die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) in Graad 8–12, en onderwyserontwikkeling; monitering en evaluering deur die verbetering van die Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS) en verbeterde menslike hulpbronstelsels en kapasiteit.

Vir die MTBR vir 2007, d. i. vir die tydperk tot 2009/10: die inisiatiewe van die nasionale sektor teiken die verbetering van gehalte-onderwys. Hierby is ingesluit sistemiese evaluering en indiensopleiding en onderwyserontwikkelingsprogramme gemik op die verbetering en bevordering van onderriggehalte van kritieke vakke soos Wiskunde en Lewensoriëntering; Graad R en algehele skoolbestuur. 'n Massageletterdheidsprogram wat in 2007/08 deur die DvO ontwikkel en geloods sal word om die uitdagings van basiese geletterdheid wat sowel 'n mensereg as 'n bydraer tot sosiale kohesie is, aan te spreek is nog een van die inisiatiewe van die nasionale sektor. Dit sal uitgevoer word met behulp van vennootskappe met nie-Regeringsorganisasies, basiese volwassene-onderwyssentrums en vrywilligers.

Vir die MTBR vir 2008, d. i. vir die tydperk tot 2010/11: die inisiatiewe van die nasionale sektor teiken die bou en onderhouding van skole; opleiding van VKO praktisyns by VKO-terreine; inklusiewe opvoeding en spesiale skole; voortgesette uitbreiding en verbetering van die kwaliteit van Graad R; verskaffing van leerderondersteuningsmateriaal vir Graad 10 tot 12 om die nuwe kurrikulumverklaring te implementeer; uitbreiding van die Nasionale Skoolvoedingsprogram.

[3] iKapa Elihlumayo" is die Xhosa-naam vir ""n Groeiende Kaap", die Provinsiale Regering se onderliggende tema vir die 2004/05-begroting en daarna. Hierdie visie is omskep in 'n agtpuntstrategie wat die regering en sy sosiale vennote tot in 2014 sal rig.

Die belangrikste moniteringsfokus van die LUR vir Onderwys is die verbetering van geletterdheid en gesyferdheid; die herontwerp van die WKOD; suksesvolle implementering van die VOO-kurrikulum en uitbreiding van die VOO-kollegesektor; skoolveiligheid; ontwikkeling van die infrastruktuur en sosiale kapitaal. Dié fokusse, saam met die fokus op VKO, BOOV en skoolverbetering, som die spesifieke klem wat hierdie 5-jaar periode kenmerk.

Die breë beleide, prioriteite en strategiese doelwitte van die WKOD wat in die Vyfjaarplan beskryf word, word saamgevat in die Menslike Kapitaalontwikkelingstrategie (MKOS), soos bekendgestel in Maart 2006. Dit is belangrik om daarop te let dat die MKOS se funksie soos volg gedefinieer word: "Deur die konsep van holisme te bevorder sal hierdie strategiese dokument die WKOD se onderwysvisie in die 2020-dokument en sy Vyfjaar-Strategiese Plan ondersteun. Die MKOS is 'n steunpilaar van die provinsie se iKapa elihlumayo Strategie wat daarna streef om voorspoed vir almal te skep, wat nuwe hoop gee en menswaardigheid herstel en 'n "Tuiste vir almal" vir al sy inwoners skep. Met die strategie beoog die Wes-Kaap om homself te verbind daartoe om gelykheid te herstel, armoede te verlig, werksgeleenthede te skep en die mense van die Wes-Kaap te bemagtig om agente van verandering te wees. Deur die provinsiale MKOS, beoog die WKOD om 'n omgewing te skep waarbinne toegang vir almal verseker word, sodat die jeug van die provinsie die kennis, vaardighede, waardes en houdings vir langtermyngroei en volhoubare ontwikkeling ontwikkel.

Vier sleutelpilare vorm die grondslag waarop die MKOS gebou is.

1. Verbetering van onderwysomstandighede:

Sleutelprioriteite vir die departement in die periode 2008/09–2010/11 sluit in:

a) Die tweede fase van die implementering van die makrostruktuur van die herontwerpte WKOD, wat sal verseker dat die organisasie die MKOS ten beste kan implementeer en verteenwoordigend sal wees van die mense van die Wes-Kaap.
b) Die verdere ontwikkeling van sleutel- provinsiale onderwysbeleide en -strategieë soos aangedui deur 'n beleidsoudit om deur die nuutgevormde Direktoraat: Beleidskoordinering uitgevoer te word.
c) Die ontwikkeling van plaaslike onderwysvoorsieningsplanne wat beplanning en ontwikkeling op die plaaslike regeringsvlak inspireer.
d) Versekering dat die leerderopsporingstelsel operasioneel doeltreffend is en sal begin met die implementering van die Verdere Onderwys en Opleidingsbestuursinligtingstelsel (VOOBIS) in VOO-kolleges.
e) Gestelde teikens vir alle skole om skoolverbeteringsplanne (SVP's) te hê, wat sal dien as basis vir steun deur ondersteuningspersoneel op distrikvlak, en die heelskoolevalering (HSE) van minstens 30 skole per jaar.
f) Die ontwikkeling van menslike kapitaal binne die departement met 'n spesiale fokus op onderwysers (deurlopende en versnelde onderwyserontwikkeling) deur hul maksimale impak asook aanspreeklikheid ingevolge die Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel (GGBS) te verseker.
g) Die implementering van 'n loodskursus vir skoolsakebestuurders in 2008.
h) Die verbetering van alle aspekte van finansiële bestuur en rekenkundige verantwoordelikhede om uiteindelik tot 'n Vlak 4-ouditeerbare organisasie te vorder.

2. Verbetering van die onderwysomgewing:

Sleutelprioriteite vir die departement in die periode 2008/09–2010/11 sluit in:

a) Voortgesette bevordering en verbetering van veiligheid in skole met 'n fokus op verbeterde veiligheidsfasiliteite vir skole in risikogebiede om 'n veilige onderwysomgewing te verseker.
b) Die bou van sosiale kapitaal in onderwys deur middel van, onder andere, die provinsiale vereniging van verteenwoordigende leerderraad (VLR'e), die afgetrede onderwysersvereniging en 'n jaarlikse provinsiale konferensie vir alle skoolbeheerliggame (SBL's). Opleiding en steun van SBL's sal verbeter word om algehele verbeterde deelname en leierskap te verseker in antwoord op verskeie ontwikkelingsuitdagings wat skoolgemeenskappe in die gesig staar.
c) Ontwikkeling van Sorg- en Steunstrategieë vir kwesbare kinders.

3. Verbetering van onderwysgehalte:

Sleutelprioriteite vir die departement in die periode 2008/09–2010/11 sluit in:

a) Deurlopende steun vir geletterdheid en gesyferdheid in primêre skole.
b) Die implementering van die GVOOOP wat die armste primêre skole in nasionale kwintiel 1 en 2 in 2008/09 teiken om te verseker dat hierdie skole die basiese minimum fisiese, onderrig- en leer-, menslike en finansiële hulpbronne ontvang om gehalte-onderwys en -leer moontlik te maak.
c) Monitering en evaluering van spesiale skoolprojekte: Dinaledi, GVOOOP en NSLP.
d) Gebruik van 'n klassifikasiemodel om 'n basis vir alle leerinrigtings te bepaal.
e) Begin van 'n proses vir Inrigtingsevaluering vir kolleges, AOO-sentrums en VKO-leeromgewings.
f) Ontwikkeling van leweringstandaarde vir distrikte.
g) Verdere uitbreiding van Graad R met 6 000 leerders in ongeveer 200 nuwe leeromgewings, insluitend die toekenning van die verhoogde subsidies aan meer leeromgewings in arm en landelike gemeenskappe, die voorsiening van nuwe onderrig- en leerreekse wat leerders sal help om aan die vereistes van die nuwe nasionale kurrikulum te voldoen, die voorsiening van 900 beurse vir vroeë kinderontwikkeling (VKO)-opvoeders en die ontwikkeling van 'n geïntegreerde benadering tot VKO met ons susterdepartemente van maatskaplike ontwikkeling, gesondheid en plaaslike Regering.
h) Suksesvolle implementering van die NKV in Graad 12 in 2008.
i) Versterking van die Leerderprestasiestrategie (LPS) om die aantal skole met 'n slaagpersentasie van minder as 60% in die Senior Sertifikaat-eksamens te verminder.
j) Die voortgesette professionele ontwikkeling van prinsipale en onderwysers (versnelde onderwyserontwikkeling (VOO) en Nasionale Professionele Diploma in Onderwys (NPDO)) met 160 prinsipale wat ingeskryf is vir 'n tweejarige VOO en minstens 500 onderwysers wat vir ander kursusse ingeskryf is.
k) Die installering van rekenaarlaboratoriums in 'n verdere 200 skole as deel van die Khanya Tegnologie in Onderwys-projek.

4. Uitbreiding van vaardigheids- en kwalifikasiebasis deur die steun van die Mikro-ekonomiese Ontwikkelingstrategie (MEOS):

Sleutelprioriteite vir die departement in die periode 2008/09–2010/11 sluit in:

a) Die finale fase van die herkapitalisering van al 6 VOO-kolleges, met spesiale fokus op die uitbreiding van die Weskuskollege-fasiliteit, om vaardigheidsontwikkeling, in lyn met die MEOS en nasionale behoeftes soos uiteengesit deur die nasionale menslike hulpbronstrategie, te verseker.
b) Die verhoging van deelname aan Wiskunde, Natuurwetenskap en Tegnologie deur middel van deurlopende bekendstelling van fokusskole, 'n toename in die aantal Dinaledi-skole, die verbetering van slaagsyfers met matrikulasievrystelling en van die vakke Wiskunde en Wetenskap.
c) Verdere hulpbronvoorsiening aan die twee (2) nuwe vaardigheidskole (in Mitchells Plein en Gugulethu).
d) Verhoogde toegang tot BOOV deur gestruktureerde Vlak 1- en 2-kurrikulumaanbiedings in sentrums.

'n Nasionale bekommernis is die voortdurende voorsiening van nuwe onderwysers. Die 2007 Funza Lushaka Beurs-program stel beurse beskikbaar wat die volle koste dra om geskikte studente te help om 'n volledige onderwyskwalifikasie in 'n gebied met nasionale prioriteit te kry. Daar word van beurshouers verwag om in 'n provinsiale onderwysdepartement te onderrig vir die aantal jare gelyk aan die aantal jare wat hulle die voordele geniet het.

WKOD se belangrikste doelwitte vir 2008/09[4]

1. Toegang (ook toereikendheid en doeltreffendheid)

1. 1. Voorsien hoëgehalteleerprogramme (Graad R) aan alle vyfjarige kinders in die Wes-Kaap teen 2010.
1. 2. Voorsien gehalteprogramme aan Graad 1–9-leerders sodat die leerders die Algemene Onderwys- en Opleiding (AOO) -band kan verlaat met 'n hoë vlak van taal- en wiskundevaardighede wat nodig is om hul geleenthede om te werk en te leer verbeter.
1. 3. Vermeerder die aantal 15–17-jariges van die bevolking wat vir relevante programme inskryf wat lei tot werk of toegang tot hoër onderwys.
1. 4. Vermeerder die getal leerders wat toegang het tot doelgerigte volwassene- basiese onderwys- en opleidings-(BOOV) programme.

2. Regstelling en billikheid

2. 1. GVOOOP: Implementering van ondersteuning aan skole in die nasionale kwintiel 1–3 om die infrastruktuur, biblioteke, hulpbronmateriaal en kurrikulumlewering deur geteikende intervensies te verhoog.
2. 2. Fisiese veiligheidsfasiliteite/kenmerke vir skole wat in gevaar is; verskaffing van veiligheidsamptenare, GKTV in geïdentifiseerde skole; verhoging van direkte en ondersteunende betrokkenheid by skole deur lede van die Senior Bestuursdiens en die versterking van koppeling met vennote.
2. 3. Fokus- en Dinaledi-skole: uitbreiding van hierdie skole om leerders toegang te bied tot vakkeuses en geleenthede wat voorheen geweier is.

3. Doeltreffendheid

3. 1. Implementering van die mikrostruktuur van die herontwerp van die WKOD om die MKOS ten beste te implementeer en verteenwoordiging te verseker. Die herontwerp sal die Departement in staat stel om beter op die behoeftes van skole te reageer.

4. Gehalte

4. 1. Stig Heelskoolevaluering in 30 skole (deel van 'n makroproses om aanspreeklikheid, gehalte, ens. te versterk).
4. 2. Ontwikkel prinsipale en onderwysers deur hulle in te skryf vir die verdere onderwys en opleding-sertifikaat (VOOS) en die Nasionale Professionele Diploma in Opvoedings (NPDO) -programme.

5. Uitsette

5. 1. Herkapitalisering van al 6 VOO-kolleges en ondersteuning vir voortgesette uitbreiding.
5. 2. Bekendstelling van 200 rekenaarlaboratoriums met begeleidende ondersteuning.
5. 3. Verbeterde geletterdheid en gesyferdheid in primêre skole.
5. 4. Suksesvolle implementering van die NKV in Graad 12 in 2008.

Strategiese aktiveerders

Teen die agtergrond van bogenoemde, en gedryf deur toegang, herstel, billikheid, doeltreffendheid, gehalte en uitsette verbind die WKOD homself tot die volgende strategiese aktiveerders vir 2008/09:

- Vorm en bestuur verbeterde bemeestering van leeruitkomste deur teikenstelling en aanspreeklikheid.
- Verbeterde spesifieke en strategiese ondersteuning van onderwysers om sowel bekwaamheid (doeltreffendheid) en werktevredenheid (affektiewe aspekte) te ontwikkel – dit veronderstel 'n behoefte aan programme, verbeterde stelsels en beter kommunikasie.
- Vul gapings in provinsiale beleid en implementering van beleid.
- Voer die beleide van die nasionale Departement ten volle uit.

[4] Omdat die Prestasiemaatreëls verbonde aan die JPP opgestel is rondom die model van toegang, regstelling, gelykberegtiging, doeltreffendheid, gehalte en uitsette, is die WKOD se belangrikste aflewerbare oogmerke vir 2008/09 ooreenkomstig gekluster. Die gebruik van hierdie rigtinggewende uitgangspunte is deel van 'n 2008/09 besluit om die JPP te gebruik as 'n samehangende, samebindende en waardetoevoegende dokument wat daadwerklik gebruik word om strategiese bedoeling in uitsette te omskep:

Die visie brei dus uit van 'n "Leertuiste vir almal" tot 'n "Gehalte-leertuiste vir almal" en die strategiese doelwitte is uitgebreide geleenthede, verbeterde prestasie en stelselstabiliteit.

In 2008 is daar 'n nuwe uitdaging met die implementering van die wysiging van die Onderwyswet No. 31 van 2007 wat in werking getree het op 31 Desember 2007. Die inisiëring en ko-ordinering van die implementeringsplan sal fokus op vier sleutelaspekte van die wysiging van die Onderwyswet, naamlik toevallige ondersoek en beslaglegging, die toetsing vir dwelms, die funksies en verantwoordelikhede van prinsipale, die identifisering van skole wat onderpresteer, norme en standaarde van die infrastruktuur, kapasiteit van skole en leer- en onderrigmateriaal.

A. 2 Die uitdagings vir die onderwyssektor

Onderwys in die Wes-Kaap staan voor verskillende uitdagings, naamlik sosio-ekonomiese uitdagings, nasionale/provinsiale beleidsuitdagings en organisatoriese uitdagings.

A. 2. 1 Die sosio-ekonomiese uitdagings

Die bevolking van die Wes-Kaap het oor die afgelope vyf jaar skerp gestyg en groei steeds. Volgens die Algemene Huishoudelike Opname 2007, beskikbaar gestel deur Statistiek Suid-Afrika (StatsSA) op 24 Oktober 2007, is die Wes-Kaap die tuiste vir sowat 5,279 miljoen mense, wat 10,9% van Suid-Afrika se totale bevolking verteenwoordig. Die Wes-Kaap se bevolking het met 16,7% gegroei sedert Sensus 2001, wat by verre die hoogste groeikoers van al die provinsies is. Hierdie migrasiepatrone, saam met die natuurlike bevolkingsgroei, het geweldige impak op die groei van werkloosheid binne die provinsie, meestal sigbaar onder die jeug in die provinsie.

StatsSA projekteer dat interprovinsiale migrasie vanaf 2005–2015 teen 'n baie soortgelyke koers sal plaasvind as tussen 1996–2001. Netto vyfjaar-migrasieaannames (positief dui netto in-migrasie en negatief dui netto uit-migrasie aan) in provinsies vir 2006–2011 word hieronder aangetoon:

Provinsie	Toename / (afname)
Oos-Kaap	(323 622)
Vrystaat	(58 514)
Gauteng	533 410
KwaZulu-Natal	7 707
Limpopo	(252 928)
Mpumalanga	(42 190)
Noord-Kaap	(28 167)
Noordwes	(64 176)
Wes-Kaap	228 480

'n Verdere gevolg van hierdie bevolkingstoename in die Wes-Kaap is dat elke vorm van onderwys en opleiding in die provinsie in die afgelope vyf jaar 'n toename in getalle beleef het: VKO-leeromgewings, skole, VOO-kolleges en BOOV-sentrums. Die toename in leerdergetalle maak die beplanning van dienslewering, veral klaskamers en onderwysers, ontsettend kompleks.

Die data vir die Wes-Kaap se openbare gewoneskoolstelsel vanaf 1995–2008 word voorsien in Tabel 1 hieronder om die toename in leerdergetalle in die provinsie te toon en illustreer die WKOD se eerste uitdaging vir dienslewering. Terwyl sommige provinsies 'n afname in inskrywings beleef het, het die WKOD tot 2004 voortgegaan om groei te beleef. Die abnormale toename van 2003–2004 van 23 121 was hoofsaaklik die gevolg van die verslapping van die inname/toelatingsbeleid vir Graad 1-leerders wat geldig was vanaf 2000 (en ook die rede vir die afname in leerdergetalle vanaf 1999–2000). Die 2005 Jaarlikse Skoleopname het geen groei van

2004 tot 2005 getoon nie, hoofsaaklik te wyte aan hierdie abnormale toename. Die 2006-syfers is verkry van die SOBIS (Leerderopsporingstelsel) en reflekteer 'n aansienlike verlaging van 2005–2006. Die toename vanaf 2006–2007 is die gevolg van die verwagte normale groei. Die 2008-getalle spruit uit die 10de dag SNAP-opname en die afname in leerdergetalle vanaf 2007 tot 2008 is as gevolg van die 10 de dag SNAP-opname gewoonlik laer omdat die totale aantal leerders nog nie in die stelsel is nie.



Figuur 1

Bron:
1995–2005: Jaarlikse Skoleopname (openbare gewone skole)
2006: SOBIS Huidig (31 Maart 2007)
2007: SOBIS Huidig (31 Julie 2007)
2008: SOBIS Huidig (13 Februarie 2008)
Statistiek SA: Bevolking 2007 gebaseer op 2006-Algemene Huishoudelike Opname

Tabel 1: Inskrywings in openbare gewone skole 1995–2008

Jaar	Gr 1	Gr 2	Gr 3	Gr 4	Gr 5	Gr 6	Gr 7	Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11	Gr 12	Totaal
1995	99 158	84 963	80 921	79 199	76 789	72 293	68 795	67 473	61 079	50 698	41 124	34 659	817 151
1996	99 998	84 845	81 137	79 996	77 673	74 142	69 474	72 116	62 696	54 440	43 574	36 764	836 855
1997	97 854	84 892	80 608	81 191	76 894	74 368	70 967	73 261	64 892	57 070	44 586	38 940	845 523
1998	99 380	90 168	85 625	85 188	80 881	76 716	73 928	76 949	67 644	61 926	46 115	40 980	885 500
1999	87 436	92 925	88 613	88 014	83 074	78 495	74 661	79 043	69 674	63 479	49 247	40 206	894 867
2000	64 844	81 865	92 343	91 949	85 766	80 658	75 813	80 026	70 634	63 840	48 934	40 996	877 668
2001	81 790	62 960	81 832	94 302	89 254	83 305	77 778	82 190	71 966	67 034	50 206	39 910	882 527
2002	86 969	77 026	64 134	83 022	93 188	86 786	80 865	75 601	80 450	69 752	51 618	40 468	889 879
2003	86 916	82 454	75 931	66 033	82 383	92 341	84 514	81 154	73 200	81 739	51 746	39 644	898 055
2004	104 105	82 130	81 489	76 781	66 060	82 574	89 614	85 053	78 964	80 756	54 199	39 451	921 176
2005	93 515	94 231	80 695	80 809	74 984	66 141	81 953	88 778	82 169	81 577	56 657	39 303	920 812
2006	90 346	85 738	89 955	80 398	77 835	73 096	65 090	80 665	81 869	84 095	57 385	38 845	905 317
2007	92 794	82 548	83 900	89 960	78 658	78 007	72 726	66 403	80 698	86 494	61 938	41 301	915 427
2008	89 439	83 037	79 033	85 450	86 598	77 880	75 788	69 813	73 059	79 529	64 178	43 208	907 012

Bron:
1995– 2005: Jaarlikse Skoleopname (openbare gewone skole)
2006: SOBIS Huidig (31 Maart 2007)
2007: SOBIS Huidig (31 Julie 2007)
2008: SOBIS Huidig (13 Februarie 2008)

Die tweede uitdaging vir die WKOD is om die onderwysvlakke van die mense in die Wes-Kaap te verbeter. Daar was 'n mate van verbetering in die opvoedkundige profiel van die werkmag van die Wes-Kaap gedurende die laaste vyf jaar. Dit is egter moontlik dat die werkverskaffingskoers onder die jeug, spesifiek dié onder die ouderdom van 25, steeds laer as dié van die nie jeug kan wees. Dit blyk uit die werkverskaffingskoers van net 29,3 persent onder 15 tot 24 jariges (waarvan die meeste steeds vir 'n gedeelte van die jaar studeer) en 69,7 persent tussen 25 tot 34-jariges. Net so het ouer individue eerder afgetree uit aktiewe werke en daarom is die werkverskaffingskoers tussen 55 tot 65-jarige ongeveer een derde (32,8%).

Daar is 'n sterk korrelasie tussen die geletterdheidsvlakke en die werkloosheidsyfer. Hoë vlakke van ongeletterdheid kom hoofsaaklik in die landelike gebiede voor. Die ongeletterdheidsvlakke is spesifiek hoog in Sentraal Karoo (37%), Kaapse Wynlande (28%), Eden (26%), Overberg (27%) en die Weskus (29%). Sentraal Karoo het die mees ongunstige aanwysers ten opsigte van werkloosheid, ongeletterdheid en skoolinskrywingsgetalle. Volgens die Sensus in 2001 was die werkloosheidsyfer die hoogste (36%), die ongeletterdheidsyfer, met 37 persent van die bevolking wat ouer as 14 is ongeletterd, die hoogste en die inskrywingsgetal (87%) die laagste.

Die inskrywingsgetalle vir matrieks in die Wes-Kaap het met 2 078 toegeneem tot 41 922 kandidate in 2007. 471 meer kandidate het in 2007 geslaag as in 2006. Daar was egter 'n 3,1%-afname in die totale slaagpersentasie vanaf 2006 tot 2007 en 'n 2%-afname in vordering vanaf 2006 tot 2007. Die matriekslaagsyfer van die Wes-Kaap, alhoewel relatief hoër as die res van die land, het 'n geringe afname vir die periode 2004 tot 2007 ervaar.

Alhoewel die Wes-Kaap Onderwysdepartement homself in sy MKOS verbind het om die slaagsyfer van Wiskunde (HG) tot 8 000 in die kort termyn te verhoog, het die besef gegroei dat dit slegs in die medium- en langtermyn moontlik is. Die tabel hierna dui die neiging in afname aan. Die beskikbaarheid van geskikte gekwalifiseerde onderwysers en die ongunstige sosiale omstandighede werk teen die teiken wat daargestel is. Die Wiskunde-uitslae in die Wes-Kaap is die beste in die land oor dié periode, en die afname weerspieël die nasionale syfer. Nieteenstaande, as die rol van Wiskunde in die geskikte beroepe soos ingenieurswese in gedagte gehou word, is dit 'n bron van kommer. Daar sal nuwe pogings aangewend word ten opsigte van onderwysersopleiding, leierskap en bestuursopleiding en ekstra klasse vir leerders in 2008.

	Wiskunde HG			Wiskunde SG		
	2005	2006	2007	2005	2006	2007
Geskryf	4 992	5 071	5 166	17 474	18 137	19 659
Geslaag	4 321	4 137	3 990	10 556	9 826	10 346
%	86. 6	81. 6	77. 2	60. 4	54. 2	52. 6

Met 2008 as die intreejaar vir Wiskundige Geletterdheid op Graad 12-vlak is dit moontlik dat sowel die slaagsyfer as die opsie om betekenisvolle projeksies te maak 'n impak op die korttermyn kan maak.

In Wetenskap Hoër Graad (HG) was daar 'n geleidelike toename in die inskrywings vir die periode 2005 tot 2007, met 'n toename in die slaagsyfer vir HG. Die afname van die slaagsyfer vir Wetenskap Hoër Graad in 2007 verteenwoordig 'n afwyking van hierdie neiging.

	Natuurwetenskap HG			Natuurwetenskap SG		
	2005	2006	2007	2005	2006	2007
Geskryf	4 736	4 741	4 826	7 861	8 024	8 926
Geslaag	3 968	4 053	3 687	4 973	4 972	5 137
%	83. 8	85. 5	76. 4	63. 3	62	57. 6

Die geleidelike afname in die matriekslaagsyfer, saam met die dringende behoefte om vaardigheidsgroei in veral Wiskunde en Wetenskap te versnel, beklemtoon een van die uitdagings van die onderwysstelsel. Terwyl die ekonomie groei en meer vaardighede vereis, dui hierdie syfers 'n potensiële afname in die verskaffing van relatief geskoolde werkmag in die Wes-Kaap. Net so sal die afname in die slaagsyfer 'n nadelige uitwerking hê op die potensiële verskaffing van studente om Hoëronderwysinrigtings te betree.

Daar is 'n noue verband tussen onderwysvlakke en geskiktheid vir werk. Meer as 70 persent van werkloses het nie meer as Graad 11 nie. Alhoewel hierdie proporsie in 2005 effens minder was as vyf jaar gelede, het die getal werklose individue met Graad 9 tot 11-opvoeding dramaties oor die periode toegeneem, 'n statisties betekenisvolle 12,6 persent per jaar. Dieselfde groeikoers is waargeneem by die getal werklose individue met matrieksertifikate.

A. 2. 2 Die nasionale beleidsuitdagings

Die sleuteluitdaging vir die Departement is om te verseker dat die strategiese visie van die Provinsiale Groei en Ontwikkelingstrategie en die MKOS as 'n duidelike verklaring aangebied word en dan in aksie oorgaan. Die departement se strategieprioriteite, sy kernbesigheid en huidige diensleweringsplatforms moet binne die breër sosio-ekonomiese konteks gesien word en die mense wat dit bedien se behoeftes vervul. Verder, doeltreffende en betekenisvolle response op ongelykheid en lae vertrouensvlakke in die gehalte van onderwys vereis besliste aksies deur die Regering en onderwys om leerderprestasie en toegang te verbeter. Dit is krities dat 'n stewige ondersteuningsbasis vir die algemene onderwys- en opleidingsband behou word deur middel van inisiatiewe soos die "geen-skoolgeld-skool"-program, die onderwysassistent-program en die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP).

Die implementering van 'n nuwe kurrikulum sal altyd 'n uitdaging wees. Daar is genoeg internasionale navorsing om aan te dui dat die implementering van die kurrikulum van 'n aantal faktore afhang. Dit sluit in die onderwyserkwalifikasies, kapasiteit van leierskap in die skole, oueronderssteuning, en 'n onderwysgehoor wat bewus is daarvan dat hulle in voeling moet bly met die vinnige globalisering van die wêreld. Hierdie elemente moet almal aangespreek en bestuur word.

Seker uitdagings hou verband met die infasering van die NKS (in Graad 12 in 2008) met gepaardgaande kwessies soos onderwyservaardighede, onderhouding van openbare vertroue en die bestuur van die eise van die stelsel wat nie meer 'n gebruiklike onderskeiding tussen hoër en standaardgraad maak nie. Soos die bepalings vir assessering in 'n steeds groeiende stelsel verander, het onderwysers nodig om tred te hou met die veranderinge van rekordhoudingstelsels en praktyke. Befondsing vir die beoogde uitbreiding van die VOO-kolleges en om met die industrie se vereistes tred te hou, is 'n spesifieke uitdaging, veral gesien in die lig van opleidingbehoeftes van kollegepersoneel.

Kurrikulumveranderinge het die uitgawes vir die aankoop van leer- en onderrigmateriaal hoog gehou. Die onbevredigende vlakke van basiese geletterdheid en gesyferdheid het ook bygedra tot groter uitgawes op die aankoop van leesmateriaal, Wiskunde-reekse, ens. om hulpbronne op te bou. Lae vlakke van gesinsgeletterdheid/formele onderwys het ook bygedra tot die onvoldoende ondersteuning en ontwikkeling tuis (sowel gedurende voorskoolse en formele onderrig). Onervare en swak toegeruste lede van Skoolbeheerliggame bly 'n voortgesette uitdaging.

Weens die apartheid-demografie, is toegang tot skole van keuse 'n kwessie met die opkomende mobiele bevolking wat plek soek in skole buite hul residensiële areas. Die beleidskwessies van wanneer 'n skool "vol" is, saam met die beleid en befondsingkwessies rondom vervoerskemas, is die begin van hierdie uitdaging.

Die hoër getal ouers wat by die werk is, lei tot 'n betekenisvolle "sleutel"-bevolking en laat leerder "dros" om weerstand te bied teen akademiese sukses. Dit, daarenteen, saam met die ekonomiese druk om te moet begin verdien, dra by tot 'n uitvloeisyfer (leerders wat nie formele skoolopleiding voltooi nie). Beperkte vakkeuses dra steeds by tot swak toegang van leerders in agtergestelde gemeenskappe. Verskaffing van genoeg Vaardigheidskole, van gespesialiseerde onderwysklasse en van volwassene-onderwysklasse bly 'n uitdaging, asook die verskaffing van onderrig in die taal van keuse.

Die instelling van “geen-skoolgeld-skole” het ook ’n reeks uitdagings gebring: a) skole het ondersteuning nodig om te voorkom dat hulle hul fondse te gou gebruik (bestuur stelselmatig deur twee inbetaling te maak); b) daar is ’n gebrek aan inkomste uit “skoolgeld” in hierdie skole (dit sal toenemend ’n probleem raak as skole in hoër kwintiele by die program aansluit); c) skole wil hergeklassifiseer word as “laag” om geskik te wees vir ondersteuning.

A. 2. 3 Die organisatoriese uitdagings

Die WKOD as die grootste werkgewer in die Wes-Kaap Provinsiale Regering, bestaan uit die Provinsiale Ministerie van Onderwys, met die Lid van die Provinsiale Raad (LUR) verantwoordelik vir Onderwys aan die hoof, ’n provinsiale hoofkantoor, distrikskantore en onderwysinrigtings, insluitende openbare gewone en spesiale skole, VOO-kolleges, volwassene-gemeenskapsleeromgewings en VKO-leeromgewings.

WKOD-aktiwiteite – omvang en skaal

Leerders **	936 106
Openbare gewone skole *	1 452
Skole vir leerders met spesiale behoeftes #	72
Inrigtings vir verdere onderwys en opleiding (tegniese kolleges)	6 (39 leeromgewings)
Gemeenskapsleeromgewings vir volwassenes	112 (301 leeromgewings)
Gesubsidieerde preprimêre skole	446
Distrikskantore	7[5]
Opvoeders (posvoorsieningsmodel)	31 619
Openbare dienspersoneel (goedgekeurde diensstaat)	8 971

***2008: SOBIS Huidig (12 Februarie 2008) (Graad: Pre-Graad R tot post-matriek)*
** Inrigtings huidig (Alle openbare gewone skole, Graad: Pre-Graad R tot post-matriek)*
 # Bron – 2007-Kitsopname en 2006-Jaarlikse Skoleopname

Organisatoriese herontwerp

Die departement ondergaan tans ’n ingrypende organisatoriese herontwerp om te verseker dat dit die MKOS kan lewer. Die doel van die herontwerpproses is om institusionele kapasiteit te bou; dienslewering te verbeter en diensbillikheid te versnel.

Ingevolge die voorgestelde nuwe organisatoriese struktuur, sal die hoofkantoor onderverdeel word in vier vertakkinge, naamlik Strategie en Beplanning, Kurrikulumbestuur, Institusionele Ontwikkeling en Koördinering en Korporatiewe Dienste. Ten einde bestuurs- en ontwikkelingsteun nader na skole te bring, sal die huidige 7 distrikskantore 8 word en sal daar 49 Kringspanne wees. Die voorgestelde nuwe makro-organogram van die Departement word in Skedule 1 gereflekteer.

[5] Brei in 2008 uit na 8 distrikte

A. 3 Prestasies tot op hede

Die opname hieronder is nie verteenwoordigend van 'n volledige analitiese studie nie. Die analise word ingesluit onder die verskillende programme in Deel B. Die organiseerders van die MKOS is gebruik.

A. 3. 1 Omstandighede vir onderwys

a) Sigcawu Primêre Skool is in 2007 voltooi en die aflewering van die Dalubuhle Primêre Skool, wat op 15 Januarie 2007 begin is, is effens agter skedule. Konstruksie van die nuwe Wellington en Bloekombos Sekondêre Skool-geboue het vroeg in die nuwe akademiese jaar begin en vorder baie goed. Daar word verwag dat hierdie twee skole reg sal wees vir gebruik aan die begin van die 2009 akademiese jaar.
b) 'n Bestuurspan vir die GVOOOP is aangewys, en dit bevorder die koers en doeltreffendheid van die lewering van dienste en hulpbronne in skole in benadeelde areas en dra by tot die verbeterde bestuur van skole se hulpbronne.
c) Sterk skoolbestuur is krities om doeltreffende lewering van gehalte-onderwys moontlik te maak. Die MH-Direktoraat het 'n opleidingsprogram vir SBL'e. Die KOI het verskeie leierskapintervensies in plek soos die "Skoolhoof as bestuurder van die kurrikulum", "Vroue in leierskap"-kursus, 'n kursus vir aspirerende prinsipale en Skoolbestuursopleidingskursusse.
d) Die aantal skole wat Artikel 21-status (van die Suid-Afrikaans Skolewet, 1996) bekom het, het verhoog van die aanvanklike 409 (2000/01) tot 996 (2007/08). Steun met die oorblywende 456 skole sal voortgesit word om hulle aan te moedig om Artikel 21-skole te word. Voortgesette bemarking van die Artikel 21-status van skole lei tot die groei in getalle.

A3. 2 Verbetering van die onderwysomgewing

a) Die sleutelprojek in hierdie verband is die een rakende veiligheid by skole. Die geïntegreerde Veilige Skole-strategie is ontwikkel en is in finale konsepstadium. Formulering van hierdie strategie was 'n gesamentlike poging van verskillende rolspelers binne die WKOD en is versterk deur deelname, betrokkenheid en 'n verbintenis deur ander provinsiale en nasionale departemente, insluitend Gemeenskapsveiligheid, die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), Justisie, Maatskaplike Ontwikkeling.
b) Die leerdergedragstrategieprogram is in alle distrikte met personeel gekapasiteer as fasiliteerders van diversie-ontwikkelingsprogramme. Die beleid rakende minimum standaarde vir spesiale onderwysdienste aan skole vir leerders met emosionele en/of gedragsprobleme is goedgekeur, en handleidings is ontwikkel en aan skole versprei.
c) Streeks SBL-konferensies is gedurende September 2007 gehou.
d) Die MIV/vigs Portuur Opvoedkundige Program het reeds internasionale erkenning gekry. Dit word tans in 136 sekondêre skole, in meer as 200 primêre skole en nou ook in die VOO-kolleges aangebied.
e) Die Skole as Nodes van Sorg (SNVS)-program fokus op die kwesbare kinders om versorging, inklusiwiteit en ondersteunende skoolgemeenskappe te bevorder. Deur nou saam te werk met die SBL'e en gemeenskapgebaseerde organisasies, skep die program plaaslike vennootskappe of netwerk van ondersteuning – en is ten nouste verbind met die soortgelyke inisiatiewe soos Skole wat Gesondheid bevorder, Veilige Skole en Buitemuurse Opvoedingsprogram. Nodale skole huisves saamtrekke om nasionale, provinsiale en plaaslike Regeringsdienste (soos geboorte- en ID-registrasie, prosessering van sosiale toelae, vrywillige MIV- en TB-berading en -toetsing) na die skoolgemeenskap te bring.
f) Die Skoolverbeteringsplan sal sy aandag fokus op die hele opvoedkundige omgewing van die teikenskole, veral die fisiese omgewing, die veiligheid van leerders en onderwysers en basiese skool- en klaskamerfunksies.

A. 3. 3 Verbetering van die gehalte van onderwys

a) Die Direktoraat: Gehalteversekering het 'n besprekingsdokument opgestel oor die gehalte van openbare onderwys en het 'n suksesvolle konferensie oor Gehalte in Onderwys in Augustus 2007 gehou.
b) Die leerderopsporingstelsel is in werking in alle openbare gewone en spesiale skole.
c) Die WKOD het toestemming van die DvO gekry om die koppeling tussen SOBIS en Skooladministrasiestelsels te ontwikkel.

d) Die matrieks van 2007 het die land se hoogste slaagsyfer van 80,6% behaal. Die laaste volledige Senior Sertifikaat-eksamen is in 2007 geskryf en getuig van 'n beduidende toename in die getal leerders wat die eksamen geskryf het. 'n Totaal van 69 310 voltydse en deeltydse kandidate het geregistreer waarvan 33 787 geslaag het. 'n Totaal van 10 300 voltydse kandidate het matrikulasievrystelling verwerf waarvan 4 530 manlike leerders en 5 770 vroulike leerders was.

e) Die totale aantal "geen-skoolgeld"-skole in die Wes-Kaap is nou 653, wat ongeveer 346 000 leerders of 37,6 persent van alle leerders insluit.

f) 'n Progressiewe toename in die aantal onderwysposte ('n addisionele 747 vir 2008) het beduidend bygedra tot die verbetering van onderwyser-leerder-verhouding wat krities is vir die lewering van gehalte-onderwys. Aan die begin van die kalenderjaar van 2008 was daar 31 619 goedgekeurde onderwysposte.

g) Die Onderwysassistent-program (OAP) het 510 onderwysassistente in 163 skole aangestel. Hierdie onderwysassistente is deur die VOO-kolleges opgelei. Verder is assistente ook toegelaat om familiegeletterdheid in 28 skole te ondersteun (280 gesinne) en die impak daarvan moet gemoniteer word.

h) Die geletterdheidstrategie is bevorder deur die aanstelling van 'n projekleier om die proses voltyds te bedryf.

i) Die Taal Transformasie-plan (TTP), wat moedertaal gebaseerde tweetalige onderwys vir die eerste ses jaar van skool aanmoedig, is in 2007 formeel ingevoer. Alle skole is gevra om hul skool se taalbeleid op te stel wat ook planne vir die ontwikkeling van basiese kommunikatiewe vaardighede in al 3 tale van die provinsie teen die einde van Graad 9 aangedui het. Die TTP het die toekenning: PANSALB "Multitalige en Nasiebouende provinsiale regeringsdepartement van die dekade" in 2008 ontvang.

j) 5 648 Graad 10 tot 12 VOO-onderwysers is opgelei in Junie 2007, met langer opleidingsessies vir nuwer vakke, insluitende landbou, dansstudie, tegnologievakke (insluitende IKT en IT).

k) Die Khanya-projek, verantwoordelik vir die ondersteuning en verbetering van onderrig en leer in skole deur inligting en kommunikasietegnologie (IKT) te gebruik, is deurlopend as 'n vernuwende krag in skoolgebaseerde IKT en het 12 nasionale en provinsiale toekennings oor die laaste twee jaar verwerf. Tot vandag het dit 813 skole met die doeltreffende gebruik van IKT gehelp met 'n verdere 179 skole in verskillende stadiums van voorbereiding. 32 011 rekenaars word in Khanya-skole gebruik, met tegnologie wat deur 19 750 opvoedkundiges gebruik word vir kurrikulumlewering en uitbreiding van toegang na 663 852 leerders.

l) Vroeë kinderontwikkeling word gesien as een van die sleutelfaktore om geletterdheid en gesyferdheid in die provinsie te verbeter. 2 600 subsidies is verskaf as deel van die geïntegreerde VKO-strategie saam met die Departement van Gemeenskapsdiens. 200 stelle wat bestaan uit toerusting vir binnenshuise en buitenshuise leer is verskaf aan die Vlak 5-praktisyns wat in Graad R-klasse werk. 4 000 plakkate (in 3 tale) wat vroeë registrasie vir Graad R verkondig, is versprei na plekke dwarsdeur die provinsie. Teen die einde van die 2007/08 finansiële jaar sal klimrame en omheinings geïnstalleer wees by 100 hoofstroomskole wat Graad R-klasse aanbied.

m) Die Mobiele Biblioteek-projek wat onder die beskerming van EDULIS hanteer word, het 'n Bronnsster-toekenning by die *Impumelelo Innovation Awards Trust* ontvang. Met die hulp van die Japannese NRO, *Together with Africa and Asia Association (TAAA)*, is vyf mobiele biblioteekbusse uitgereik. Nog twee busse, wat tans op invoergoedkeuring wag, is aan EDULIS toegewys. Addisionele busse is vir die toekoms belowe.

n) Gedurende die 2007/08 finansiële jaar is verskeie vlakke van monitering en evaluering geïmplementeer en versterk deur die Direktoraat: Gehalteversekering. Dit sluit in: bevestiging van data wat verskaf is vir die prestasiemaatreëls vir leerdervervoerskemas, opvoederafwesigheid en leerderafwesigheid; evaluering van die opleiding van VKO-praktisyns; evaluering van sleutel MHOS-projekte soos Dinaledi en NSLP; ontwikkeling van 'n raamwerk vir klassifikasie van skole en teikenstelling.

2. Verbetering van toegang tot die wêreld van werk en skaars vaardighede

a) 53 Dinaledi-skole word deurlopend ondersteun in die lewering van kurrikulums wat sal fokus op die ontwikkeling van Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie in die provinsie. Daar was 'n 32%-toename in die aantal leerders in hierdie skole wat Wiskunde en Wetenskap as vakke neem.

b) 28 fokusskole vir Kuns en Kultuur, Sake- en Handelsbestuur; en Ingenieurswese en Tegnologie toon bestendige vordering. Fondse is gespandeer op infrastrukture, toerusting en LOOM om die fokusvakke te akkommodeer. Die VOO-kursus word deeltyds vir 20 opvoeders by die Skiereilandse Universiteit van Tegnologie aangebied. Verder word werkswinkels, konferensies en leerdersessies aangebied. In 2007 was daar 'n algehele toename van 460 in die getalle wat die Senior Sertifikaat-eksamen in die fokusleerareas geskryf het. In vergelyking met 2006, het die slaagsyfer in al die leerareas verbeter. Die persentasie slaagsyfer vir Kuns en Kultuur het toegeneem met 13% (72% tot 85%), Sake- en Handelsbestuur met 1% (87% tot 88%) en Ingenieurswese en Tegnologie met 20% (41% tot 61%).

c) Herkapitalisering van VOO-kolleges gaan voort en word gebaseer op die implementering van 11 Nasionale Sertifikaat (Beroeps) -programme. In Januarie 2007 het die kolleges 'n totaal van 3 222 studente in die 11 nuwe NKV-programme ingeskryf. 47 117 kandidate het die 2007-eksamen in N-vakke geskryf waarvan 74% geslaag het.

d) Weens die groot behoefte by leerders om by Vaardigheidskole geplaas te word, is die Mitchells Plein Vaardigheidskool in Januarie 2007 en die Siviwe Vaardigheidskool in Gugulethu in April 2007 geopen.

e) Graad 9-Lewensoriënteringopvoeders is opgelei en ondersteun met behulp van die PVOO-program. Opleiding in Loopbaanvoorligting en in die gebruik van PVOO is aan 171 onderwysers in Graad 10, 11 en 12 aangebied. Die Graad 9-opvoeders by die fokusskole is opgelei om leerders te help met vakkeuses vir Graad 10, en 'n verdere 37 Graad 7-opvoeders is opgelei om leerders te help met voorligting en aansoeke na spesifieke fokusskole.

f) 'n Totaal van 1 896 volwasse leerders het geregistreer om die AOO-eksamen in Oktober 2007 (81,8% van die volwasse leerders is jonger as 44) te skryf. Die volwasseneonderwys en -opleidingafdeling het onderrig aan 627 werknemers van 10 verskillende provinsiale departemente verskaf. Die 267 gemeenskapsleersentrums het 40 100 volwassenes die geleentheid gebied om hul skoolloopbaan te voltooi. 1 573 volwassenes het deelgeneem aan die vaardigheidsprogramme waarin daar 'n tekort is by die volwassene-leersentrums aangebied. Programme het gefokus op naaiwerk, modeontwerp, kersmakery, kuns en handwerk wat Mosaïek, kralewerk, weef en houtwerk insluit. Hierdie programme het volwassenes van baie nodige vaardighede voorsien om hulle meer geskik vir werk en/of selfwerksaam te maak.

A. 4 Die pad vorentoe

A. 4. 1 Voorskoolse dienste

Voor Graad R

VKO vir voor Graad R word tans deur die WKOD voorsien, asook deur die provinsiale departemente van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling, en plaaslike Regering, in 'n verskeidenheid leeromgewings. 'n Geïntegreerde leweringstrategie is ontwikkel. Die WKOD help met die opleiding van versorgers sowel as die ontwikkeling van die toepaslike kurrikulum. Ter ondersteuning van die UOWP en om gehalte-onderwys vir die groep van geboorte tot 4½ jaar te bied, reël die WKOD dat beurse vir versorgers/praktisyns by die toepaslike opleidingsinrigtings aangebied word.

Graad R in gemeenskapsleeromgewings

Die NKV sluit een jaar onderwys in voor toetrede tot Graad 1. Dit is Graad R, wat daarna streef om 5/6-jariges te voorsien van die nodige kennis voor-geletterdheid en gesyferdheid sowel as lewensvaardighede vir die suksesvolle hantering van die formele skool. Terwyl Graad R nie as verpligte onderwys beskou word nie, vorm dit 'n integrale deel van die Grondslagfase van die NKV. Die WKOD het ten doel om teen die jaar 2010 universele toegang tot Graad R aan alle 5/6-jariges in die Wes-Kaap te bied. Ten einde hierdie doelwit te bereik, maak die Departement voorsiening vir genoegsame fondse vir 2 000 addisionele Graad R-leerders per jaar. Ongeveer 46% van die Graad R-ouderdomsgroep sal in sodanige inrigtings geakkommodeer word. Die opleiding van opvoeders tot 'n vlak wat sal verseker dat gehalte-onderwys plaasvind, sal volgens die Leerderskap-model gedoen word. SBL'e sal ook opgelei word.

A. 4. 2 Skole

Graad R in skole

Ten einde universele toegang tot Graad R teen 2010 te bereik, sal die WKOD genoegsame fondse vir 4 000 addisionele Graad R-leerders per jaar in openbare skole beskikbaar stel. Ongeveer 54% van die Graad R-ouderdomsgroep word tans in sodanige klasse geakkommodeer. Die opleiding van opvoeders tot 'n vlak wat gehalte-onderwys sal verseker, sal volgens die Leerderskap-model gedoen word.

Doelwitte vir die sektor in 2008/09:

- 400 stelle wat bestaan uit toerusting vir binnenshuise en buitenshuise leer sal aan geselekteerde openbare primêre skole deur die Wes-Kaap uitgereik word. Elke Graad R-praktisyn by so 'n skool sal opleiding in die gebruik van die toerusting ontvang.
- 'n Oudit sal gehou word om te sien waar en hoe bronne toepaslik toegeken moet word. Die omvang van die studie is om inskrywingsgetalle, onderwyserkwalifikasies / ontwikkelingbehoeftes, registrasie van leeromgewings, toekenning van LOOM, opleiding vir bestuurskomitees by gemeenskapssites, ens. te ondersoek.
- 24 model Graad R-klasse by openbare primêre skole moet in die Wes-Kaap begin word. Elke model Graad R-klas sal binnenshuise en buitenshuise toerusting ontvang. Hierdie leeromgewings sal gebruik word om beste praktyk te demonstreer en sal gebruik word vir indiensopleiding vir alle Graad R-praktisyns en onderwysers in die Grondslagfase in hul onderskeie gemeenskappe.
- 6 000 nuwe leerders sal in Graad R-klasse ingefaseer word. Die Graad R-subsidie is verhoog tot R8 gemiddeld per kop van die begin van die jaar af. Hierdie verhoging is toegeken in al die kwintiele.
- Die 900 VKO-praktisyns wat hul leierskap voltooi, sal 'n geleentheid gegee word om na die volgende vlak voort te gaan en so hul VKO-kwalifikasies en vaardighede verbeter. Sommige praktisyns het reeds hul opleiding voltooi: 88 praktisyns het sertifikate by die Klein Karoo Hulpbronsentrum gekry.
- 'n Nuwe inname van 1 000 Vlak 1-praktisyns by dagsorgsentrums en crèches sal met hul opleiding in April/Mei 2008 begin. Die opleiding word by die VOO-kolleges en NRO in die provinsie aangebied.
- Die WKOD sal ondersoek en begin met 'n VKO-verrykingsentrum by een van die WKOD VKO-leeromgewings. Dit sal plaasvind in samewerking met 'n toepaslike VOO-kollege. Die internskapsentrum sal die indiensopleiding ondersteun.
- Alle geregistreerde gemeenskapsterreine sal toepaslike bestuursopleiding ontvang in, byvoorbeeld die rolle en funksies van kantoorgebruikers, finansiële bestuur, fondsinsameling, ens.

Graad 1-12

Data van die 2001-Sensus en die WKOD-OBIS toon dat daar baie hoë inskrywingsyfers in die ouderdomsgroep 6–15 jaar is. Hierbenewens is die ouderdom-graad-korrelasie in die Wes-Kaap hoog.

Doelwitte vir 2008/09:

a) Om onderwysers se vaardighede te verbeter en nuwes aan te leer in die nuwe inhoud en onderrigmetodologie van die Nasionale Kurrikulumverklaring.
b) Vroeë bewustheid van die Wêreldbeker in 2010 in alle grade.
c) Vestiging en vaslegging van die geletterdheid- en gesyferdheidstrategie.
d) Werkswinkels vir AOO/VOO-onderwysers om beplanning en klaskamerbestuurstrategie te versterk.
e) Integrering van IKT met die kurrikulum.
f) Professionele ontwikkeling van relevante vakkundigheid by die kurrikulumbeplanners/adviseurs om ondersteuning aan onderwysers te verskaf.
g) Opleiding van nuwe kurrikulumadviseurs en onderwysers in die NKV-inhoud.
h) Verskaffing van gesofistikeerde programme in fokusskole ondersteun deur ateljees, werkswinkels, bronnesentrums en skoolsale.
i) Aanvullende onderrig en hersieningswerkswinkels vir Graad 11- en 12-leerders, veral in skole in die Artikel 21-gebiede soos deur die Minister geïdentifiseer (STO-21).
j) Invoering van "Kunstenaars in die omgewing"-projekte in elke kunsvorm in al tien Kuns en Kultuur-fokusskole.

k) Beplanning, ondersteuning en monitering van projekte met hoër onderwysinrigtings, openbare privaat vennootskappe en NRO om onderrig en leer te ondersteun.
l) Opleiding in Loopbaanvoorligting vir Graad 10–12-onderwysers.
m) "Adviseer en verwys" sorg en ondersteun en beradingsopleiding aan onderwysers en gemeenskap gebaseerde vennote om aandag aan riskante en kwesbare leerders te gee.
n) Werkswinkels en besoeke vir assistering, leiding en ondersteuning van prinsipale in bestuur, veral in fokusskole en dié wat binne die STO-gebiede val.
o) Graad 9-oorbruggingkursusse en materiaalontwikkeling.
p) 'n Reeks minikonferensies om rolspelers byeen te bring.
q) Professionele ontwikkeling van amptenare in die integrasie van IKT in onderrig, die gebruik van rubrieks as assesseringsinstrumente, die Openbare Finansiële Bestuurswet, webontwerp, projekbestuur en afrigting.
r) Vertaling van alle Nasionale Kurrikulum-dokumente.
s) Pasaangeërs vir Graad 10–12.
t) Standaardstelling vir Graad 12 vir die eerste Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.
u) Opleiding van onderwysers in die nuwe prestasie assesseringstake (PAT's).

In 2008 sal alle Graad 12-leerders 'n eksamen skryf gebaseer op die nuwe NKS. Behoorlike voorbereidingwerk het gegaan in onderwyserontwikkeling en materiaalontwikkeling. Alle VOO-onderwysers kry opleiding in onderrig- en assesseringstrategieë. Daarby woon onderwysers kursusse by wat deur die hoëronderwysinrigtings aangebied word (HOI) en ander vakkundiges om hul vakkennis soos vereis op te dateer. Rekenaarvaardigheidprogramme word verskaf aan onderwysers wat dit nodig het vir hul onderrig.

Teikens is daargestel vir die aantal leerders wat 'n Senior Sertifikaat verwerf.
Dit is baie moontlik om die skole se slaagsyfer te verhoog deur slegs die getal leerders wat vir Graad 12 inskryf te verminder. Dit het 'n belangrike invloed op die deursitsyfer. Die WKOD het teikens gestel om die getal leerders wat die Senior Sertifikaat slaag met 1 000 per jaar van 34 000 in 2003 tot 50 000 in 2014 te verhoog.

Omdat die NKV 'n nuwe kwalifikasie vereis, gebaseer op die kurrikulum, word opleiding en ondersteuning voortdurend aan onderwysers verskaf om hul begrip van die kurrikulum en assesseringspraktyke te verbeter. Voorbeeldeksamenvraestelle in die 29 vakke vir Graad 12 sal aan alle sekondêre skole voorsien word, wat die 11 amptelike tale insluit. Hierdie vraestelle, wat 'n nasionale standaard reflekteer, kan deur opvoeders gebruik word om leerders voor te berei in terme van die tipe, formaat en ontwerp van vrae wat aanduiders van die Nasionale Kurrikulumverklarings is. Die vraestelle vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen sal deur die nasionale Departement van Onderwys voorsien word. Die WKOD het begin met 'n opleidingsprogram om te verseker dat provinsiale eksaminatore en moderatore opgelei en toegerus is om gehalte-vraestelle vir toekomstige voorbereidende eksamens op te stel.

Spesiale skole

Aandag word geskenk aan die rasionalisering van spesiale opvoedkundige dienste ten einde die behoeftes van die WKOD te akkommodeer en die optimale benutting van die beskikbare hulpbronne te verseker. Tans kan toegang tot gespesialiseerde onderwysteundienste slegs aan 70% gebied word vergeleke met die enorme behoefte. Die grootste behoefte is in die Vaardigheidskole-sektor. Die huidige voorsiening in die spesiale skoolsektor is ontoereikend vir die toenemende eise van leerders, veral in die landelike gebiede. Die gebrek aan gespesialiseerde onderwysdienste vir leerders wat ernstige emosionele, gedrags- en sielkundige leerstoornisse ervaar, verg dringende aandag van die verskillende belanghebbendes. In dié verband onderhandel die WKOD met die Departement van Gesondheid.

Kurrikulumondersteuning is as 'n sleutelarea geïdentifiseer wat behoeftes in spesiale skole versterk. Die fokus van die 07/08-program was spesifiek om alle spesiale skole te versterk om hulle in staat te stel om as hulpbronsentrums te funksioneer wat ondersteuning aan hoofstroomskole bied. Die WKOD Direktoraat: Gespesialiseerde Opvoedkundige Ondersteuning het befondsing van die Nasionale Departement van Onderwys ontvang spesifiek vir hierdie doel. Hoewel die Direktoraat: Kurrikulum kurrikulumkundigheid na die spesiale onderwysers gebring het, het die onderwysers inligting oor die tipe aanpassings wat nodig sal wees vir leerders met leerprobleme. Die werkswinkels het onderwysers van alle spesiale skole betrek gegroepeer is volgens die tipe gestremdheid/spesialisasie en band, bv. Vaardigheidskole, Jeugdagsentrums, VEG, Outisme, Eenhede,

Ander (insluitende skole vir die visueel- en gehoorgestremde, fisies gestremdhede, epilepsie, serebrale verlamheid, hospitaalskole, en spesifieke leergestremdhede) en spesiale skole wat VOO aanbied.

Doelwitte vir 2009/09:

Data wat aangeteken is in 2007/08 sal gebruik word deur die senior kurrikulumspesialiste a) vir terugvoering aan die distrikte en om die pad vorentoe vir distrikondersteuning aan skole te formuleer; b) vir die ontwikkeling van gebruikersvriendelike dokumente wat algemene vrae oor aanpassings hanteer, en wat kan bydra tot die nasionale inklusiewe onderwysveldtoets. Die fokus sal wees op monitering en evaluering van die effek van hierdie projek in die bevordering van kurrikulumtoegangklikheid vir alle leerders.

Gehalteversekering

In uitvoering van sy toesighoudende verantwoordelikhede sal die Direktoraat: Gehalteversekering in die driejaarperiode 2008/09-2010/11 verseker dat alle bestuurders begin met en implementering van monitering en evaluering ten opsigte van hul funksionele areas en programme. Dit sal ook resultaat gebaseerde verslagdoening aan die organisasie insluit – gebaseer op verklarende bewyse. Die Direktoraat: Gehalteversekering sal bevestigingsoefeninge lei ten einde gehalteverslae, -prosesse en -prosedures te verseker.

Die evaluering van geselekteerde projekte deur die Direktoraat: Gehalteversekering sal voortgesit word in die volgende drie jaar om te bepaal of die WKOD waarde vir hul geld kry en of die Sakeproses-eienaars die bekendstelling van hul projekte monitor. Drie projekte word tans op dié manier geëvalueer: Dinaledi-projek, Veilige Skole en die Nasionale Leerderprestasiestrategie.

Gedurende die MTBR-periode sal daar ’n spesiale fokus op monitering en evaluering van direktorate van die Wes-Kaap wees in terme van hul Diensleweringsverbeteringsplan en die diensstandaarde wat aan hul belangrike sleutelresultaatareas gekoppel is. Hierdie proses sal die WKOD in staat stel om verslag te doen oor die prestasie van die direktorate.

Die Departement van Onderwys (DvO) het aangedui dat die Heelskoolevaluering (HSE)- stelsel versterk en beter toegerus moet word sodat meer skole elke jaar geëvalueer kan word. Gedurende 2007 was die teiken in die Wes-Kaap 30 skole, maar die direktoraat het 49 skole geëvalueer. Die Minister van Onderwys het bepaal dat dit moontlik moet wees om elke primêre skool elke vyf jaar en elke hoërskool elke drie jaar te evalueer. Dit is slegs moontlik met deur genoegsame hulpbronne. Van die “Korrektiewe Aksie”-verslae wat die skole geëvalueer het, word vereis dat daar op ’n gereelde basis verslaggedoen word, en is dit duidelik dat HSE ’n groot impak op daardie skole gehad het. Vanaf 2008 sal elke skool in die provinsie ’n Skoolverbeteringsplan hê wat gebaseer is op die 9 fokusareas van die HSE.

’n Basies assessering van PGOOO-skole (552 skole in Nasionale kwintiel 1, 2 en 3) sal voltooi wees, sodat die projek sy hulpbronbesluite op gedetailleerde bewyse kan skoei. Verder sal die basiese evaluering van Graad 3-leerders in PGOOO-skole wat in Februarie-Maart 2008 uitgevoer word, gebruik word om die impak van die PGOOO-program te bepaal.

Die proses van evaluering van distrikskantore en VOO-kolleges, VKO en volwassene- onderwys en -opleiding sal in 2008 geïnisieer word. Die identifisering van standaarde en die ontwikkeling van instrumente vir hierdie doel sal vroeg in 2008 deur die Departement van Onderwys gefinaliseer word. Dit sal ’n klassifikasiemodel bekendstel wat ’n basis vir leerinrigtings sal verskaf en wat sal help met die opstel van teikens.

Spesiale programme in 21 geïdentifiseerde areas

Die provinsiale Regering se Sosiale Transformasie-program (STO-21) is ’n unieke inisiatief wat bedoel om ontwikkeling en sosiale kohesie deur dinamiese vennootskappe en gefokusde dienslewering aan te help. Dit het reeds begin om sy oorsprong en teenwoordigheid in te stel deur verskeie intermediêre strukture en aksieprogramme, saam met en noukeurig deur die Regering en gemeenskappe, te begin. Hierdie program, wat die regeringsdepartemente dwing om as enkeleenhede te werk, is deur President Mbeki uitgesonder as die moeite werd om na ander dele van die land uitgebrei te word.

Een en twintig (21) prioriteitsgebiede, gekenmerk deur sosiale uitsluiting, ruimtelike segregasie, misdaad en geweld en ander psigososiale patologieë wat ekonomiese ontwikkeling en sosiale verandering affekteer, word elk volgens hul unieke behoeftes, konteks, buitengewoonheid en dinamika aangespreek – deur 'n ko-operatiewe verhouding tussen die gemeenskap (georganiseer onder die vaandel van die intermediêre struktuur) in samewerking met die Regering (verteenwoordig deur 'n reeks van nasionale, provinsiale en plaaslike rolspelers).

Intervensies wat deur die Onderwys ondersteun word, sluit in:

a) Ontwikkeling/verstewiging van intermediêre strukture (soos "Trots Manenberg" en die Khayalitsha Ontwikkelingsforum) – om betrokkenheid tussen die verskeie gemeenskap gebaseerde siviele gemeenskapsorganisasies en die gesamentlike Regerings te bevorder.
b) Jaarlikse Diensleweringsaamtrekke (insluitende die vinnige opsporing van skenkings soos die dagsorgskenkings, ID-dokumente en leerderplasing).
c) Die April 2008- en Oktober 2008-Izimbizos (interaksie tussen gemeenskappe en die Minister)
d) Transversale Navorsing en Ontwikkeling (insluitende die ontwikkeling van plaaslike monitering en bestuurstelsels vir wesies, MIV/vigs- besmette en ander kwesbare leerders).
e) Transversale inligting/databestuurstelsels.
f) Ontwikkeling van skole as nodes van sorg (SNVS).
g) Spreek middelmisbruik as 'n hoë prioriteit aan.
h) Skoolveiligheid.
i) Leerderuitvloei/-terughouding.
j) Verbeterde skoolvoeding.

Die 21 fokusareas is:

Khayelitsha; Mitchells Plein; Manenberg; Philippi; Elsies River; Guguletu; Delft; Hanover Park; Kleinvlei; Bishop Lavis; Nyanga; Muizenberg; Drakenstein; Kannaland; Sentraal Karoo Matzikamma; Vredenberg/ Saldanha/Atlantis; Cederberg; Witzenberg; Theewaterskloof; Oudtshoorn

2010 Wêreldbeker

Die WKOD, in samewerking met die Departement van Kultuuraangeleenthede en Sport en die Wes-Kaap Skolevoetbalassossiasie, is deel van die gesamentlike onderneming tussen die Departement van Onderwys en Sport en Rekreasie Suid-Afrika, genoem die Suid-Afrikaanse Skolevoetbal Wêreldbeker-kompetisie. Skole sal beplande, georganiseerde en gereelde opvoedkundige uitstappies na die 2010 Wêreldbeker-terreine onderneem. Verder sal daar belangrike oefeninge en kompetisies wees oor alle vakke heen en wat hulle vir hierdie sleutelgeleentheid sal voorberei.

Die doelwitte van die Skolevoetbal Wêreldbeker-kompetisie is: om Suid-Afrikaners te mobiliseer, veral jong mense, om gasheer te wees vir en deel te neem aan die FIFA Sokker Wêreldbeker in 2010; om nasionale trots en eenheid aan te moedig, en om waardes van nie-rassisme, verdraagsaamheid en teen-xenofobie te vestig; om skoolsport kreatief te gebruik om fisiese aktiwiteite, gesonde leefstyl, verbintenis tot sosiale waardes en sosiale kohesie te bevorder, sowel as 'n waardering en respek tussen opvoeders, leerders en ouers; om hierdie inisiatief strategies te skakel met nasionale intervensies soos die MIV/vigs-bewustheidsprogram, Nasionale Misdaadbekampingstrategie, morele agteruitgang, en versekering van inrigtings se veiligheid en sekuriteit, uitsakking, onthouding van middelmisbruik, en nakoming van die gedragskode in sport; en om massadeelname van leerders rondom die legendariese temas van die 2010 FIFA Wêreldbeker in musiek, kuns en kultuuraktiwiteite en sokker aan te moedig.

A. 4. 3 VOO-kolleges

Hierdie sektor is van belang vir ontwikkelingsplanne, veral omdat dit ontwerp is om groter toegang vir studente te bied (deur sowel die ontwikkeling van toepaslike kursusse as die beskikbaarheid van finansiële steun). Die sektor het alreeds sy strategiese ontwikkelingsplanne gelewer, hul kursusaanbiedings is herstruktureer en hulle bied kursusse aan wat op die nuwe kurrikulum gebaseer is en primêr steun op die navorsing wat vir die MEOS onderneem is. Daarbenewens help die herkapitaliseringsfondse, wat deur die DvO voorsien is, om kolleges in groter mate te laat beantwoord aan die ontwikkelingsbehoeftes van die provinsie en die ekonomie. Deur noue samewerking met die SOOO's is die kolleges in staat om die beursteikens wat deur die Departement van Arbeid op nasionale vlak gestel is, te bereik. 'n Kritieke aspek van die ontwikkeling van hierdie sektor is die vestiging van 'n VOO-inligtingstelsel wat die departement in staat sal stel om die beweging en doeltreffendheid van hierdie stelsel akkuraat te monitor. Die Departement sal begin met die implementering van die Verdere Onderwys- en Opleiding-Bestuursinligtingstelsel (VOOBIS) in VOO-kolleges.

'n Bedrag van R227 miljoen in totaal word belê in die herkapitalisering van die VOO-kolleges in die periode 2006/07 tot 2008/09. Die Departement en die ses VOO-kolleges opereer op 'n strategiese beplanningsbasis. Dit word van kolleges verwag om omgewingskandering en verwante navorsing te doen oor die hulpbronontwikkelingsbehoeftes van hul bedieningsgebiede. Die Departement doen sy eie ontledings en bevraagteken die planne van die kolleges aan die hand hiervan. Kolleges is uitstekend geposisioneer (gegee hul hulpbronne) om die vaardigheidsgapings van die provinsie sowel as die strategiese nasionale prioriteite te vul.

Die herkapitaliseringsplanne van die ses kolleges word geïntegreer met die kollege se strategiese planne en ondersteun dus ten volle die program se nisareas soos deur die MEOS-proses geïdentifiseer. Op hierdie wyse word die soomlose integrasie van die doelwitte van herkapitalisering en menslike hulpbronontwikkelingsprioriteite van die Wes-Kaap bereik.

Die herkapitaliseringstoekenning fokus nie op die byvoeging van nuwe infrastruktuur nie, maar eerder op die opgradering en heruitleg van kolleges vir hul nuwe taak as VOO-kolleges. Dit gaan derhalwe essensieel oor die vervanging van oudmodiese masjinerie en toerusting. VOO-kolleges is geskep om die disfunksionele struktuur van Tegniese Kolleges wat baie was, vir baie jare ondervoorsien was en in die apartheidsera onderhewig was aan baie ongelyke investering. Daarbenewens maak hierdie investering nie voorsiening vir addisionele personeel nie – 'n kritieke tekortkoming in die huidige stelsel in die Wes-Kaap en 'n faktor wat groei ernstig belemmer. As gevolg van hierdie faktore kan geen (of weinige groei) in studentegetalle in hierdie stadium verwag word nie. Wat verwag kan word, is 'n toename in die gehalte van menslike hulpbron-ontwikkeling en 'n beter korrelasie tussen onderwys en opleiding wat aangebied word en die sosio-ekonomiese behoeftes van die provinsie.

A. 4. 4 Volwassene-onderwys en -opleiding

BOOV-lewering, insluitend kurrikulumlewering, beheer en bestuur, is in lyn met die vereistes van die provinsiale en nasionale inisiatiewe, bv. die MKOS en die Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP). Daar word voorsien dat 2 500 leerders jaarliks voordeel sal trek uit kurrikulum in BOOV Vlak 1–4 en verdere onderwys wat op vaardighede fokus, waardeur die noodsaaklikheid van lewenslange onderwys versterk sal word.

Verbrede toegang tot BOOV word verseker deur gestruktureerde Vlak 1-, 2- en 3- gemodulariseerde kurrikulumaanbiedings in sentrums en geteikende kapasiteitsbou en opleidingsintervensies vir sentrumbestuur- en beheerstrukture. Spesiale aandag sal geskenk word aan die keusevakke op BOOV Vlak 4, d. i. Aanvullende Gesondheidsorg, Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie.

Ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde opvoederkwalifikasies sal verbeter word deur beurse in samewerking met die ETDP-SETA. Die BOOV-sektor word hervorm om te verseker dat dit programme lewer wat tot voordeel sal strek van diegene wat om verskeie redes uit die onderwyssektor uitgesluit was. Die sektor en programme wat aangebied word, is gestroomlyn, terwyl Gemeenskapsleersentra (GLS'e) toegankliker gemaak word vir diegene wat van enige vorm van formele, basiese onderwys uitgesluit was.

Die retensie- en deurvoersyfer in beide basiese en verdere onderwys by volwassene- sentrums sal verbeter word deur die aanbieding van meer toepaslike programme, verbeterde bestuur en beheer en verbeterde leweringsmeganismes. Meer leerders sal gelok word deur verbeterde bemarking in gemeenskappe deur verskillende media. Dit sal die belangrikheid en voordele van volwasse leer toelig en ten doel hê om die negatiewe konnotasies en stigma verbonde aan nie-geletterd wees, afbreek.

Geakkrediteerde vaardigheidsprogramme met 'n fokus op werkplekleer, werkloses, vroue en landelike gebiede sal vanaf 2008 tot 2011 voortgaan om 'n hoeksteen te vorm vir kurrikulumlewering in BOOV-sentrums. Sodanige programme fokus op die sleutelindustrieë in die Wes-Kaap, bv. Toerisme, Konstruksie, Vervaardiging en Handel. Programme sal aangebied word in samewerking met die SETA's en die Departement van Arbeid.

Bestaande vennootskappe met 8 provinsiale departemente sal behou word terwyl nuwe vennootskappe met ander provinsiale departemente en industrie aangegaan sal word. Geteikende opleiding vir sentrumbestuur, beheerliggame en opvoeders sal geskied om te verseker dat GLS'e op die uitdagings van 'n hervormde BOOV-sektor kan reageer.

Sleuteldoelwitte vir 2008/09:

Die WKOD ondersteun en berei homself voor om die Massageletterdheidsveldtog wat deur die Kabinet goedgekeur is te implementeer. Deur die veldtog wil die Regering die kritieke uitdagings om die doelwitte soos deur Onderwys vir Almal (1990) en die Geletterdheidsdekade van die Verenigde Nasies (2003-2012) uiteengesit, aanspreek. Die plan wat aan die kabinet voorgelê is, het ten doel om 4,7 miljoen ongeletterde mense teen die einde van 2012 te bereik. Die jeug sal 'n beduidende rol in die veldtog speel, insluitende die Provinsiale Jeugkommissie, gemeenskapsgebaseerde en geloofsgebaseerde organisasies, ens. Behalwe die WKOD se verwagte betrokkenheid in hierdie veldtog, wil dit ook 'n verdere 2500 volwasse leerders in 2008 bereik, bo en behalwe die 2007-syfer.

Norme en Standaard-befondsing vir Gemeenskapleeromgewings sal aan 102 volwassene-onderwysinrigtings verskaf word. Hierdie Norme en Standaard-befondsing maak voorsiening vir 8 886 BOOV- en 18 375 VOO-leerders. Ingesluit ook 34 sentrumbestuurders en 47 terreinkoördineerders, aangestel op 'n voltydse basis. Deur hierdie voltydse kontrakposisies poog die WKOD om die suksesvolle bestuur van die OOV-sektor in die Wes-Kaap te verseker.

Deel B: Sektor-, Program- en Subprogramplanne

Deel B van hierdie Jaarlikse Prestasieplan bied planne en teikens vir die MTBR-periode 2008/09 tot 2010/11 vir die provinsiale onderwyssektor as 'n geheel in terme van individuele begrotingsprogramme en subprogramme. Sodoende bied die dokument ook 'n aansienlike mate van analise van vroeëre neigings en uitdagings, wat 'n invloed uitoefen op die planne en teikens wat hier uiteengesit word.

Afdeling B. 0 dek die provinsiale sektor as 'n geheel, Afdelings B. 1 tot B. 8 dek die ag standaard begrotingsprogramme waarin die onderwysprogramme geklassifiseer is en Afdeling B. 9 dek die kapitale beleggingsplanne.

'n Aantal statistiese tabelle en prestasiemaatreëls word deurgaans gebruik om die analise van die planne te struktureer.

- Die kern- statistiese tabelle dek beide finansiële en nie-finansiële data, en is gestandaardiseer vir die nege provinsies.
- Die prestasiemaatreëls is aanduiders met een waarde vir elke jaar, waar die waardes aandui hoe goed dienslewering in die afgelope jaar gevorder het, of hoe goed dienslewering na verwagting sal vorder in die komende jare, in ooreenstemming met die doelwitte van die Regering. Daar is 'n onderskeid tussen kern- en provinsie-spesifieke prestasiemaatreëls. Die kernprestasiemaatreëls word nasionaal bepaal en begin met die letter "PM", terwyl die provinsie-spesifieke prestasiemaatreëls deur die provinsie bygevoeg word, en begin met die letter "PPM".

Bylae A lys die 39 kernprestasiemaatreëls (PM's) waaroor nasionaal ooreengekom is. Vir elke prestasiemaatreël word die nommer, die kort beskrywing en die langer beskrywing voorsien.

B. 0 Die provinsiale onderwyssektor

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat met die provinsiale onderwyssektor verband hou, en hul prestasiemaatreëls (►):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om te verseker dat die bevolking van verpligte skoolgaande ouderdom in die provinsie skool bywoon. ▲ Om onderwys progressief beskikbaar te maak vir alle jeugdiges en volwassenes bo die verpligte skoolgaande ouderdom.	► PM001: Persentasie kinders van verpligte skoolgaande ouderdom wat skool bywoon
Billikheid	▲ Om te verseker dat die armes oor die algemeen bevoordeel word in die openbare hulpbronvoorsiening in onderwys.	► PM003: Openbare besteding op die armste leerders as 'n persentasie van openbare besteding op die mins arm leerders
Doeltreffendheid	▲ Om 'n punt te bereik waar onderwysuitkomstes maksimaal bereik word in terme van toegang en gehalte, gegee die beskikbare onderwysbegrotings.	► PM004: Jare inset per VOOS-afgestudeerde
Uitset .	▲ Om te verseker dat die uitset van afgestudeerdes van die onderwysstelsel in lyn is met ekonomiese en sosiale behoeftes.	► PM005: Gemiddelde hoogste skoolgraad bereik deur volwassenes in die bevolking
Gehalte	▲ Om 'n samelewing te bou wat geletterd is	PM006: Volwassene-geletterdheidsyfer

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Dit is in Deel A aangeteken en word nie hier herhaal nie.

Analise van vordering

Neigings

Die besteding op onderwys in die provinsie het sedert 2003/04 gestyg met gemiddeld 12,2 persent per jaar in nominale terme. Alhoewel onderwys steeds die grootste deel van die beskikbare provinsiale befondsing ontvang, het die aandeel van 37,1 persent van 2007/08 tot 36,2 persent in 2008/09 gedaal.

Die aantal en kategorie van leerders is die belangrikste kostedrywers in die toekenning van die begroting vir die onderwysdepartement. Leerders val in ses breë befondsingskategorieë: Graad R, primêre skool, sekondêre skool, leerders met spesiale onderwysbehoeftes, VOO-kollegeleerders en leerders aan volwassene-sentrums.

Behalwe in die geval van Graad R by gemeenskapsleerplekke en volwassene-leersentrums, bestaan die befondsing van die onderwysinrigtings meestal uit die toekenning van personeel en die Norme en Standaard-befondsing. Graad R by gemeenskapleerplekke en volwassene-leersentrums ontvang betalings gebaseer op norme en standaarde wat ook gebruik word vir die vergoeding van onderrig- en administratiewe personeel.

Toegang

In die afgelope vyf jaar was daar byna universele inskrywing in Graad 1 in die Wes-Kaap en universele deelname word in die primêre skool voortgesit. Met ander woorde, die oorweldigende meerderheid van Wes-Kaapse kinders tussen ouderdom 7 en 14 is in die onderwysstelsel ingeskryf op min of meer die toepaslike graadvlak. Daar is egter ’n dramatiese daling in inskrywing na Graad 8 en meer onlangs Graad 10.

Die inskrywingsgetal van Graad 12 in skole dui op ’n effense opswaai in 2008 met die grootste getal leerders ingeskryf sedert 1994 (43 208) – ’n toename van 1 907 in 2007. So ook is daar 2 270 meer leerders in Graad 11 (64 175 in vergelyking met 61 938 in 2007). Die uitdaging is om so veel as moontlik in die stelsel te behou. In die geheel is daar ’n verbetering van die ongeveer een derde leerders wat in Graad 1 ingeskryf het wat uiteindelik tot Graad 12 (in 1994) vorder tot ’n syfer van die helfte in 2008. Sodra die verwagte VOOBIS-stelsel geaktiveer is, sal daar meer betroubare data oor leerders wat verkies om aan die VOO-kollegeprogramme deel te neem. Ongemoniteerde data dui aan dat daar sekere belowende bewyse ontstaan: in 2004 was daar 4 444 kollegestudente wat hul kwalifikasies suksesvol voltooi het; die syfer vir 2007 is 22 661; studente wat by VOO-kollege met beurse ingeskryf het, het toegeneem van 648 in 2004 tot 4 525 in 2008; getalle van nuwe industrieverwanteprogramme het gegroei van 13 tot 24. Studentegetalle van dié wat kort kursusse voltooi het, het gegroei vanaf 965 tot 10 062.

Billikheid

Verreweg die grootste deel van die begroting gaan aan die primêre- en sekondêreskoolstelsel insluitend skole vir LOAB. In die skoolstelsel word personeel billik toegeken in terme van die posvoorsieningsnorme wat gegrond is op die leerdergetalle, die klassifisering van armoedestatus van gemeenskappe, en die vakke wat aangebied word. Norme en Standaard-befondsing word toegeken volgens nasionale armoedekwintiele met die armste kwintiel wat gemiddeld ses keer meer ontvang as dié wat die minste arm is.

Nie-voorwaardelike en nie-geoormerkte nie-personeeluitgawes verteenwoordig 13% van die totale besteding vir die 2008/09-finansiële jaar. Nie-personeelbesteding sluit in fondse vir Norme en Standaard-befondsing vir openbare gewone primêre en sekondêre skole, leerdervervoerskemas, infrastruktuur sowel as vir oordragbetalings aan onafhanklike skole, openbare spesiale skole, VOO-kolleges, BOOV-sentrums en VKO-skole en leerplekke.

Kapitale besteding het afgeneem van 2,7% van die besteding in 2004/05 tot 2,2% van die beraamde besteding vir 2008/09. Dit sluit hoofsaaklik voorsiening in vir infrastruktuurprojekte sowel as vir rekenaars en toerusting vir die Khanya-projek. Die afname is toe te skryf aan die befondsing vir die versnelde kapitale infrastruktuurleweringsprogram, wat in die 2005/06- en 2006/07-finansiële jare beskikbaar gemaak is uit die Batefinansieringsreserwe (BFR), wat in die komende jare beginnende 2007/08 van die departement se begroting verhaal sal word.

Program 2: Openbare gewoneskool-onderwys vorm steeds die hooffokus van die departement se befondsing. 80,6% van die begroting vir 2008/09 word aan hierdie program toegeken. Die hoofdienste onder hierdie program is primêre- en sekondêreskool-onderwys by openbare gewone skole (insluitend infrastruktuur) die distriksbestuurs- en ontwikkelingsteun aan onderwysinrigtings, menslike hulpbronontwikkeling vir inrigting-gebaseerde personeel sowel as die voorwaardelike toekenning vir die Nasionale Skoolvoedingsprogram. 56,8% van die program se begroting word toegeken aan primêre skole en 37,9% aan sekondêre skole.

Programme wat aansienlike gegroei het vanaf 2004/05 tot 2008/09 is Program 7: Vroeë kinderontwikkeling waar addisionele hulpbronne voorsien is vir die bevordering van deelname aan Graad R sowel as vir die Uitgebreide Openbarewerkeprogram vir die opleiding van VKO-praktisyns by VKO-leerplekke sowel as om hulpbronpakkette vir hierdie leerplekke te voorsien, Program 5: Verdere onderwys en opleiding, waar fondse voorsien is vir die herkapitalisering van VOO-kolleges en Program 8: Hulp- en verwante dienste waar fondse spesifiek voorsien is vir die verdere implementering van die MKOS in lyn met die provinsiale ontwikkelingstrategie, iKapa elihlumayo.

Die eerste Vyfjaar Diensbillikheidsplan van die WKOD is verleng tot 31 Desember 2007. Ten spyte van baie hindernisse, is daar bestendige vordering met die DB-plan en die verteenwoordigende DB-forum het hul toesighoudende verantwoordelikheid nagekom. Die WKOD het voldoen aan al die voorskrifte van die Wet op Diensbillikheid en het die jaarlikse DB-verslag aan die Departement van Arbeid gestuur, soos vereis word. Die WKOD het ook ’n beleidsriglyn vir DB in onderwysinrigtings uitgereik en dit het tot opmerklike vordering met veral vroueverteenwoordiging in skoolbestuurspanne gelei. Die volgende Vyfjaar DB-plan is in Januarie 2008 geïmplementeer. Die eerste rondte van afsprake oor die herontwerp het ’n aangepaste SMS-billikheidsprofiel teweeg gebring en diensbillikheidskwessies sal voortgaan om die afsprake onder die herontwerp te skaaf.

Die “geen-skoolgeld”-beleid is gedurende die loop van 2006 geïmplementeer. Aan 419 van die armste primêre skole is die “geen-skoolgeld”-status toegeken waardeur die las van skoolgeld vir ongeveer 150 000 leerders (15,1%) met ingang van 1 Mei 2006 verlig is. ’n Verdere 234 skole (primêr en sekondêr) het “geen-skoolgeld”-status ontvang met ingang van 1 Januarie 2007 wat die totale getal “geen-skoolgeld”-skole in die Wes-Kaap op 653 laat staan, en akkommodeer ongeveer 346 000 leerders of 37,6% van alle leerders.

’n Progressiewe toename in die aantal onderwysposte het beduidend bydra tot die verbetering van die onderwyser-leerderverhouding wat krities is vir die lewering van gehalte-onderwys. Aan die begin van die 2007-kalenderjaar sou daar 30 872 onderwysposte wees. Dit het ingesluit die 50 addisionele Wiskunde/Wetenskap-onderwysers wat in die Dinaledi-skole aangestel is (addisioneel tot die diensstaat), 21 addisionele onderwysers wat in die verskillende fokusskole aangestel is om te help met die ontwikkeling van die fokusskole-konsep, en 70 poste wat aan die 7 distrikte toegeken is vir ’n reeks ontwikkelingsintervensies in benadeelde skole, insluitend die verbetering van die prestasie van 34 onderpresterende hoërskole. Die Onderwysassistent-projek het ’n verdere 510 onderwysassistente in 163 skole aangestel. In 2008 is die addisionele mandjie van poste verder uitgebrei deur 747 poste, ’n toename vanaf 30 872 tot 31 619.

Doeltreffendheid

Hoewel ons data ten opsigte van PM 4 steeds nie beskikbaar is nie, sien ons ’n herhalende ratio van 7,9% in Graad 1 tot 7 en 18% in Graad 8–12. Verbeterde loopbaanvoorligting is voorsien en die effense toename in die getal inskrywings in Graad 11 en 12 (ongeveer 2000 elk in 2008) is ’n moontlike aanduider van ’n opwaartse swaai.

Uitset

Die werk in skole, VOO-kolleges en BOOV-sektore dra by om die sistemies impak van ’n reeks insette in hierdie meetbare doelwit te kenmerk. Die voortgesette uitbreiding en diversifikasie van programme wat aangebied en nagevors word, byvoorbeeld vennootskappe, word bepaal deur ’n begrip van die behoeftes van die sektor en word dikwels bestuur deur beskikbare SETA-befondsing en Leerdersubsidie-opsies. Die grootste lewering van die VOO-kollegesektor was die ontwikkeling van die infrastruktuur wat die opgradering van verskeie kampusse insluit. Die herkapitaliseringsproses skep ruimte vir moontlikhede om die aanbevelings van die Mikro-ekonomiese Ontwikkelingstrategie in aksie oor te sit. Dit was ’n fokus van die uitbreiding van die Weskus-kollegefasilieite, om vaardigheidsontwikkeling te verseker wat in lyn is met die Mikro-ekonomiese Ontwikkelingstrategie en nasionale behoeftes, soos aangedui deur die nasionale menslike hulpbronontwikkelingstrategie.

Altesaam R80 miljoen is aan die 6 VOO-kolleges toegeken vir die tweede jaar van die driejaar-herkapitaliseringsprogram. Die kolleges spandeer steeds die fondse in sewe strategiese areas, naamlik menslike hulpbronkapasiteitbou; stelsels en prosedures; opgradering van infrastruktuur; aankoop van nuwe grond/geboue; opgradering van kollege-terreine; toerusting; en kurrikulumlewering. Drie kolleges voltooi tans bouprojekte wat in die vorige finansiële jaar begin is. ’n Gemiddeld van 711 programme sal in 2008 by kolleges aangebied word: 443 is loopbaanverwante programme, 316 is beroep/ambag gebaseerd.

Gehalte

Die provinsie wag op besonderhede van die reëlings van die nasionale Massa Geletterdheidsveldtog. Intussen was daar ’n konstante voortsetting en toename in die werk in die veld van die volwassene-geletterdheid, byvoorbeeld in die “Elkeen onderrig tien”-program van die Breederivier Overberg.

Analise van beperkings en beoogde maatreëls om dit te oorkom

Die 16,7 persent toename in die bevolking van die Wes-Kaap vanaf 4 524 335 in 2001 tot 5 278 585 in 2007 soos aangedui deur die Gemeenskapsondersoek 2007, het ’n beduidende impak op die vraag na dienste gehad. Dit het ’n invloed gehad op die verskaffing van klaskamers, van LOOM, van toerusting, van onderwyspersoneel, van ondersteunende amptenare, ens. en het in die algemeen gelei tot die ontwrigting van onderwys, veral aan die begin van die akademiese jaar en in die beplanning vir en verskaffing van Graad R-akkommodasie.

Nuwe direktorate in die WKOD om aan die een kant die beplanning van die infrastruktuur, leerdervervoer en leer- en onderrigondersteuningsmateriaal en ander operasies te hanteer, behoort voordele ten opsigte van hierdie uitdaging in die medium- tot lang termyn te lewer. Hulle sal deur nuutgevormde Direktoraat: Kennisbestuur en Navorsing ingelig word soos hulle beweeg in die rigting van die plaaslike Opvoedkundige Voorsieningsplanne wat ontwikkeling is om die sektor te stabiliseer.

’n Groot proporsie van ontwikkeling hang af van samehangende en geartikuleerde inter-regeringsamewerking. Dit is ’n area waarin ons alle hulpbronne moet saamgooi (finansieel en mense) om beter resultate te kry, veral gesien in die lig dat voltooiing hiervan eers binne die vyfjaarsiklus sal plaasvind. Die provinsiale aksieprogramme om op 21 geïdentifiseerde areas (STO-21) te fokus, skoolveiligheid, die geïntegreerde middelmisbruik-programme en die geïntegreerde provinsiale MIV/vigs-stategieplan, is ’n goeie voorbeeld: om hulpbronne te mobiliseer sal motivering op die hoogste vlak verg. Die nuutgestigte Tak: Beleid en Beplanning, saam met die Direktoraat in die Kantoor van die SG (fokus op inter-regerinsverhoudings) sal help om die samewerkingsooreenkomste, dienstevlak-ooreenkomste op ’n provinsiale en plaaslike regeringsvlak vinnig te laat vorder of te finaliseer.

ST001	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTORE – Sleutelneigings						
		2005/06 Werklike	*2006/07 Werklike*	*2007/08 Beraamde*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*
INKOMSTE (R'000)							
Gelykmakende toekennings		6,292,822	6,559,897	7,520,995	8,607,711	9,676,157	10,500,288
Voorwaardelike toekennings		143,683	254,536	226,358	282,736	260,113	341,134
Skenkerfondse		0	0	0	0	0	0
Ander finansiering		0	81,633	47,000	105,000	54,000	0
Eie inkomste		12,739	24,296	28,379	24,466	23,691	22,874
TOTAAL		6,449,244	6,920,362	7,822,732	9,019,913	10,013,961	10,864,296
BETALING PER PROGRAM (R'000)							
1 Administrasie		250,870	309,789	375,230	410,189	445,617	468,865
2 Openbare gewoneskool-onderwys (sien verdere verdeling hieronder)		5,335,181	5,601,575	6,281,203	7,267,732	8,095,465	8,788,102
3 Subsidies aan onafhanklike skole		32,445	34,259	39,541	48,406	51,637	54,413
4 Openbare spesiale skool-onderwys		366,447	389,112	423,846	500,589	549,854	602,885
5 Verdere onderwys en opleiding		168,186	271,048	309,637	326,858	345,641	363,447
6 Basiese volwassene-onderwys en -opleiding		23,051	23,539	26,056	27,789	29,433	30,911
7 Vroeë kinderontwikkeling		74,477	90,195	164,804	226,792	274,011	320,922
8 Hulp- en verwante dienste		198,587	200,845	202,415	211,558	222,303	234,751
TOTAAL		6,449,244	6,920,362	7,822,732	9,019,913	10,013,961	10,864,296
BETALINGS VIR OPENBARE GEWONE SKOOL-ONDERWYS (R'000)							
2. 1 Openbare primêre skole		2,981,194	3,119,550	3,576,969	4,127,395	4,538,325	4,923,722
2. 2 Openbare sekondêre skole		2,139,444	2,245,798	2,392,337	2,751,595	3,025,551	3,282,482
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling		5,493,589	5,911,951	6,717,287	7,651,905	8,542,008	9,247,989
Kompensasie van werknemers		4,962,469	5,253,453	5,917,950	6,744,600	7,538,417	8,104,273
Opvoeders		4,332,476	4,570,494	5,144,220	5,875,780	6,568,370	7,065,443
Nie-opvoeders		629,993	682,959	773,730	868,820	970,047	1,038,830
Goedere en dienste en ander huidige betalings		531,120	658,498	799,337	907,305	1,003,591	1,143,716
Oordragte en subsidies		661,590	773,526	911,073	1,176,166	1,233,173	1,311,823
Betalings vir kapitale bates		294,065	234,885	194,372	191,842	238,780	304,484
TOTAAL		6,449,244	6,920,362	7,822,732	9,019,913	10,013,961	10,864,296

ST001	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTORE – Sleutelneigings					
	2005/06 Werklike	*2006/07 Werklike*	*2007/08 Beraamde*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*
PERSONEELVOORSIENING						
Aantal opvoeders (in openbare diens)	30 059	30 491	30 528	30 729	30 729	30 729
Aantal nie-opvoeders (in openbare diens)	8 316	7 974	8 353	8 280	8 405	8 405
INSKRYWING OP VERPLIGTE VLAK						
Leerders ouderdom 7 tot 14 in openbare gewone skole	621 250	599 112	593 960	596 000	598 000	600 000
Leerders ouderdom 7 tot 14 in openbare spesiale skole	6 490	7 413	5 866	6 687	6 800	6 900
Leerders ouderdom 7 tot 14 in onafhanklike skole	12 109	16 072	13 370	16 080	16 080	16 080
TOTAAL	639 849	622 597	613 196	618 767	620 880	622 980
INSKRYWING OP NA-VERPLIGTE VLAK						
Leerders ouderdom 15 tot 17 in openbare gewone skole	192 997	193 834	194 779	196 000	198 000	200 000
Leerders ouderdom 15 tot 17 in openbare spesiale skole	7 401	6 452	6 706	8 568	8 700	8 800
Leerders ouderdom 15 tot 17 in onafhanklike skole	4 314	4 823	3 884	4 825	4 825	4 825
Studente ouderdom 15 tot 17 in VOO-kolleges	Historiese data nie beskikbaar nie	3 593	3 593	3 593	3 593	3 593
TOTAAL	204 712	208 702	208 962	212 986	215 118	217 218
BEVOLKING						
Bevolking ouderdom 7 tot 14	679 463	690 806	704 444	717 729	730 857	743 061
Bevolking ouderdom 15 tot 17	247 265	250 644	256 755	262 603	267 905	272 675
► PRESTASIE MAATREËLS						
► PM001: Persentasie kinders van verpligte skoolgaande ouderdom wat skool bywoon	98.8%	98.4%	99.1%	99.2%	99.3%	99.4%
► PM002: Persentasie jeugdiges bokant verpligte skoolgaande ouderdom wat skole en ander onderwysinrigtings bywoon	83.5%	84.7%	82.3%	83.0%	84.0%	85.0%
► PM003: Openbare besteding op die armste leerders as 'n persentasie van openbare besteding op die mins arm leerders	104.8%	102.9%	102.9%	102.9%	102.9%	102.9%
► PM004: Jare insette per NKV-afgestudeerde	Provinsies kan nie die prestasiemaatreëls (PM) bereken nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie.					
► PM005: Gemiddelde hoogste skoolgraad bereik deur volwassenes in die bevolking	9.3	9.5	9.4	9.5	9.6	9.7
► PM006: Volwassene-geletterdheidsyfer	94.0%	95.1%	95.6%	95.7%	95.8%	95.9%

Let wel: Al die prestasiemaatreëls, behalwe vir PM003 en PM004, is gebaseer op data van die huishoudelike opname.

Let wel: Die persentasies vir PM001 en PM002 is verkry van die 2004- en 2005- Algemene Huishoudelike Opnames en kan effens verskil van inskrywing oor bevolking wat elders gereflekteer word.

Bronne: Provinsiale Begrotingsverklaring (2008) [2007/08 finansiële syfers is hersiene ramings]; Persal [2006- en 2007-werknemersyfers verwys na Julie en Februarie respektiewelik]; OBIS Openbare gewone en spesiale skool 2007 inskrywingsgetalle is werklik soos per derde kwartaal SOBIS; Onafhanklike skole is Jaarlikse Ondersoek 2007]; Bevolkingsgetalle verskaf deur DvO 2006 AHO; Die syfers van personeel in openbare diens in die tabel en ander sleutelneigingtabelle reflekteer 'n telling van unieke werknemers op Persal, ongeag indiensnemingstatus (d.i. ongeag of permanent of tydelik) op 'n bepaalde punt in die jaar.

ST002	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR – Ouderdom spesifieke inskrywingskoers (2007)						
	2. 1 Openbare primêre skole	2. 2 Openbare sekondêre skole	3 Onafhanklike skole	4 Spesiale skole	5 VOO-kolleges (koppe)	Bevolking	Ouderdom spesifieke inskrywings-koers
< Ouderdom 6	61	2	49	307			
Ouderdom 6	22 300	240	811	245		91 402	25.8
Ouderdom 7	72 301	1 251	1 910	310		90 869	83.4
Ouderdom 8	73 029	1 301	1 858	411		90 157	85.0
Ouderdom 9	71 569	1 290	1 783	560		89 266	84.2
Ouderdom 10	74 649	1 326	1 657	731		88 112	88.9
Ouderdom 11	75 433	1 393	1 671	862		87 078	91.1
Ouderdom 12	73 398	1 477	1 556	998		86 437	89.6
Ouderdom 13	73 729	2 998	1 519	1 064		86 190	92.0
Ouderdom 14	27 092	46 925	1 399	1 450		86 335	89.0
Ouderdom 15	10 571	59 977	1 321	2 381	96	85 961	86.4
Ouderdom 16	3 636	64 021	1 357	2 655	1 087	85 325	84.0
Ouderdom 17	1 327	61 899	1 206	2 176	2 410	85 468	77.9
Ouderdom 18	369	47 717	682	1 251	4 382	86 392	57.9
> Ouderdom 18	139	37 583	203	363	33 895		
TOTAAL (Ouderdom 6 tot 18)	579 403	291 815	18 730	15 094	7 975	1 138 993	79.5

Bron: Jaarlikse Skoleondersoek 2007 (Openbare gewone, spesiale & onafhanklike skole)
2006 Algemene Huishoudelike ondersoek (bevolking)

ST003	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR – Hulpbronvoorsiening beïnvloed deur die na-provinsiale norme (2008)				
Program/Doel van poste	Poste Vlak 1	Poste Vlak 2	Poste Vlak 3	Poste Vlak 4	Totaal
Poste gesny voor model in werking tree	2 561	98	66	9	2 734
Poste deur model versprei	20 599	4 358	1 416	1 547	27 920
2. Openbare gewone skool-onderwys	18 756	3 965	1 244	1 447	25 412
2. 1 Openbare primêre skole	11 261	2 328	719	1 092	15 400
Poste gekoppel aan skole	11 261	2 328	719	1 092	15 400
Poste nie gekoppel aan skole	0	0	0	0	0
2. 2 Openbare sekondêre fase	7 495	1 637	525	355	10 012
Poste gekoppel aan skole	7 495	1 637	525	355	10 012
Poste nie gekoppel aan skole	0	0	0	0	0
4. Openbare spesiale skool-onderwys	1 226	244	76	72	1 618
5. Verdere Onderwys en Opleiding	617	149	96	28*	890
TOTAAL	23 160	4 456	1 482	1 556	30 654

Notas: Poste wat gesny is voordat die model in werking tree is poste wat toegeken is aan kantore, BOOV en spesiale doelwitte byvoorbeeld armoedeherstelling, plaasvervangings, Kaapse Onderriginrigting, ens. , byvoorbeeld nie poste wat aan openbare gewone skole, openbare spesiale skole en VOO-kolleges toegeken is nie. Bogenoemde syfers sluit 818 poste uit, wat toegeken is aan bestuursposte.
Bron: Na-voorsieningsmodel 2008

ST004	PROVINSIALE ONDERWYSSEKTOR – Belegging in vaardigheidsontwikkeling van personeel (2007/08)							
	Prog 1 Admin	Prog 2 POS	Prog 3 Onafhanklik	Prog 4 Spesiaal	Prog 5 VOO	Prog 6 BOOV	Prog 7 VKO	Totaal
Uitgawes (duisend R)	20,402	35,679	-	-	-	-	-	56,081
Leerders	12 421	19 087	-	-	-	-	-	31 508
Opvoeders	7 627	17 519	-	-	-	-	-	25 146
Vaardigheidsprogramme	2 109	13 297	-	-	-	-	-	15 406
Kurrikulumverandering-opleiding	1 990	3 510	-	-	-	-	-	5 500
Ander indiensopleiding	3 528	467	-	-	-	-	-	3 995
MIV/vigs-opleiding	-	245	-	-	-	-	-	245
Nie-opvoeders	4 794	1 568	-	-	-	-	-	6 362

Let wel: Hierdie tabel reflekteer al die uitgawes van die Departement op vaardigheidsontwikkeling van departementele personeel. Dit sluit die koste van departementeel aangestelde opleiers. Dieselfde opvoeder kan tweekeer getel wees, as byvoorbeeld 'n opvoeder deur die kurrikulum en MIV/vigs-opleiding gedurende die spesifieke jaar is. Die waardes in die ry "Opvoeders" reflekteer egter nie dubbele tel van opvoeders nie. Let wel: Die koste vir menslike hulpbronontwikkeling is ingesluit in die subprogramme met dieselfde naam in elk van die relevante programme. Aangesien daar geen metode is waardeur die rekordhouding van die werklike uitgawes verwant is aan 'n spesifieke persoon, kan dit versprei word tussen die menslike hulpbronontwikkeling subprogramme, befondsing word slegs verskaf vir menslike hulpbronprogram 1: Administrasie en Program 2: Openbare gewone skole.

Bron: Interne Menslike Kapitaalontwikkeling, WKOD

B. 1 Administrasie

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat met Program 1: Administrasie verband hou, en hul prestasiemaatreëls (►):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Doeltreffendheid	▲ Om effektiewe bestuur op alle vlakke van die onderwysstel teweeg te bring. ▲ Om 'n optimale verspreiding van finansiële, fisiese en menslike hulpbronne personeelitems aangewend word regoor die stelsel te realiseer.	► PM101: Persentasie skole wat die Skooladministrasie- en Bestuurstelsel implementeer ► PM102: Persentasie skole wat deur die departement elektronies bereik kan word ► PM103: Persentasie swart vroue in senior bestuursposisies ► PM104: Persentasie huidige besteding op nie-personeel items

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Beleide

Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet op Arbeidsgelykheid, Wet op Vaardigheidsontwikkeling, Wet op Indiensneming van Opvoeders *PFMA*, Wet op die Voorkeurverkrywingsraamwerk, Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet op Diensbillikheid, Wet op Vaardigheidsontwikkeling, Wet op die Indiensneming van Opvoeders

Strategiese doelwitte en mikpunte - uittreksel uit Vyfjaarplan

Om aanspreeklikheid op alle vlakke te bevorder, in lyn met die wetgewende mandaat.
Om effektiewe bestuur op alle vlakke van die stelsel te bewerkstellig.
Om die gehalteversekeringsbestuurstrategie van die WKOD te implementeer.
Om gehalteversekeringsbestuur op alle vlakke van die organisasie te implementeer.

Prioriteite:

Sleutelprioriteite sluit in:

- Voortgesette implementering van die MKOS.
- Die tweede fase van die implementering van die makrostruktuur van die herontwerpte WKOD, wat sal verseker dat die organisasie die MKOS ten beste kan implementeer en ook verteenwoordigend kan word van die mense van die Wes-Kaap.
- Verseker dat die leerderopsporingstelsel in werking is en begin met 'n Verdere Onderwys- en Opleiding-Bestuursinligtingstelsel (VOOBIS) in VOO-kolleges.
- Bou van sosiale kapitaal binne die onderwyssektor deur middel van, onder andere, forums vir VLR'e SBL'e en afgetrede onderwysers sowel as ander koöperatiewe en vennootskapsgebaseerde inisiatiewe.
- Verbetering van alle aspekte van finansiële bestuur en rekenkundige verantwoordelikhede om uiteindelik na 'n Vlak 4-ouditeerbare organisasie te beweeg.

Analise van vordering

Daar is 'n mate van oorvleueling tussen die aanwysers in hierdie program en in Program 2. Daar is besluit om nie die besonderhede oor hoe om skoolbestuur te verbeter te herhaal nie, en daarom in hierdie analise in te sluit en nie in die analise vir Program 2 nie.

Doeltreffendheid

Kaapse Onderriginstituut

Die KOI het die jaarlikse opleidings- en ontwikkelingsprogram vir opvoeders in die Grondslagfase, Intermediêre Fase, Senior Fase sowel as die ontwikkeling van skoolbestuur en leierskap suksesvol gelewer. Assessering van die impak van opleidingsintervensies het die hoë vlak van doeltreffendheid van die intervensies in die klaskamer bevestig en ook areas vir verbetering en die behoefte aan bykomende steun geïdentifiseer. Die KOI het suksesvolle seminare en konferensies oor ’n reeks onderwerpe vir opvoeders gereël. Die KOI het in 2007 kursusse oor ’n reeks onderwerpe aangebied vir 2000 opvoeders en 750 skoolleiers. Die KOI het ook suksesvolle konferensies vir Wiskunde-onderwysers aangebied, en weens die positiewe terugvoering en voortgesette vraag, word nog konferensies in 2008 beplan.

Oor die jare heen het die KOI sy waarde as kostedoeltreffende indiensopleidingsinrigting bewys en deur toonaangewende besoeke aan ander provinsies, is dit duidelik ’n leier in die veld. Planne word beraam om die aktiwiteite uit te brei. Leierskapontwikkeling en VOO-band opleidingintervensies sal geteiken word. Alhoewel die infrastruktuur groot potensiaal verskaf, bly fisiese kapasiteit ’n uitdaging wat eerste aandag sal moet geniet.

VOO vir prinsipale

160 skoolprinsipale skryf in vir die eerste jaar van ’n VOO.

Sakebestuurskursus vir skole

Die WKOD is besig om 'n sertifikaatkursus in Sakebestuur vir skole te ontwikkel op NNR Vlak 4 om administratiewe personeel by alle skole in die Wes-Kaap met vaardighede toe te rus om skoolaktiwiteite en hulpbronne vir 'n veilige leeromgewing doeltreffend en doeltreffend te administreer en te bestuur. Dit sal prinsipale en opvoeders ook in staat stel om op onderrig en kurrikulumontwikkeling te fokus. Hierdie kursus is 'n vennootskap tussen WKOD, "Manchester University" (MMU), die Nasionale Kollege vir Skoolleierskap, die Inrigting vir Administratiewe Bestuur (IAB) en SABISA/ISASW (die Onafhanklike Skole-assosiasie van SA). Die sertifikaatprogram, aangebied deur UWK, sal voldoen aan SAKR- akkreditasiestandaarde. Hierdie kursus sal opgevolg word deur die diploma en later die graadkursus wat deur die HOI’s aangebied sal word. Die sertifikaatkursus sal deur die VOO-kolleges in die Wes-Kaap aangebied word.

Die loodsprogram vir 150 studente sal aan die een kant bestuursmoontlikhede verseker, en aan die ander kant bewaring van beduidende data waarop die toekomstige planne gebaseer word, verseker. Daar sal 'n dwarsprofiel van kandidate van alle areas sowel as die onafhanklike skoolsektor gemaak word. Daar word veronderstel dat die SAKR-registrasie in April 2008 sal plaasvind, waarna die kwalifikasie se gehalte verseker word deur die ETDP-SETA. Die begin van die loodsprogram sal in Junie 2008 plaasvind.

Leerderopsporingstelsels (SOBIS)

’n Omvattende leerderopsporingstelsel is in 2006 in alle openbare skole in die Wes-Kaap ingestel. Hierdie opsporingstelsel het die inligtingsbasis van die provinsie verbeter en gelei tot verbeterde doeltreffendheid en beplanning om te verseker dat leerders nie verlore raak uit die sosiale stelsel nie. Hierdie opsporingstelsel sal verbeter en uitgebrei word om VOO-kolleges, OOV en VKO-sektore in te sluit.

Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel

Dit sal onderhou en ontwikkel word vir aanlyn-opsporing van leerdervordering en begrip vir opvoedkundige behoeftes by openbare gewone skole, spesiale-behoefteskole, VOO-kolleges, volwassene-onderwyssentrums, vroeë kinderontwikkelingsentrums en onafhanklike skole ten einde hulpbrontoekennings soos leerdervervoer, voeding, infrastruktuur, personeelposisionering, ens. te maksimeer en doeltreffend te bestuur. SOBIS sal die integrasie van leerder- en skoolinligting waarop bestuursbesluite gebaseer kan word, toelaat. Die navorsingdienste van die Departement sal ook versterk word ten einde bewysgebaseerde navorsingsinligting te voorsien.

Meesterstelselsplan (MSP)

Die WKOD het daarin geslaag om binne die toegekende begroting 'n gesofistikeerde breë-area-netwerk te skep met rekenaars wat met die hoofkantoor, die distrikkantore en 'n paar satellietkantore gekoppel is. Die WAN-dienste is voorsien deur die Staats-IT-Agentskappe (SITA) en word bestuur deur die Hoofdirektoraat: e-innovering (in die Departement van die Minister). Hierdie netwerk van rekenaars het nie net die hoofkantoor en die distrikkantore met die staat se transversale stelsel gekoppel nie, maar ook kantooroutomasie en samewerkingstelsel moontlik gemaak.

'n Aantal gerekenariseerde stelsel, geïdentifiseer in die MSP, is ontwikkel en geïmplementeer deur of inhuise vakkundiges of eksterne diensverskaffers te gebruik. Hierdie stelsel het SOBIS ingesluit, 'n verlofbestuursstelsel as 'n aanvulling tot PERSAL, en verskeie web gebaseerde toepassings. Die SOBIS-stelsel is beplan om verslae oor leerderbywoning, onderwyserkwalifikasies en onderwyserbywoning te koppel. Dit is steeds in 'n ontwikkelingsfase.

Gedurende 2007/08 is 'n nuwe IKT Strategiese plan (MSP) ontwikkel met behulp van die Hoofdirektoraat: e-innovering. Aangesien hierdie strategiese plan oor die 2008/09 – 2010/11 MTBR-siklus van nuwe stelsels geïmplementeer word, sluit dit samewerking en kommunikasiestelsels in om die verskaffing van onderwys in die provinsie te ontwikkel, en toerusting en netwerkinfrastrukture te vervang of aan te vul.

Skole se Konnektiwiteitsprojek (Telekommunikasieprojek)

Oor die laaste 10 jaar het die WKOD 'n konnektiwiteitsprojek geïmplementeer waardeur skole voorsien is met toerusting (rekenaar en drukker) en 'n subsidie om met die Internet te verbind. Die subsidie is aan alle skole op 'n jaarlike basis betaal met ongeveer 20% van die skole wie se toerusting elke jaar vervang is. Deur die proses is 97,8% van die openbare skole in die Wes-Kaap aan die Internet gekoppel en het 'n geldige e-posadres. Ongeveer 25 skole kan nie aan die Internet gekoppel word nie (omdat hulle tans buite die bestaande telekommunikasieinfrastrukture is) en ongeveer 130 het swak konneksies. Met veranderinge aan die telekommunikasiewette, veral ten opsigte van koordlose verskaffers, sal hierdie skole met koppelingsoplossings voorsien word met die bystand van SITA en die telekommunikasieverskaffers.

'n Nasionale onderwysnetwerk (EduNet) wat deur middel van hoë bandwydte gratis konnektiwiteit aan openbare onderwysinrigtings kan lewer, word beplan as deel van die nasionale Witskrif op e-Onderwys. Oor die 2008/09-2010/11 MTBR-siklus word in die vooruitsig gestel dat, gegee voldoende befondsing, hierdie hoë-bandwydte-netwerk geïmplementeer sal word.

Kommunikasie

Doeltreffende kommunikasie speel 'n sleutelrol om te verseker dat die WKOD sy strategiese doelwitte bereik. Die Departement moet verseker dat sy kommunikasiefunksies goed gekoördineer word, doeltreffend bestuur word en aan uiteenlopende behoeftes beantwoord. Die WKOD moet sy kapasiteit om doeltreffend op alle vlakke te kommunikeer, insluitende sy kapasiteit vir korporatiewe kommunikasie, handhaaf en verbeter. Korporatiewe kommunikasiefunksies sluit in mediaskakeling, uitvoerende steun, publikasies, die WKOD-webtuiste, steun met geleentheidsbestuur, handelsmerkbestuur, advertering en kliëntediens.

Die WKOD sal alle beskikbare media gebruik om inligting te deel, begrip te bou en verhoudings binne die onderwysgemeenskap en die breë samelewing te ontwikkel. Ons sal "ons kommunikasieruimte eis" deur 'n reeks aktiwiteite, om sukses te kommunikeer, om uitdagings te bemiddel en goeie praktyk te deel.

Verskaffersketting-bestuur

Artikel 217 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) maak voorsiening daarvoor dat wanneer ’n staatsorgaan in die nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer, of enige ander instelling geïdentifiseer in die nasionale wetgewing, kontrakte vir goedere en dienste uitbring, dit so gedoen moet word dat dit billik, deursigtig, mededingend en koste-effektief is.

Die WKOD het die volgende maatreëls in plek om gereeld sy huidige Rekenkundige beamptestelsel te opdateer om dit in lyn te bring met die huidige Nasionale Tesourie-instruksies, en om te verseker dat dit in die Departement toegepas word

a) Die WKOD se Rekenkundigebeampte-stelsel word opdateer wanneer omstandighede dui op die noodsaak om sy bepalings te hersien. Dit is veral so wanneer nuwe instruksies, in die vorm van Tesourie-instruksies of Praktyknotas vir verskaffersketting-bestuur wat deur die Nasionale en Provinsiale Tesourie uitgereik word.
b) Die wysigings tot die Rekenkundigebeampte-stelsel word by die Departementele Bodkomitee vir aanbeveling ingedien voordat dit aan die Rekenkundige Beampte vir goedkeuring voorgelê word. Verskaffersketting-bestuursfunksionarisse en die Senior Bestuur word ingelig oor die wysigings om te verseker dat aan voorskrifte voldoen word.

Sosiale kapitaal

Die WKOD het alreeds ‘n reeks programme in plek wat bydra tot die ontwikkeling van sosiale kapitaal. Hoë vlakke van ervaring en kundigheid lê in mense opgesluit. Ten einde hierdie poel van kennis maksimaal te benut, word netwerke geskep om sodanige “kapitaal” te deel en te versprei. Om byvoorbeeld voordeel te trek uit sodanige rykdom van menslike ervaring, is forums vir bespreking en probleemoplossing geskep, soos die SBL’e, VLR’e en Afgetrede Onderwysers – SBL’e van regoor die spektrum van gemeenskappe en die samelewing word bymekaar gebring om geraadpleeg te word oor kwessies wat skole en gemeenskappe in die gesig staar.

Daar is verskeie programme wat gemik is op die ontwikkeling van strategiese vennootskappe op provinsiale en gemeenskapsvlak om inisiatiewe te ondersteun soos die ontwikkeling van die skool as 'n gemeenskapspil, Veilige Skole, portuuronderwys (gesonde lewenstyl, tienerswangerskappe, MIV en die voorkoming van middelmisbruik) en die bevordering van skole as spilpunte van versorging en ondersteuning.

Dit is belangrik om te onderskei tussen die formele rol van die SBL en die VRL-lede van die SBL en die ander elemente soos vrywilligheid. Dit word van die staat verwag om formele ondersteuning vir SBL'e te bied. Die WKOD het, addisioneel, ’n besluit geneem om VRL'e te bemagtig. VRL'e by skole raak betrokke by kwessies oor leierskap en bied die geleentheid om ’n impak of invloed op bestuurskwessies soos dissipline, konflikhantering en rolmodelering te hê.

Diensleweringsverbeteringsplan (DVP)

Verbeterde dienslewering is ’n belangrike organisatoriese uitdaging, veral ten opsigte van identifisering van sakeprosesse wat hernu moet word. Die WKOD het sigself gedefinieer as ’n leerorganisasie met ’n verbintenis tot uitnemende dienslewering oor die volgende tien jaar. Goeie vordering is gemaak met die ontwikkeling van ’n omvattende DVP. ’n Diensleweringshandves is ontwikkel en goedgekeur en op 17 Augustus 2007 van stapel gestuur. Monitering- en evalueringstelsels, insluitend ’n klagtemeganisme onder bestuur van die Direktoraat: Gehalteversekering, word tans vir implementering ontwikkel. Diensstandaarde is toegeken aan die herontwerpte direktorate en die nuwe direktorate se diensleweringstandaarde sal ontwikkel word.

Menslike hulpbronplan (MHP)

Die WKOD het die Menslike hulpbronraamwerk van die Departement van Openbare Dienste en Administrasie gevolg om ’n omvattende menslike hulpbronplan vir die WKOD op te stel. Die plan is aangepas en word jaarliks hersien. Die strategieë in terme van hierdie plan word op ’n maandelikse basis ontwikkel en gemonitor.

Ouditverslag

Die Ouditeur-Generaal kon nie vir die 2005/06-finansiële jaar 'n opinie uitspreek oor die finansiële state nie vanweë sekere kwessies. Die kwalifikasies was gebaseer op Staatsgebou-waarborge. Die Ouditmoniteringspan (OMS) sal voorgaan met hul mandaat om die uitkoms van die ouditverslag te hanteer.

Analise van beperkinge en beoogde maatreëls om dit te oorkom

Die integrasie van die verskillende gehalteversekerings- en aanspreeklikheidsmaatreëls wat ingevoer is, is 'n gewigtige uitdaging vir die WKOD. Dit is belangrik om te verseker dat hierdie maatreëls tot verbeterde onderrig en leer lei en nie as 'n doel op sigself beskou word nie.

Die WKOD is onderhewig aan 'n wyer verskeidenheid moniterings-, evaluerings- en aanspreeklikheidsprosesse. Dit sluit die volgende in:

- Ouditering van finansiële bestuursprosesse op 'n jaarlikse basis, deur die kantoor van die provinsiale Ouditeur-Generaal. Die departement moet verbeter op die gehalte van sy finansiële bestuur ten einde 'n ongekwalifiseerde ouditverslag te verseker.
- Verskynings by gereelde sessies met die Onderwysportefeuljekomitee en die Staande Komitee vir Openbare Rekeninge in die Provinsiale Parlement.
- Gereelde vergaderings (of inligtingsbesoeke) saam met onderwysbelanghebbendes by die LUR en die Superintendent-Generaal om inligting te deel oor die jongste ontwikkelings in onderwys, of bloot op die hoogte gebring te word van probleme wat deur opvoeders en skoolbestuurders ondervind word.
- Die WKOD is reeds onder die verpligting om 'n jaarlikse verslag van sy aktiwiteite aan die Wetgewer voor te lê. Die Jaarlikse Verslag-dokument kan deur die breë publiek bekom word en laat die onderwysgemeenskap toe om die suksesse of mislukkings van die departement in terme van sy wetgewende en beleidsmandate en sy strategiese planne te monitor.
- Deurlopende monitering en evaluering deur die gehalteversekeringsfunksie in die Departement.

'n Ondernemingsrisikobestuurseenheid sal ingestel word saam met 'n eenheid vir verdere ontwikkeling van Dienslewering (Verbetering) in die nuutgevormde Direktoraat: Sakebeplanning en Strategie wat ook ten doel het om strategiese bespreking van departementele prestasie, ontwikkeling van die Jaarlikse Prestasieplan, opstelling van verslae, ens. te verseker. Aangesien hierdie direktoraat ook verantwoordelik sal wees vir koördinering van spesiale programme (waaronder die Sosiale Kapitaal-inisiatiewe val) en werk volgens 'n protokol ten opsigte van koppeling met diensverskaffers, sien die WKOD uit na groter rigting en meer direkte handeling in die medium termyn.

Voortgesette intervensies met betrekking tot die opleiding van lede van die skoolbestuurspan (SBS) dek onder andere die volgende onderwerpe: bestuur van die kurrikulum, aanmoediging van positiewe leerdergedrag, vroue in leierskap, beleidbestuur, inklusiewe onderwys, die holistiese bestuur van MIV/VIGS en ander psigo-sosio-ontwikkelingsuitdagings wat skoolgemeenskappe in die gesig staar, en die nuutste wysigings aan wette en ondertekende resolusies.

ST101	ADMINISTRASIE – Sleutelneigings						
		2005/06 Werklike	*2006/07 Werklike*	*2007/08 Beraamde*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)							
1. 1 Kantoor van die LUR		3,151	3,445	3,541	3,805	4,046	4,260
1. 2 Korporatiewe dienste		113,275	150,717	197,421	216,897	230,849	243,440
1. 3 Onderwysbestuur		114,429	130,278	143,789	138,977	157,761	165,718
1. 4 Menslike hulpbronontwikkeling		9,309	10,307	15,352	16,201	17,008	17,815
1. 5 Onderwysbestuursinligtingstelse (OBIS)		10,706	15,042	15,127	34,309	35,953	37,632
TOTAAL		250,870	309,789	375,230	410,189	445,617	468,865
BETALING PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling		210,362	254,379	334,715	371,104	404,733	426,100
Kompensasie van werknemers		123,673	140,652	170,629	190,256	213,040	224,575
Opvoeders		25,652	29,538	35,832	39,955	44,740	47,162
Nie-opvoeders		98,021	111,114	134,797	150,301	168,300	177,413
Goedere en dienste en ander huidige		86,689	113,727	164,086	180,848	191,693	201,525
Oordragte en subsidies		27,212	44,806	34,476	32,773	34,281	35,857
Betaling vir kapitale bates		13,296	10,604	6,039	6,312	6,603	6,908
TOTAAL		250,870	309,789	375,230	410,189	445,617	468,865
PERSONEELVOORSIENING							
Aantal opvoeders (in openbare diens)		109	123	164	164	164	164
Aantal nie-opvoeders (in openbare diens)		767	736	750	800	850	850
STATISTIEK OOR ADMINISTRATIEWE STELSELS							
Aantal skole met SABS (a)		1 460	1 452	1 452	1 455	1 455	1 455
Aantal skole met e-pos		1 380	1 420	1 440	1 455	1 455	1 455
► PRESTASIEMAATREëLS							
► PM101: Persentasie skole wat die Skooladministrasie en Bestuurstelsel implementeer		100%	100%	100%	100%	100%	100%
► PM102: Persentasie skole wat elektronies gekontak kan word deur die departement		95.0%	97.8%	99.2%	100%	100%	100%
► PM103: Persentasie swart vroue in senior bestuursposisies (SBP)		8.8%	12.5%	26.9%	30.8%	30.8%	30.8%
► PM104: Persentasie huidige besteding op nie-personeel items		19.4%	21.4%	22.4%	23.6%	22.9%	23%

ST102	ADMINISTRASIE – besteding per item (2006/07) R'000								
	1 Admin	*2 POS*	*3 Onaf*	*4 Spes*	*5 VOO*	*6 BOOV*	*7 VKO*	*8 Hulp*	*Totaal*
Huidige betalings	254,379	5,067,372	-	312,419	140,010	6,163	44,411	87,197	5,911,951
Kompensasie van werknemers	140,652	4,573,712	-	307,469	139,993	5,916	44,390	41,321	5,253,453
KS-opvoeders	29,538	4,116,341	-	236,750	116,194	4,969	44,390	22,313	4,570,495
Salarisse en lone	25,994	3,581,218	-	205,973	102,251	4,820	37,732	20,974	3,978,962
Maatskaplike bydraes	3,544	535,123	-	30,777	13,943	149	6,658	1,339	591,533
Nie-opvoeders	111,114	457,371	-	70,719	23,799	947	-	19,008	682,958
Salarisse en lone	97,781	397,913	-	61,526	20,943	919		17,868	596,950
Maatskaplike bydraes	13,333	59,458	-	9,193	2,856	28	-	1,140	86,008
Goedere en dienste	112,640	493,660	-	4,950	17	247	21	45,876	657,411
Inventaris	8,229	256,513	-	33	-	9	4	7,534	272,322
Leerondersteuningsmateriaal	1,503	214,853	-	33	-	-	-	308	216,697
Skryfbehoeftes en drukwerk	6,467	2,577	-	-	-	9	4	7,194	16,251
Ander	259	39,083	-	-	-	-	-	32	39,374
Konsultante, kontrakteurs en spesiale dienste	27,253	2,868	-	8	-	3	-	9,834	39,966
Toerusting minder as R5 000	2,974	1,152	-	-	-	-	-	73	4,199
Onderhoud van geboue	19,028	90,991	-	64	17	-	-	-	110,100
Bestaande huurooreenkomste	1,928	1,591	-	-	-	-	-	7,750	11,269
Leerdervervoer		93,300	-	-	-		-	-	93,300
Ander goedere en dienste	53,228	47,245	-	4,845	-	235	17	20,685	126,255
Rente en huur op grond	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Rente	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Huur op grond	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Finansiële transaksies in bates en laste	1,087	-	-	-	-	-	-	-	1,087
Ongemagtigde besteding	-	-	-	-	-	-	-	-	-

ST102	ADMINISTRASIE – besteding per item (2006/07) (vervolg)								
	1 Admin	*2 POS*	*3 Onaf*	*4 Spes*	*5 VOO*	*6 BOOV*	*7 VKO*	*8 Hulp*	*Totaal*
Oordragte en subsidies	22,731	332,292	34,259	76,489	131,038	17,376	45,784	113,557	773,526
Munisipaliteite	86	2,925	-	190	87	3	28	11	3,330
Departementele agentskappe en rekeninge	-	-	-	-	-	-	-	3,756	3,756
Nie-wins-inrigtings	19,740	315,639	34,259	75,448	130,688	17,373	45,619	107,862	746,628
Artikel 21-skole	-	181,516	-	-	-	83	-	-	181,599
LOOM		159,592	-	-	-	83	-	-	159,675
Nutsartikels		15,028	-	-	-	-	-	-	15,028
Onderhoud		6,896	-	-	-	-	-	-	6,896
Diens gelewer		-	-	-	-	-	-	-	-
Ander onderwysinrigtings	19,740	134,123	34,259	75,448	130,688	17,290	45,619	107,862	565,029
Huishoudings	2,905	13,728	-	851	263	-	137	1,928	19,812
Betalings vir kapitale bates	10,604	223,986	-	204	-	-	-	91	234,885
Geboue en ander vaste strukture	-	220,853	-	25	-	-	-	-	220,878
Geboue	-	220,853	-	25	-	-	-	-	220,878
Hostelle	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Nuwe skole	-	155,445	-	25	-	-	-	-	155,470
Addisionele klaskamers	-	36,928	-	-	-	-	-	-	36,928
Ander byvoegings	-	28,480	-	-	-	-	-	-	28,480
Ander	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Ander vaste strukture	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Masjinerie en toerusting	10,588	3,120	-	179	-	-	-	91	13,978
Vervoertoerusting	-	624	-	179	-	-	-	-	803
Ander masjinerie en toerusting	10,588	2,496	-	-	-	-	-	91	13,175
Programmatuur en ander nie-tasbare bates	16	13	-	-	-	-	-	-	29
GROOTTOTAAL	287,714	5,623,650	34,259	389,112	271,048	23,539	90,195	200,845	6,920,362

B. 2 Openbare gewone skool-onderwys

Die volgende is die meetbare doelwitte (▲) wat met Program 2 verband hou, en hul prestasiemaatreëls (►):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om toegang in die openbare gewoneskoolstelsel te verleen ingevolge beleid.	► PM201: Persentasie leerders wat deur die voedingsprogram gedek word ► PM202: Persentasie leerders met spesiale behoeftes in openbare gewone skole
Toereikendheid	▲ Om die basiese infrastruktuur vir openbare gewoneskool-onderwys daar te stel ingevolge beleid. ▲ Om toereikende menslike hulpbronne in openbare gewone skole te voorsien. ▲ Om toereikende leerderonderwyser-ondersteuningsmateriaal (LOOM) aan openbare gewone skole te voorsien.	► PM203: Persentasie openbare gewone skole met watervoorsiening ► PM204: Persentasie openbare gewone skole met elektrisiteit ► PM205: Persentasie skole met 'n toereikende aantal funksionele toilette ► PM206: Besteding op persentasie van die waarde van die skoolinfrastruktuur ► PM207: Persentasie skole met meer as 40 leerders per klas ► PM208: Persentasie nie-Artikel 21-skole met alle LOOM en ander vereiste materiaal gelewer op dag een van die skooljaar
Doeltreffendheid	▲ Om doeltreffende en bevoegde selfbestuur in openbare gewone skole te bewerkstellig. ▲ Om 'n kultuur van effektiewe leer en onderrig in openbare gewone skole te kweek.	► PM209: Persentasie skole met Artikel 21-status ► PM210: Persentasie werkdae verloor weens opvoederafwesigheid in openbare gewone skole ► PM211: Persentasie leerderdae verloor weens leerderafwesigheid in openbare gewone skole

Die volgende is van toepassing op subprogram 2. 1, openbare primêre skole:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Billikheid	▲ Om die gaping tussen die onderwysuitkomstes van die histories bevoordeeldes en benadeeldes in openbare gewone skole uit te wis.	► PM212: Die prestasieverhouding van die mins bevoordeelde skole tot die mees bevoordeelde skole met betrekking tot Graad 3
Doeltreffendheid	▲ Om te verseker dat die progressie van leerders deur openbare gewone skole optimaal is.	► PM213: Herhaalsyfer in Graad 1 tot 7
Gehalte	▲ Om die hoogs moontlike onderwysuitkomstes onder leerders in openbare gewone skole te bereik.	► PM214: Persentasie leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomstes in gesyferdheid en geletterdheid bereik ► PM215: Persentasie leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomstes in wiskunde, geletterdheid en natuur- en skeikunde bereik

Die volgende is van toepassing op subprogram 2. 2, openbare sekondêre skole:

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Billikheid	▲ Om die deelname van histories gemarginaliseerde groepe leerders in openbare sekondêre skole te bevorder. ▲ Om die gaping tussen opvoedkundige uitkomstes van die histories bevoordeeldes en benadeeldes in openbare sekondêre skole uit te wis.	► PM216: Persentasie meisieleerders wat wiskunde en wetenskap in Graad 10 – 12 aanbied ► PM217: Die prestasieverhouding van die mins bevoordeelde skole tot die mees bevoordeelde skole met betrekking tot die Graad 12-slaagsyfer
Doeltreffendheid	▲ Om te verseker dat die progressie van leerders deur openbare sekondêre skole optimaal is.	► PM218: Herhaalsyfer in Graad 8–12
Uitset	▲ Om te verseker dat 'n toereikende proporsie van die bevolking Graad 12 bereik, veral met betrekking tot sukses in wiskunde en wetenskap.	► PM219: Slaagsyfer in Graad 12-eksamen ► PM220: Slaagsyfer in Graad 12 in wiskunde- en wetenskapeksamen ► PPM201: Matrikulasievrystellingsyfer in Graad 12-eksamen ► PPM202: Slaagsyfer in Graad 12 vir wiskunde en wetenskap ► PPM203: Aantal skole wat minder as 60% in Graad 12 behaal
Gehalte	▲ Om die hoogs moontlike onderwysuitkomstes onder leerders in openbare sekondêre skole te bereik.	► PM221: Persentasie leerders in Graad 9 wat aanvaarbare onderwysuitkomstes in alle leerareas behaal

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Beleide

Suid-Afrikaanse Skolewet, Post-voorsieningsnorme, Nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing (Skoobefondsingsnorme) Hersiene Kurrikulumverklarings, 1998 Toelatingsbeleid

Strategiese doelwitte en mikpunte:

Om toegang tot gehalte-onderwys vir alle kinders wat in die provinsie woon te verseker.
Om doeltreffende e-Leer in skole te verseker.
Om 'n veilige skoolomgewing te verseker vir doeltreffende onderwys en opleiding.
Om doeltreffende bestuur en beheer in alle leeromgewings en steunstrukture te verseker.
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende onderwys te voorsien.

Prioriteite:

Sleutelprioriteite vir die periode 2008/09–2010/11 sluit in:

- Die bevordering van gesyferdheid en geletterdheid, veral in primêre skole om sodoende doeltreffende onderrig en leer te verseker. Alle Graad 3-leerders sal in 2008 in geletterdheid en gesyferdheid getoets word. Graad 9-leerders sal ook in April 2008 in geletterheid en gesyferdheid getoets word ten einde hul vlak van bevoegdheid te bepaal.
- Die voortgesette implementering van die NKV veral met betrekking tot die verdere onderwys- en opleidings (VOO) –band.

- Die implementering van GVOOOP, wat die armste primêre skole in Nasionale kwintiel 1 in 2007/08 teiken, om te verseker dat hierdie skole die basiese minimum fisiese, leer- en onderig-, menslike en finansiële hulpbronne ontvang om gehalte-leer en onderrig moontlik te maak.
- Die implementering van die Leerderprestasiestrategie (LBS) soos per instruksie van die (nasionale) Minister van Onderwys en die Premier en die verlaging van die aantal skole wat minder as 60% in die Senior Sertifikaat-eksamen behaal.
- Fokus op verbeterde fisiese veiligheidsfasiliteite vir skole in risikogebiede om 'n veilige onderwysomgewing te verseker.
- Die uitbreiding van deelnamesyfers in Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en Tegnologie deur die voortgesette invoer van fokusskole en die toename in die aantal Dinaledi-skole en die verbetering van slaagsyfers met matrikulasievrystelling vir Graad 12 sowel as in die vakke Wiskunde en Wetenskap.
- Die voortsetting van die Onderwysassistent-projek (OAP) met die aanstelling van 510 onderwysassistente om in die Grondslagfase in die armste skole te help.
- Verseker toegang tot die toepaslike ondersteuning en gehalte-onderwys deur die implementering van die nasionale beleidsraamwerk van Witskrif No. 6 (2001).
- Alle skole ontwikkel hul Skoolverbeteringsplanne (SVP's) en stel teikens wat ook as basis sal dien van die ondersteuning wat deur distriksgebaseerde personeel gebied sal word.
- Verhoog die gehalte van onderwys deur Heelskoolevaluering (HSE) van 30 skole.
- Die ontwikkeling van prinsipale en onderwysers (versnelde onderwyserontwikkeling (VOO) en Nasionale Professionele Diploma in Onderwys (NPDO)).

Analise van vordering (in die bespreking van hierdie program word die beperkings en oplossings ingesluit om die analise makliker te kan interpreteer)

Openbare gewone skoolopvoeding

Toegang

In 'n poging om die stygende koste in bedwang te hou vir ouers met beperkte finansiële middele vir die opvoeding van hul kinders en om die toegang tot onderwys uit te brei, is die SASW aangepas om toe te laat vir die (nasionale) Minister van Onderwys (MvO) om die nasionale kwintiel vir openbare skole te bepaal wat nie skoolgelde mag verander nie, effektief vanaf 1 Januarie 2007.

Die MvO het 'n nasionale teiken vir 2008 gestel wat behels dat 40% van leerders in die land in "geen-skoolgeld"-skole is, byvoorbeeld skole wat val in die nasionale kwintiel 1 en 2, effektief vanaf 1 Januarie 2008. 'n Lys van die skole per provinsie wat nie toegelaat sal word om verpligte skoolgelde te vra nie, is in die Staatskoerant gepubliseer.

Aangesien die Wes-Kaap 'n lae persentasie leerders in die NK 1 en 2 het, in vergelyking met al die ander provinsies (slegs 6,5% (59 306) van die leerders in die Wes-Kaap val in NK 1 en 8% (73 254) in NK 2, byvoorbeeld slegs 14,5% van die leerders in die Wes-kaap is in die armste twee nasionale kwintiele (40% van leerders in die land)), het die WKOD besluit om die "geen-skoolgeld"-status ook uit te brei na skole in NK 3 (211 841 leerders). Dit is gedoen deur 'n vrywillige reëling met die NK 3 geïdentifiseerde skole. Al die NK 3-skole het van hierdie aanbod gebruik gemaak en is tot "geen-skoolgeld"-skole verklaar, en mag daarom nie enige verpligte skoolgelde vra nie.

Daar is 653 "geen-skoolgeld"-skole, wat 45% van die 1 452 skole in die provinsie in die Wes-Kaap in 2008 verteenwoordig. Ongeveer 345 000 leerders woon hierdie skole by, verteenwoordigend van 37,6% van die leerders in die Wes-Kaap.

Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP)

Die verantwoordelikheid vir die bestuur van die NSVP is op 1 April 2004 van die provinsiale Departement van Gesondheid na die Departement van Onderwys oorgedra. Op daardie tydstip is 145 596 leerders in Graad R tot 7 in ongeveer 659 geteikende primêre skole in die provinsie gevoed. Sedertdien is die armste spesiale en sekondêre skole ook in die NSVP ingesluit en tans word ongeveer 203 600 leerders in 993 geteikende primêre, spesiale en sekondêre skole gevoed.

Gedurende die tyd toe die program oorgedra is, was slegs een ongekookte opsie op elke voedingsdag beskikbaar. Sedert Januarie 2006 is gekookte opsies suksesvol geloods by 44 primêre skole in die sewe OBOS'e. Hierdie spyskaartopsies is stelselmatig na ander geteikende skole uitgebrei en die verwagting is dat alle geteikende skole teen Maart 2007 die geleentheid gebied sou gewees het om gekookte maaltye te bedien. Die NSVP het alle geteikende skole in staat gestel om kombuistoerusting te koop ten einde gekookte maaltye voor te berei. Baie geteikende skole het nie toereikende voedselvoorbereidingsareas nie en die NSVP het 113 geteikende skole in staat gestel om duursame en veilige voorafvervaardigde mobiele eenhede op te rig. Alle befondste personeelvakatures is gevul, alhoewel nie al die poste op die diensstaat befonds kon word nie.

Moniteringsapparaat, inligtingsboekies en riglyne is na alle geteikende skole versprei. Vrywilligers by alle skole en in sommige gevalle die betrokke opvoeders is opgelei in die gebruik van gastoerusting, voedselveiligheid en die berging van voedsel.

Die maandelikse honorarium betaalbaar aan vrywilligers en die totale aantal vrywilligers is verhoog tot 400% en 241%, respektiewelik.

251 geteikende skole het tans voedseltuine. Werkwinkels wat onderwerpe soos die vestiging van 'n voedseltuin en die voorbereiding van kompos gedek het, is in verskillende OBOS'e in die landelike en nodale gebiede aangebied. Opvoeders, leerders en ouers het hierdie werkswinkels bygewoon.

Doeltreffende netwerke met betrekking tot voeding en omgewingsgesondheid en die ontwikkeling van voedseltuine is onderskeidelik met die Departement van Gesondheid en die Departement van Landbou gevestig.

Spesiale behoeftes

Om meer leerders met spesiale behoeftes in die hoofstroom te akkommodeer het die WKOD besluit om eenhede vir leerders met spesiale behoeftes by geïdentifiseerde hoofstroomskole te skep. Hierdie skole het volledigensskole geword. Twaalf eenhede bestaan reeds en die WKOD stel in die vooruitsig die stigting van nog 38 in 2008/09. Die leerders wat in hierdie eenhede geakkommodeer word, is dieselfde leerders wat in spesiale skole geplaas sou word. Dieselfde plasingsprosedures word gevolg as in die geval van spesiale skole. Addisionele poste is geskep op die personeel om die eenhede te diens.

Skoolsport

Die Raamwerk vir Samewerking: Koördinering en Bestuur van Skolesport in die Openbare gewone skole-dokument is in 2005 deur die Minister van Onderwys en Sport en Rekreasie onderteken. Ingesluit in die "Raamwerk vir Samewerking"-dokument is die opdrag dat skolesportprogramme strategies gekoppel moet word aan nasionale en provinsiale intervensies, so ook MIV/vigs-bewustheidsveldtogte, nasionale en provinsiale voorkomingstrategieë, morele agteruitgang, ens.

In 2007 het die Wes-Kaap Onderwysministerie en die WKOD, saam met die Ministerie van Kultuurbelange en Sport en sy Departement (DKBS) die organisasie Wes-Kaap Skoolsport (WKSS) van stapel gestuur en 'n Wes-Kaap Memorandum van Ooreenkoms (MvO) geteken. WKSS is die Provinsiale Koördineringskomitee (PROKOK) vir Skolesport. Die MvO verbind die twee departemente tot die gesamentlike organisering, koördinering en implementering van skolesport en dit skep ook die raamwerk en bepaal die gees waarin skolesport in die Wes-Kaap gelewer behoort te word.

Aangesien die Nasionale en Provinsiale Koördineringskomitees vir Skolesport nou gestruktureer is, is die volgende stap die stigting van die Distrikskoördineringskomitee (DISKOK) vir skolesport in elke distrik. Daarna sal elk van die distrikte 'n Skolesportkring en Kluster-koördineringskomitee stig.

Toereikendheid

Infrastruktuur

Die WKOD het die 2006-infrastruktuurplan goedgekeur wat dui op 'n agterstand van 104 nuwe skole waarvan 20 teen Februarie 2006 voltooi is. Sewe (7) skole is in 2006/07 voltooi, en nog sewe (7) in 2007/08. Tans is vier (4) skole onder konstruksie, ses skole is geadverteer, en vyf (5) word nog beplan. Die beplanning van nog ses (6) skole sal vroeg in 2009/10 gedoen word. Die elf skole in beplanning sal oor die volgende vyf jaar voltooi word. Dus moet 59 skole nog aandag geniet. Dit word voorsien dat die 13 skole onder konstruksie uitbreiding en ontwikkeling van seker areas sowel as die migrasie van leerders na seker areas van die provinsie sal lei tot voortdurende groei in leerdergetalle. Gevolglik sal die vraag na meer klaskamers voortgaan.

Benewens die feit dat bouprojekte geïdentifiseer, geprioritiseer en beplan word vir tot 2014, is dit belangriker dat 'n Fisiese Infrastruktuurvoorsieningstrategie oorweging skenk aan nuwe skoolontwerpe, deur te begin met die mobilisering van Openbare-Private Vennootskappe, (OOV's) om lewering van ons infrastrukturele behoeftes te versnel, en intervensie daarstel wat die benutting van die maksimum kapasiteit van bestaande strukture sal verseker. Die verwagte Norme en Standaarde vir ruimtebenutting by inrigtings (artikel 5A van SASW) sal die proses van maksimale benutting van bestaande strukture fasiliteer. Toeganklikheid van geboue vir leerders, veral vir leerders wat beweeglikheidsprobleme ondervind of wat aan 'n rolstoel gekluister is, moet geïnkorporeer word in die beplanning van fisiese infrastruktuur deur opritte te bou. Gevorderde toekomsbeplanningscenarios moet insluit duidelike aandag aan die groen-vriendelike aspekte wat deur omgewingskundiges bekendgemaak word. En met dieselfde aandag aan skaars hulpbronne.

'n Sleutelaspek in lewering is om kleinerwerke-programme (opgradering, rehabilitasie, versiering, ens.), soos bestuur deur die SBL, by hul skole te inisieer wat gemeenskappe se eienaarskap van die skole kan bevorder en ekonomiese voordeel vir daardie gemeenskappe kan bied. Skoolbeheerliggame (SBL'e) is bemagtig om infrastruktuurprojekte (addisionele klaskamers) by hul skole te onderneem onder toesig van professionele konsultante. Altesaam 31 skole was betrokke en 175 klaskamers is oor die laaste twee jaar gebou. Verder is oorbetalings aan die SBL'e gemaak vir die konstruksie van sale onder toesig van professionele konsultante. Vier (4) sale is reeds voltooi en twee word steeds gebou. As deel van die Gebouefasiliteitsonderhoudingsprogram (GFOP) is 5 103 werksgeleenthede tot op datum geskep waarvan 202 deur jeugdige mans, 484 deur vroulike jeugdiges, 995 deur mans en 3 422 deur vroue gevul is. Die GFOP is 'n kontrak oor twee jaar, vanaf Julie 2006 tot Julie 2008. Die bedoeling is dat die GFOP uitgebrei sal word tot die 2009/10 finansiële jaar.

Die vervanging van voorafvervaardigde strukture met permanente strukture is deel van die infrastruktuurvoorsieningsplan. Hierdie projekte sal bestuur word deur skoolbeheerliggame wat bygestaan sal word deur die PBE. Vir die 2008/09 finansiële jaar sal slegs die skole met baie bouvallige strukture wat dringend aandag verg aandag gegee word. Hierdie projekte sal in fases gedoen word om te verseker dat meer skole gehelp kan word en om die moontlike ontwrigting van onderrig en leer by inrigtings in bedwang te hou.

In areas waar daar te veel klaskamers is, moet skole amalgameer om die onderbenutting van klaskamers te verminder en terselfdertyd skoolgeboue beskikbaar stel om aan ander behoeftes aandag te gee. Die program sal ook help met die bekamping van vandalisme in skole.

Daar is gereeld kommunikasie tussen die WKOD en die plaaslike Regering. Hierdie betrokkenheid help om nuwe ontwikkelings te antisipeer. Dit is egter duidelik dat nuwe wetgewing deur die Departement van Omgewingsake en Beplanning vinnige ontwikkeling strem en maak die beskikbaarheid van skoolterreine wat nog nie as "inrigtings" gesoneer is nie 'n moeilike proses. Gevolglik word die voorsiening van klaskamers ernstig in gevaar gestel. Nasionale departemente, soos DWEB en Energie en Minerale, help met die lewering van nuwe basiese dienste, soos die bou van nuwe ablusiefasiliteite of die opgradering van bestaandes. Sommige plaaslike owerhede help ook met die voorsiening of verbetering van basiese dienste.

Die herontwerp van die WKOD het gelei daartoe dat die ou Direktoraat: Fisiese Hulpbronbeplanning in twee verdeel het as 'n operasionele eenheid en 'n beplanningstak. Hierdie stap behoort deeglike beplanning teweeg te bring, asook verbeterde beheer en monitering van projekte deur implementeringsagente.

Posvoorsieningsnorme

Die diensstate van openbare gewone skole word jaarliks vasgestel ingevolge die posvoorsieningsnorme. Soos voorgeskryf deur wetgewing, word werknemerspartye tot die Provinsiale Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys sowel as die georganiseerde SBL-verenigings behoorlik geraadpleeg aangaande die algehele posbekostigbaarheid sowel as die vasstelling van diensstate van openbare gewone skole. Die WKOD het die totale aantal onderwysposte in die provinsie met 747 vermeerder en bring die totale getal onderwysposte op 31 619 vir 2008.

Leerder- en onderwyserondersteuningsmateriaal (LOOM)

Die WKOD is verantwoordelik vir die verkryging van LOOM vir alle nie-Artikel 21-skole en het 'n tweejaarkontrak met verskaffers vir hierdie doel. Ingevolge die huidige kontrak is 165 verskaffers geregistreer om LOOM aan die 456 nie-Artikel 21-skole te lewer. Die Departement se doel is om 100% van die LOOM wat deur nie-Artikel 21-skole bestel is, voor die begin van die skooljaar te verkry en af te lewer. Die bereiking van hierdie doel hang af van die beskikbaarheid van die LOOM.

Artikel 21-skole ontvang die fondse van die Departement en is verantwoordelik vir die aankoop van LOOM volgens die lys verskaffers wat deur die Departement verskaf word.

Alle skole moet hulle onderwerp aan die Voorkeurverskaffingsbeleid van die provinsie wat betref die besteding van hul N&S-toekennings vir handboeke en ander boeke. Vir hierdie doel is daar twee lyste verskaffers. Die eerste lys (die voorkeurlys) verteenwoordig daardie verskaffers wat voorkeur moet kry. Hulle is die sogenaamde histories benadeelde individue (HBI's) en klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO). Skole moet handboeke en ander boeke tot die waarde van minstens 70% van hul N&S-toekenning aankoop van die verskaffers op die eerste lys. Handboeke en ander boeke vir die balans (30% van die toekenning vir handboeke en ander boeke) kan van die verskaffers op die tweede lys aangekoop word. Die jongste lyste word aan skole voorsien via omsendbriewe.

Doeltreffendheid

Artikel 21-skole

Artikel 21-status is aan altesaam 996 van 1 452 skole (of 68,6% van alle openbare gewone skole) toegeken (van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) (SASW)). Die oorblywende 456 skole kry steeds voortdurend aandag om hulle in staat te stel om Artikel 21-skole te word. Ondersteuning in finansiële bestuur en administrasie word deurlopend aan alle skole gebied.

Afwesigheid van leerders en opvoeders

Die Direktoraat: Gehalteversekering het verlede jaar leerder- en onderwyserafwesigheid vir ondersoek geselekteer. Slegs die veldtoetsgedeelte van die aktiwiteit is voltooi. 8 skole is besoek. In die nuwe finansiële jaar onderneem ons om: 'n groter steekproef te selekteer, maar twee van die 8 skole in te sluit (om te kontroleer of hulle verbeter het); om die oudit uit te voer deur ons presiese instrumente te gebruik; om items in te sluit wat inligting oor seker aspekte gee waarvan ons bewus geraak het tydens ons veldtoetsing, byvoorbeeld buitengewone lang periodes van afwesigheid op betaaldag sonder dat dit opgevolg word, ouers se gebrek aan belangstelling selfs wanneer hulle in kennis gestel word dat hul kind afwesig was.

Volgens Heelskoolevaluering is dit duidelik dat leerders vir lang periodes in sekere gevalle sonder toesig is, en dat dit 'n nadelige uitwerking op leerdervordering het. In 2007/08 is 700 gevalle van skoolversuim gerapporteer aan die Veilige Skole-oproepsentrum. Die rapportering is hoofsaaklik gedoen deur die Leerderondersteuningsamptenare (LOA) wat aan die skole toegeken is, en wat op besoeke aan skole 'n lys van leerders gegee is wat skoolversuim. Die LOA's het op hul beurt hierdie gevalle aan die Veilige Skole-oproepsentrum aangeteken.

Die LOA's gaan voort met die nodige intervensies soos bepaal deur elke geval. Die LOA's, met die hulp van die opvoeders, doen agtergrondkontroles by die skool wat dan opgevolg word deur 'n tuisbesoek aan die leerder. Intervensies sluit in onderhoude met die leerders en hul ouers om die geval/rede vir skoolversuim te probeer vasstel. Die redes vir skoolversuim wat herhaaldelik voorkom, is soos volg:

1) middelmisbruik (alkohol en dwelmgebruik)
2) ouernalatigheid (kan ook na armoede herlei word)
3) gedragsprobleme (dissiplinêre kwessies)

Die LOA's en Veiligheidshulpbronamptenare sal aanhou om kinders wat versuim om skool by te woon, op te volg. Hulle doel is om hulle weer in die skool op te neem. Opvoeders en skoolbestuur vorm 'n integrale deel van die proses. Intervensie-programme/werkswinkels wat gereël word, sluit in: ouervaardighede; "Moenie misbruik nie"-protokol; jeugklubs by skole; vakansie en naskoolprogramme; ondersteuning aan opvoeders en personeel om verlatingsyfer te bekamp. Deur hierdie intervensies is ons in staat daartoe om leerders terug in die skoolstelsel te kry; om forums te skep vir leerders om kwessies aan te spreek, byvoorbeeld, jeugklubs, ens.; om ouers te bekwaam; verhoudings met die gemeenskap en ander NRO's, gemeenskaps- en geloogsgebaseerde organisasies, Regering, ens. te ontwikkel.

Openbare primêre skole

Billikheid

GVOOOP

Die GVOOOP-program het gebaat by die nasionale befondsing om die gehalte van onderwys in die armste skole in die provinsie te verbeter. Die operasionele dimensie van hierdie projek was om menslike, fisiese en materiaalhulpbronne aan hierdie skole te verskaf. Die WKOD het 'n projekspan aangestel om die program oor die volgende paar jaar te implementeer.

In die afwesigheid van 'n oudit van fisiese, materiaal en menslike hulpbronne, is 'n departementele konsultasieprogram gehou met die hoofsektore van die WKOD. Na die periode van konsultering, is 'n program ontwikkel om aan die dringendste behoeftes van die WKOD wat op kwintiel 1 en 2-skole fokus, aandag te gee. Die intervensies het die volgende ingesluit:

- Omstandigheidsanalise van 405 NK 1 & 2-skole. Die doel van hierdie analises was om die vlak van ondersteuning wat vir die armste skole nodig is, vas te stel. 'n Ouditverslag is voorgelê deur die diensverskaffer wat met die beplanning van 'n intervensie oor die volgende paar jaar sal help.
- In die lig van die swak ontwikkeling van groot en klein motorvaardighede, is buitenshuise toerusting vir 100 skole wat Graad R aanbied verskaf. Al hierdie skole is voorsien met die toerusting om die sekondêre faktore wat 'n invloed mag hê op onderrig in leer in die armste areas in die Wes-Kaap te verbeter. Die werk sal in Maart 2008 voltooi word.
- Daar is oorweldigende bewys dat 'n drukkultuur nie in die huise van kinders van die werkersklas bestaan nie. Die navorsing toon ook dat daar 'n korrelasie is tussen leesvermoë en die bestaan van 'n drukkultuur. Daarom het die GVOOOP-program met die oog op verbetering van geletterdheid en gesyferdheid van leerders biblioteekmateriaal aan 405 primêre en sekondêre skole verskaf. Honderde duisende boeke is bestel teen die koste van R 32 000 000. Hierdie boeke is aangevul deur die Leerkanaal-DVD's en muurkaarte. 330 onderwysers/skole het opleiding in die bestuur van biblioteekmateriaal ontvang. Waar stoorkapasiteit nie bestaan het nie, moet mobiele eenhede aan skole voorsien word. Dit is die eerste keer dat ons landelike klein skooltjies met biblioteke toegerus is ten einde geletterdheid en gesyferdheid te verbeter.
- Terwyl die voorsieningsplan van die WKOD gefinaliseer word, het verskeie skole herstelwerk nodig. Die skole wat die meeste hierdeur geraak is, was in die armste gemeenskappe. Daarom het die GVOOOP noodherstelwerk in 95 skole begin: 'n Begroting van R23m is vir die doel toegeken. Die Departement van Vervoer en Openbare werke (DVOW) fasiliteer R21,162m van die herstelwerk. 21 kontrakte is uit op tender en word daagliks aan kontrakteurs toegeken. 61 terreine is tans onder konstruksie, byvoorbeeld die kontrakteurs is op die terrein. 13 terreine is voltooi en word teruggehou.

- 'n Begroting van R1, 5m is beskikbaar gestel om 16 van die armste skole met infrastruktuurontwikkeling van rekenaarlaboratoriums te help.
- Die proses van Heelskoolevaluering wat op 30 Julie 2007 begin is, is in 15 GVOOOP-skole voltooi vir die huidige siklus. 34 toesighouers is opgelei. Altesaam R277 983 is tot op datum gespandeer en R571 084 is beskikbaar. Basiese toetsing van geletterdheid en gesyferdheid van alle Graad 4-leerders in kwintiel 1, 2 & 3-skole is gedoen.

Doeltreffendheid

Die statistiek hieronder is belangrike diagnostiese instrumente vir die provinsie. Hulle bevestig die rede vir beklemtoning om aan die een kant die VKO uit te brei, en aan die ander kant die behoefte om sterk ondersteuning aan sekondêre skole te voorsien.

Bevorderingsresultate Vir 2007

Category		GR1	GR2	GR3	GR4	GR5	GR6	GR7	GR8	GR9	GR10	GR11	LSEN	Total
Ingeskryf	M	47 532	41 510	42 423	44 752	38 735	37 778	34 446	31 290	35 681	36 006	24,778	106	415 037
	V	43 819	39 978	40 626	44 091	38 643	38 511	35 803	30 656	38 196	42,269	32 411	79	425 082
Totaal		91 351	81 488	83 049	88 843	77 378	76 289	70 249	61 946	73 877	78,275	57 189	185	840 119
Bevorder	M	37 666	36 949	39 716	40 495	36 291	35 446	32 228	26 888	24 156	22,534	18 433	64	350 866
	V	36 997	36 813	38 747	41 868	37 392	37 184	34 742	28 404	30 537	29,539	25 135	45	377 403
Totaal		74 663	73 762	78 463	82 363	73 683	72 630	66 970	55 292	54 693	52,073	43 568	109	728 269
%		81.73	90.52	94.48	92.71	95.22	95.2	95.33	89.26	74.03	66.53	76.18	58.9	86.69
Meer tyd	M	9 866	4 561	2 707	4 257	2 444	2 332	2 218	4 402	11 525	13,472	6 345	42	64 171
	V	6 822	3 165	1 879	2 223	1 251	1 327	1 061	2 252	7 659	12,730	7 276	34	47 679
Totaal		16 688	7 726	4 586	6 480	3 695	3 659	3 279	6 654	19 184	26,202	13 621	76	111 850
%		18.27	9.48	5.52	7.29	4.78	4.8	4.67	10.74	25.97	33.47	23.82	41.1	13

Gehalte

Geletterdheid/gesyferdheidstrategie

Die veelvlakkige benadering sluit in die voortgesette ontwikkeling van 510 onderwysassistente om skole wat onbevredigende geletterheids- en gesyferdheidsprestasie het te help. Dit behels die opleiding en herverspreiding van 100 Leerondersteuningopvoeders en Kurrikulumadviseurs van die distrikte en 450 Leerondersteuningsopvoeders van hoofstroomskole. Die program is intervensie gebaseerd.

In provinsiale toetse dui sowel die Graad 3 en 6 (voorlopige data van slegs 2007) 'n verbetering van ongeveer 12% (Graad 3) en 10% (Graad 6) sedert die eerste toetsing in 2002. Die feit dat gesyferdheidsresultate soveel langer neem om te verander is 'n rede tot kommer, maar kan wees omdat die provinsiale geletterdheidsontwikkelingstrategie voor die gesyferdheidstrategie begin is. Navorsing na die gesyferdheids-ontwikkelingsbehoeftes van onderwysers kom in Julie 2008 aan die beurt. Soortgelyke navorsing na die bestanddele van 'n veranderende sukses in sekere skole sal met belangstelling bestudeer word.

'n Paar hulpbronbydraes sluit in:

a) Die verskaffing van gegradeerde leesmateriaal om lees aan te moedig in Graad 4–7 deur die Masifunde Maqela-leesprogram.
b) Graad R-voorbeeld van werkskedules is ontwikkel in 3 tale, op CD gebrand en versprei.
c) 349 geletterdheid/gesyferdheid LOOM-stelle vir Graad R, asook 349 ondersteunende handleiding is aan Graad R (gemeenskap gebaseer en openbare primêre) -skole versprei.
d) Die basiese Assesseringsprogram vir Graad 1 is vasgelê binne die Assesseringstandaarde en aktiwiteite vir Graad R. Die basiese Assesseringsprogram vir Graad 2 en 3 sal in die nuwe finansiële jaar geïmplementeer word.

Ten opsigte van die Onderwysassistent-projek die volgende:

a) Fondse vir 100 onderwysposte is toegeken aan die Onderwysassistent-loodsprojek vir 2007–2008.
b) 410 onderwysassistente gaan voort met hul tweede jaar van opleiding en 100 nuwe onderwysersassistente het met hul eerste jaar van opleiding begin. 'n Diensverskaffer het die kursusmateriaal vir die tweede jaar ontwikkel.
c) Deur die projek is die onderwysassistente se kwalifikasies opgegradeer: party werk na 'n SAKO-geakkrediteerde kwalifikasiesertifikaat in Onderwys op NKR Vlak 5 en ander werk na 'n Graad in Opvoedkunde (Grondslagfase). WKOD het beurse aan 15 suksesvolle aansoekers toegeken.
d) In September het die ETDP SETA-beurse toegeken aan 50 onderwysassistente wat in die eerste jaar suksesvol was om hul tweede jaar te voltooi.
e) Monitering en evaluering van die projek deur die distrikskantore en hoofkantoorpersoneel asook eksterne evaluering is uitgevoer. Aanbevelings is dat: die onderwysassistente in Graad 1- en 2-klasse gebruik moet word om seker te maak dat leerders hul geletterdheids- en gesyferdheidsvaardighede bemeester; nog opleidingsessies vir klasonderwysers en onderwysassistente; 'n onderwysassistent behoort in een klas vir die hele jaar te bly eerder as om tussen twee klasse te roteer.
f) Die dokument oor Beroepsalaris-spesifieke Dispensasie het die onderwysassistent (onderrigondersteuning) as die eerste vlak van skool gebaseerde opvoeders geïdentifiseer. Die Nasionale Beleidsraamwerk vir Onderwysopleiding en ontwikkeling in Suid-Afrika, Staatskoerant, 26 April 2007, nommer 89 erken dat "onderwysassistente opgelei en aangestel sal word in areas met groot nood".

Openbare sekondêre skole

Billikheid

Die inskrywing en prestasie van meisieleerders is deel van die Dinaledi en Wiskunde en Wetenskap Skoolstrategie. Hierdie projek sal verbeterde ondersteuning in die komende jaar kry.

Program vir 2008/09

a) Professionele ontwikkeling van Wiskunde- en Wetenskaponderwysers in nuwe inhoud van Wiskunde en Wetenskap.
b) Die voorsiening van geskikte hulpbronne om voortreflikheid, prestasie en sukses in Wiskunde en Wetenskap te verseker.
c) Ontwikkeling van die menslike hulpbronne wat skoolbestuur en DH's insluit om rigting en bereiking van die doelwitte en doelstellings van die WWT
d) IKT-opleidingsprogramme vir Wiskunde en Wetenskaponderwysers deur die *Intel Teach Essentials*-program.
e) 'n Oudit van onderwyserkwalifikasies en hulpbronne.
f) Leerderloopbaanvoorligting en ondersteuning deur WWT-kampe.
g) Prestasie en sukses in Wiskunde en Wetenskap deur deelname in Wiskunde- en Wetenskap-olimpiades.
h) Help met leerders wat "risikogevalle" is deur Wiskunde en Wetenskaptutors aan te stel, Winter- en Lenteskole, pre-eksamensessies te reël.
i) Stel teikens vir individuele skoolvakke om leerdergetalle te laat styg en beter resultate in Wiskunde en Wetenskap te kry.
j) Gereelde moniteringsbesoeke.

Uitset

Leerderprestasiestrategie (LPS)

Die WKOD het die laaste vyf jaar 'n gemiddeld van 80%+ in die Senior Sertifikaat-eksamen behaal. Nietemin het sommige skole in dieselfde periode voortdurend onderpresteer, party se suksessyfer is minder as 30%. Die Leerskoolprogram is in 1999 bekendgestel om die situasie aan te spreek. Die LSP het 'n paar suksesse behaal sowel as 'n paar mislukkings. 'n Aantal skole het deelgeneem en onttrek aan die program en party het nooit gekwalifiseer nie, byvoorbeeld hulle het gereeld resultate onder 60% behaal.

Die LSP het gelei tot die Leerderprestasiestrategie (LPS) en ’n Nasionale beweging (NSLPS) in ’n poging om ’n meer omvattende en holistiese benadering tot verbetering van leerderprestasie te ontwikkel. Die LPS fokus spesifiek op die VOO-band, met ’n onmiddellike doelwit om onderprestasie by skole in die Senior Sertifikaat-eksamen aan te spreek. Die Leerderprestasiestrategie het bygedra tot ’n aantal herstelkwessies asook die kwessie van verbetering van toegang vir alle leerders op Graad 12-vlak deur geteikende ondersteuningsmaatreëls. Die gehalte van hierdie maatreëls het in 2007 verbeter ten spyte van ’n negatiewe neiging in terme van die getal skole wat onder die provinsiale standaard geval het.

Tans word die strategie hersien. Hierdie maatreëls raak nodig gesien in die lig van die veranderings aan die Onderwyswet (2007) – in besonder die identifisering van onderpresterende skole – en ’n plan om die kwessie van gehalte van die slaagsyfer in die WKOD aan te spreek.

Strategieë om die kwaliteit van leerderprestasie, toegang en herstel in die provinsie te verbeter, word ondersoek en sal die jaar geïmplementeer word. Die WKOD is vasbeslote om die kwessie van onderprestasie op ’n samewerkende manier deur ’n geïntegreerde en gefokusde benadering tot huidige stelselmaatreëls te gebruik, asook navorsing, refleksie en verbeterde monitering te doen. WKOD seniorbestuur sal ook in hierdie skole herversprei word.

Gehalte

Omgewingsveiligheid: Skoolveiligheid

Soos elders in die wêreld, het skoolveiligheid ’n groeiende kommer van die Regering geword. Die Wes-Kaap word in die besonder hierin geteister aangesien die Wes-Kaap ernstige probleme ondervind rondom bendes en bendegeweld en die gepaardgaande teistering van alkohol en ander middelmisbruik. Tesame met ’n verskeidenheid vennote, maar spesifiek die Departement van Gemeenskapsveiligheid is hierdie kwessies daadwerklik onder hande geneem.

Die Veilige Skole is ’n drieledige strategie, wat die volgende insluit:

1. ’n Veilige Skole-oproepsentrum is gestig, waar verskeie kwessies verwant aan skoolgebaseerde geweld gerapporteer kan word en waar geaffekteerde en getraumatiseerde individue kan vra vir en berading kan ontvang. Die Veilige Skole-oproepsentrum werk op ’n tolvrynommer (0800 45 46 47), verskaf onmiddellik telefoniese berading en kommunikasie aan leerders, ouers, onderwysers wat hulp, leiding of inligting ten opsigte van veiligheidverwante kwessies nodig het. Die diens is beskikbaar in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap. Die oproepsenrum dien as ’n koördineringsentrum waarvandaan verwysings na toepaslike agente gemaak word en waarvandaan lewensbelangrike inligting na relevante partye versprei word. Dit koppel met ’n uitgebreide netwerk van diensverskaffers, wat hul werk ondersteun. Kwessies wat hanteer word, sluit in bendegeweld, misbruik (fisies, seksueel, emosioneel, nalatigheid), middelmisbruik, aanranding met die opset om te steel, beheerliggaamkwessies (insluitende dissiplinêre en diskriminerende kwessies), tienerswangerskappe, MIV/vigs, sowel as traumaties insidente soos gepoogde selfmoorde, kapings, vermiste persone, bomdreigemente, wapens op die skoolterrein, ens.

2. Voorsiening van fisiese veiligheid: die program fokus op die instelling van verskeie veiligheidmaatreëls, insluitende veiligheidsomheinings en veiligheidsalarms by hoërisikoskole. Die program sluit ook oorlewingstrategieë in.

   Alarmstelsel:

   Inbrake en vandalisme van skooleiendom kom voortdurend voor. Skole met werkende alarmstelsels het suksesstories gerapporteer daarin dat die oortreders gevang is en dat gesteelde goed teruggevind is. Nietemin voel skoolgemeenskappe dat selfs deur arrestasies te maak, die oortreders vrygelaat word in die gemeenskappe. Skoolgemeenskappe voel dat die oortreders moet vergoed vir die skade wat hulle aangerig het tydens inbrake en vandalisme. Hiervoor sal die WKOD alarmstelsels in hoërisikoskole verskaf.

Toegangbeheer

Sekuriteitshekke, maasdraaddiefwering moet by hoërisikoskole geïnstalleer word. Toegangbeheer by hoërisikoskole sal verbeter om betreding te voorkom en skoolgeweld te verminder.

GKTV

As deel van die veiligheidsinfrastruktuurverbeterings by skole, is 60 van die 109 hoërisikoskole geïdentifiseer om GKTV te kry waardeur die verskillende terreine gemonitor sal word. GKTV sal gebruik word om onwettige toegang op die skoolterrein op te spoor en om sekere areas soos die toilette en skoolgronde te monitor. So kan ook eksterne openbare areas rondom die skool deur middel van kameras dopgehou word om suspisieuse gedrag soos persone wat daar rondhang of onwettige aktiwiteite binne en buite die skoolgronde, wat 'n negatiewe invloed op leerders, opvoeders en ondersteuningspersoneel het, op te spoor. Die inligting kan gebruik word om gedrags- en antisosiale patrone op te spoor wat dit moontlik maak om pro-aktiewe strategieë te implementeer om leerders, opvoeders, ondersteuningspersoneel en eiendom te beveilig.

Bambanani Vrywillige Skoolveiligheidsprogram

Die Gemeenskap Beleidsforum het 400 Bambanani-vrywilligers gewerf en 100 vrywilligers is gewerf deur die Skoolbeheerliggame om deel van die Bambanabi Vrywillige Skoolveiligheidsprogram te vorm. Die Bambanani Skoolveiligheidsvrywilligers ondersteun die plaaslike SAPS se Stasiemisdaadbekamping-strategie en beleid. 149 polisiereserviste is herontplooi by die hoërisikoskole as deel van die strategie om misdaad en geweld op skoolvlak te bekamp. Weens finansiële tekortkominge is 80% van die polisiereserviste by skole weggeneem.

Skoolvakansieveiligheidspatrollies

Noodveiligheidspatrollies is georganiseer gedurende die skoolvakansies om te help met die vermindering van eiendom verwante misdaad.

Veiligheidshulpbronamptenare

Dit was deel van die Minister se inisiatief om 50 veiligheidshulpbronamptenare in diens te neem om skole te help om skoolveiligheidskomitees te stig, skoolveiligheidsplanne te hersien, jeugklubs te stig, middelmisbruik te verminder en ondersteuning en/of voorkomingsprogramme te loods, om as positiewe rolmodelle en tutors by hoërisikoskole op te tree.

3. Opvoedkundige programme wat op waardes en houdings fokus, waarvan die doel is om leerders se belangstelling in meer positiewe aktiwiteite soos sport, kuns en drama, en fokus op toekomstige loopbane te prikkel. Hulle fokus op houdings- of gedragsveranderinge; kreatiewe en konstruktiewe benaderings tot konflikhantering en bemiddelingsopleiding. Hoërisikoskole sal opgelei word in Arbeidsgesondheid en Veiligheidsopleiding en Rampbestuur. Antimishandelingsprogramme en 'n kollokwium sal aangebied word.

Leerderondersteuningsamptenare

Volg leerders wat skoolversuim op en verseker assessering van leerderprobleme. Hulle voorsien mentorskappe en afrigting van leerders wat risiko's loop en verseker dat leerders toegang het tot die dienste wat hulle nodig het. Die Leerderondersteuningsamptenare sal die "Jeug in beheer"-projek as deel van die vakansieprogram fasiliteer. Die "Jeug in beheer"-projek poog om positiewe houdings en gedrag deur toepaslike kanale en onderwys te herstel: kanaliseer uitsakkers na toepaslike opvoedkundige strukture en ontwikkel vaardighede om gemeenskapsprojekte te implementeer.

Toegang

Leerdervervoer

Dit is nie altyd moontlik om skole binne ’n 5 km-radius van elke leerder te bou nie. Om dit vir hierdie leerders moontlik te maak om die naaste geskikte skool te bereik, het die departement ander maatreëls in plek gesit. Dit sluit in die verskaffing van ’n leerdervervoerskema (LVS) of die betaling van of ’n koshuisbeurs of vervoerbeurs aan behoeftige leerders om te verseker dat hulle toegang tot onderwys het. Koshuisinwoning kan ook oorweeg word, maar dit het sy probleme (hoë uitgawes, leerders kan nie naweke huis toe gaan nie, ens.).

Dit is tans die beleid van die WKOD om Graad 1–12 leerders wat 5 km en verder van die naaste geskikte skool af bly te vervoer. Op die manier hanteer die WKOD die administrasie van 467 leerdervervoerroetes om $\pm$ 46 000 leerders op ’n daaglike basis skool toe te vervoer. ’n Leerdervervoerskema sal nie ingestel word vir minder as 10 leerders op ’n spesifieke roete nie en/of binne ’n 5 km-radius van ’n leerder se huis nie.Afwykings kan onder buitengewone omstandighede voorkom, byvoorbeeld vir fisies gestremde leerders wat hoofstroomskole bywoon of weens veiligheidsredes.

e-Onderwys

Die nasionale Witskrif vir e-onderwys maak voorsiening vir ses strategiese doelwitte, naamlik professionele ontwikkeling, IKT-infrastruktuur, elektroniese inhoudshulpbronne, konnektiwiteit, gemeenskapbetrokkenheid, en navorsing en ontwikkeling. Met die stigting van die Khanya-projek in openbare skole, die e-Leerprojek in die VOO-kolleges, en ander IKT-projekte soos die Skole konnektiwiteitsprojek, die *Mindset*-projek en SOBIS het die WKOD groot stappe gedoen om hierdie strategiese doelwitte aan te spreek en het die gebruik van IKT beduidend in al die onderwyssektore verbeter. Die voortgesette implementering van die nasionale e-onderwystrategie sal onderrig en leer in die provinsie verder heeltemal hervorm, en sal sakeprosesse en kommunikasie binne die Departement verbeter.

In lyn met die aanbevelings wat in die Witskrif gemaak word en uit die WKOD se herontwerpproses spruit, is ’n Direktoraat: e-Leer en Biblioteekdiens gestig wat saam met ander sal fokus op die verbetering van die e-leerkapasiteit van die Departement en verskaf toeganklike, relevante gehalteleergeleenthede vir alle leerders, binne ’n gekoppelde onderwysstelsel. Die implementering van ’n gekoppelde e-leeromgewing sal ook help om hindernisse in opvoedkundige geleenthede te verwyder deur die stigting van virtuele skole en sal deelname op alle vlakke van die onderwys verhoog. Die uitdagings wat hier in die gesig gestaar word, is beduidend en sluit nie net breëband-konnektiwiteit as ’n voorvereiste vir gekoppelde leer nie, maar ook die opgradering van opvoeders se vaardighede.

In die 2008/09–2010/11 MTBR-periode sal die Khanya-projek, afhangende van genoegsame fondse, 200 addisionele rekenaarfasiliteite voorsien aan die uitstaande openbare skole met ten minste een rekenaarfasiliteit. Teen 2011 sal die meeste van die opvoeders in die provinsie basiese IKT-opleiding ontvang het, al die skole sal aan die Internet gekoppel wees deur ’n hoëbandwydte en addisionele elektroniese hulpbronne sal beskikbaar gestel word.

’n Paar beperkinge en beoogde maatreëls om dit te oorkom

Die WKOD het ’n aantal intervensies en projekte bekendgestel in ’n poging om verskeie aspekte van gehalte-onderwys in skole aan te pak. Die projekte en intervensies wat in skole van stapel gestuur is, sluit onder andere die volgende in:

- Sistemiese evaluering van Graad 3- en 6-leerders. Die resultate van hierdie toetse sal lei tot gefokusde strategieë vir geletterdheid en gesyferdheid vir die Grondslag- en Intermediêre Fases.

- Strategie om positiewe gedrag aan te moedig en op uitdagende gedrag in openbare skole te reageer. Die doel van die strategie is tweeledig: In die eerste plek moet dit 'n konseptuele raamwerk en operasionele riglyne vir positiewe gedrag daarstel, en tweedens, moet dit strategieë en meganismes vir effektiewe reaksie op uitdagende gedrag in skole daarstel. Ten einde hierdie doel te bereik, sal die doel van die strategie wees om (a) die herbesitname van skoolomgewings in 'n inklusiewe onderwysstelsel te bevorder, (b) om 'n sterk ontwikkelings- en herstelbenadering tot uitdagende gedrag te bevorder, en (c) om kapasiteit van opvoeders te bou om op ontwikkelings- en herstelgeoriënteerde wyse op uitdagende leerders te reageer en doeltreffende en gehalteprogramme, -dienste en onderwys aan risikoblootgestelde leerders te voorsien.
- Identifisering van risikoblootgestelde skole: Multifunksionele spanne identifiseer die probleme wat deur hierdie skole ervaar word; ontwerp 'n strategie om die probleme onder leiding van 'n projekbestuurder aan te pak; waar nodig die steun van eksterne organisasies te bekom; voortgesette mislukking kan tot mentorskap/kuratorskap by hierdie skole lei; indien mislukking voortduur, kan hersamestelling van die skool geïmplementeer word.
- Multigraad-intervensie: Om skole wat meer as een Graad per klas onderrig ondersteuning te bied in onderrigmetodes; klem word geplaas op die benutting van IKT vir doeltreffende multigraad-onderrig. Hierdie projek is nou afgehandel en word ten volle deur die distrikte besit.
- Vroeë inskrywing-veldtog: Moedig skole aan om vroeg in die jaar met die inskrywingsproses vir leerders te begin vir finalisering teen die einde van die jaar; voltooiing van roosters en nominasie vir aanstelling van onderwysers ten einde te verseker dat onderrig op die eerste dag van die nuwe skooljaar kan begin; identifisering van "kritieke areas" met betrekking tot akkommodasie sodat gebeurlikheidsplanne in plek gestel kan word.
- Inklusiewe onderwys: Witskrif 6 vir Onderwys dui aan hoe die huidige onderwysstelsel omvorm behoort te word tot 'n inklusiewe onderwys- en opleidingstelsel ten einde toegang tot die kurrikulum en toepaslike steun vir alle leerders te verseker wat leerstoornisse ondervind. Dit spel die noodsaaklike strukture vir 'n inklusiewe onderwysstelsel uit: hoofstroomskole behoort ontwikkel te word tot volledige diensskole vir leerders wat lae en gemiddelde ondersteuningsvlakke benodig; spesiale skole behoort versterk te word om as hulpbronsentrums gespesialiseerde ondersteuningsdienste aan hoofstroomskole te bied; distriksgebaseerde steunspanne moet ontwikkel word deur 'n multifunksionele benadering wat gemeenskapsbetrokkenheid insluit; steunspanne op inrigtingsvlak moet in hoofstroomskole gevestig en ontwikkel word.
- Die nuwe model van die Kringspan is ontwerp om diens nader na skole te bring. Die groter kapasiteit op distriksvlak en die stigting van 'n ekstra distrik, saam met die kapasiteit by hoofkantoor behoort 'n groot bydrae te lewer tot die groei en ontwikkeling. Elke span sal 'n minimum van 11 professionele mense hê om samehorige en deurlopende ondersteuning aan skole te bied wat 'n verbetering sal wees op die *ad hoc*-multifunksionele spanne van vroeër.
- Die Direktoraat: Menslike kapitaalbeplanning en Beleidkoördinering sal ook leiding gee oor hoe om die doeltreffendhede op te skerp. Die belangrikste beleidsintervensies vir hierdie periode sal wees om die beleidsoudit in fases te struktureer en op die bepaling van beleidsverklarings, riglyne, omsendbriewe, regulasies en notules, die samevoeging van die beleidsouditinventaris te fokus, om beleide te identifiseer en te assesseer om aanbevelings vir die hersiening, rigtingaanwysing, inisiëring en rasionalisering van beleide te maak, om die beleidsprosesse te koördineer en om die implementering daarvan te fasiliteer.

ST201	OPENBARE GEWONE SKOOL-ONDERWYS – Sleutelneigings					
	2005/06 Werklike	*2006/07 Werklike*	*2007/08 Beraamde*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)						
2.1 Openbare primêre skole	2,981,194	3,119,550	3,576,969	4,127,395	4,538,325	4,923,722
2.2 Openbare sekondêre skole	2,139,444	2,245,798	2,392,337	2,751,595	3,025,551	3,282,482
2.3 Professionele dienste	153,541	177,165	233,427	280,370	339,805	359,781
2.4 Menslike hulpbronne-ontwikkeling	11,665	13,104	25,386	37,263	110,106	116,475
2.5 Voorwaardelike toekennings	49,337	45,958	53,084	71,109	81,678	105,642
TOTAAL	5,335,181	5,601,575	6,281,203	7,267,732	8,095,465	8,788,102
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)						
Huidige betaling	4,734,420	5,067,372	5,673,766	6,642,165	7,437,618	8,051,279
Vergoeding van werknemers	4,326,839	4,573,712	5,130,264	6,024,532	6,740,154	7,257,468
Opvoeders	3,903,115	4,116,340	4,617,238	5,422,078	6,066,138	6,531,720
Nie-opvoeders	423,724	457,372	513,026	602,454	674,016	725,748
Goedere en dienste en ander huidige betalings	407,581	493,660	543,502	617,633	697,464	793,811
Oordragte en subsidies	329,708	310,217	419,190	440,127	425,764	439,345
Betalings vir kapitaalbates	271,053	223,986	188,247	185,440	232,083	297,478
TOTAAL	5,335,181	5,601,575	6,281,203	7,267,732	8,095,465	8,788,102
STATISTIEK OOR DOELTREFFENDHEID						
Leerders (a)	920 812	914 543	891 749	901 749	911 749	921 749
Totale aantal moontlike leerderdae per leerder (b)	205	195	191	203	199	199
Totale leerderdae verloor weens afwesigheid (c)	Die statistiek kan tans nie bereken word nie omdat akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Ons voorsien dat die inligting in die toekoms d.m.v van kwartaallikse voorleggings deur skole verkry sal word.					
Aantal Opvoeders (in openbare diens)	27 375	27 748	27 614	28 651	28 651	28 651
Aantal Opvoeders (in openbare diens) Prim, & Sek. (d)	26 693	27 066	27 095	28 101	28 101	28 101
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)	6 261	5 937	6 311	6 381	6 456	6 456
Aantal Opvoeders (in openbare diens) (Kontrole)	682	682	519	550	550	550
Aantal permanente opvoeders wat openbare skole verlaat het (e)	1 007	883	1 093	1 044	1 044	1 044
Afslytingsyfer vir permanente opvoeders (e/d)	4%	3%	4%	4%	4%	4%
Totale aantal moontlike werksdae per opvoeder (f)	205	199	195	207	201	201
Totale aantal werksdae verloor weens afwesigheid van opvoeder (g)	269 219	346 506	330 000	320000	310 000	300 000
Nie- Artikel 21 skole wat LOOM op die eerste dag van die skooljaar ontvang (h)	602	516	456	425	400	375
STATISTIEK OOR INKLUSIEWE ONDERWYS						
Leerders met 'n hoë vlak van spesiale behoeftes in openbare gewone skole (i)	Historiese data nie beskikbaar nie	15 110	14 663	14 200	14 000	13 800

ST201	OPENBARE GEWONE SKOOL-ONDERWYS – Sleutelneigings (vervolg)					
	2005/06 Werklike	*2006/07 Werklike*	*2007/08 Beraamde*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*
STATISTIEK OOR SKOOLVOEDING						
Leerders wat voordeel trek uit skoolvoedingsprogram (j)	156 617	203 676	204 000	235 000	238 000	240 000
Program se reikwydte in terme van gemiddelde dae per leerder (k)	170	170	170	170	170	170
STATISTIEK OOR LEERDERVERVOER						
Leerders wat voordeel trek uit leerdervervoer (l)	46 700	46 700	45 600	46 000	46 500	47 000
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM201: Persentasie leerderdae gedek deur voedingsprogram ((j x k)/ (a x b))	14.1%	19.4%	20.4%	21.8%	22.3%	22%
► PM202: Persentasie leerders met spesiale behoeftes in gewone skole (i / a)	Historiese data nie beskikbaar nie	1.7%	1.6%	1.6%	1.5%	1.5%
► PM203: Persentasie openbare gewone skole met watervoorsiening	100%	100%	100%	100%	100%	100%
► PM204: Persentasie openbare gewone skole met elektrisiteit	100%	100%	100%	100%	100%	100%
► PM205: Aantal skole met toereikende aantal funksionele toilette	11.1%	11.7%	47.5%	49.1%	50.4%	51.8%
► PM206: Besteding op onderhoud as 'n persentasie van die waarde van die skoolinfrastruktuur	0.7%	0.8%	0.3%	0.3%	0.3%	0.5%
► PM207: Persentasie skole met meer as 40 leerders per klas	0%	0%	0%	0%	0%	0%
► PM208: Persentasie nie-Artikel 21-skole met alle LOOM en ander materiaal wat benodig word, gelewer op dag een van die skooljaar	100%	100%	100%	100%	100%	35%
► PM209: Persentasie skole met Artikel 21-status	58.6%	64.3%	68.6%	70.8%	72.5%	74%
► PM210: Persentasie werksdae verloor weens afwesigheid van opvoeder in openbare gewone skole ((g / (d x f))	4.9%	6.4%	6.5%	5.6%	5.5%	5.4%
► PM211: Persentasie leerderdae verloor weens leerderafwesigheid in openbare gewone skole (c / (a x b))	Hierdie PM kan nie op die oomblik bereken word nie aangesien daar nie akkurate databronne beskikbaar is nie. Dit word in die vooruitsig gestel dat hierdie inligting in die toekoms d.m.v. kwartaallikse voorleggings van skole bekom sal word.					
LET WEL: Die aantal skole met watervoorsiening en elektrisiteit (gebruik vir PM203 en PM204) kan gevind word in die tabelle oor primêre en sekondêre skole. Bronne: Provinsiale Begrotingsverklaring (2008).						

ST202	OPENBARE PRIMÊRE SKOLE – Sleutelneigings						
		2005/06 Werklike	*2006/07 Werklike*	*2007/08 Beraamde*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling		2,690,480	2,819,522	3,202,330	3,753,536	4,145,168	4,483,250
Vergoeding van werknemers		2,499,115	2,625,088	2,952,834	3,470,779	3,868,246	4,167,916
Opvoeders		2,281,917	2,388,830	2,687,079	3,158,427	3,520,124	3,792,804
Nie-opvoeders		217,198	236,258	265,755	312,352	348,122	375,112
Goedere en dienste en ander huidige betalings		191,365	194,434	249,496	282,758	276,921	315,334
Oordragte en subsidies		174,582	182,005	252,228	263,490	254,845	262,966
Betalings vir kapitaalbates		116,132	118,023	122,411	110,368	138,313	177,506
TOTAAL		2,981,194	3,119,550	3,576,969	4,127,395	4,538,325	4,923,722
PERSONEELVOORSIENING							
Aantal Opvoeders (in openbare diens) (a)		16 441	16 445	16 626	17 152	17 152	17 152
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)		3 608	3 432	3 455	3 455	3 455	3 455
INSKRYWING							
Leerders in openbare primêre skole (b)		572 328	582 566	577 474	582 474	587 474	592 474
L:O-verhouding in openbare primêre skole (b/a)		34.8	35.4	36.4	34.6	34.9	35.2
Leerders Graad 1 tot Graad 7 (c)		572 328	576 910	570 953	575 953	580 953	585 953
waarvan gestremde leerders is		Historiese data nie beskikbaar nie	13 470	13 183	13 321	13 321	13 321
waarvan vroulik is		281 609	284 538	282 421	284 894	287 367	289 841
geslagsgelykheidsindeks		0.94	0.95	0.95	0.95	0.95	0.95
INRIGTINGS & INFRASTRUKTUUR							
Skole		1 108	1 095	1 095	1 098	1 098	1 098
Aantal skole met Artikel 21-funksies		643	709	759	780	795	810
Aantal skole wat tot skole wat nie skoolgeld in nie, verklaar is		0	547	546	546	546	546
Aantal skole met watervoorsiening		1 108	1 095	1 095	1 098	1 098	1 098
Aantal skole met elektrisiteit		1 108	1 095	1 095	1 098	1 098	1 098
Aantal skole met toereikende aantal funksionele toilette		115	163	603	615	626	634
Klaskamers (d)		20 197	20 433	20 033	20 243	20 399	20 427
Leerder/klaskamer-verhouding		28.3	28.5	28.8	28.8	28.8	29.0
Skole met meer as 40 leerders per klas		0	0	0	0	0	0
BESTEDING OP ONDERHOUD (R'000)							
Besteding op skoolonderhoud		52,667	55,121	24,724	34,909	36,479	68,106
Vervangingswaarde van alle onroerende skoolinfrastruktuur (R'000)		8,000,000	8,000,000	8,960,000	10,035,200	11,239,424	12,558,155

ST202 OPENBARE PRIMÊRE SKOLE – Sleutelneigings (vervolg)						
	2005/06 Werklike	*2006/07 Werklike*	*2007/08 Beraamde*	*2008/09 Beraamde*	2009/10 *Beraamde*	*2010/11 Beraamde*
STATISTIEK OOR UITSET EN DOELTREFFENDHEID						
Aantal Graad 3-leerders wat gestandaardiseerde toetse aflê* (e)	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	82 879	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	79 033	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	82 000
Aantal Graad 3- leerders wat aanvaarbare uitkomste bereik* (f)		Geletterdheid: 39 533 Gesyferdheid: 25 692		Geletterdheid: 41 650 Gesyferdheid: 28 452		Geletterdheid: 47 314 Gesyferdheid: 33 620
Aantal Graad 6-leerders wat gestandaardiseerde toetse aflê** (g)	31 726	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	71 854	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	85 000	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen
Aantal Graad 6-leerders wat aanvaarbare uitkomste bereik** (h)	Geletterdheid: 13 357 Gesyferdheid: 5 457		Geletterdheid: 32 191 Gesyferdheid:10 060		Geletterdheid: 42 330 Gesyferdheid: 16 150	
Aantal Graad 1- tot 7-leerders wat hul graad herhaal (i)	Historiese data nie beskikbaar nie	46 179	45 559	45 000	44 500	44 000
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM212: Die prestasieverhouding van die minste bevoordeelde skole tot die mees bevoordeelde skole met betrekking tot Graad 3*	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	Geletterdheid: 0.375 Gesyferdheid: 0.174	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	Geletterdheid: 0.394 Gesyferdheid: 0.183	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	Geletterdheid: 0.413 Gesyferdheid: 0.192
► PM213: Herhalingsyfer in Graad 1 tot 7 (i/c)	Historiese data nie beskikbaar nie	8%	8%	7.8%	7.7%	7.5%
► PM214: Persentasie leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomste in gesyferdheid en geletterdheid bereik* (f/e)	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	Geletterdheid: 47,7% Gesyferdheid: 31%	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	Geletterdheid: 52,7% Gesyferdheid: 36%	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	Geletterdheid: 57,7% Gesyferdheid: 41%
► PM215: Persentasie leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomste in gesyferdheid, geletterdheid en natuurwetenskappe bereik** (h/g) (LET WEL: Natuurwetenskappe word nie in die Geletterdheids- en Gesyferdheidstoetse geassesseer nie)	Geletterdheid: 42,1% Gesyferdheid: 17,2%	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	Geletterdheid: 44,8% Gesyferdheid: 14%	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen	Geletterdheid: 49,8% Gesyferdheid: 19%	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen

* Hierdie statistieke kan nog nie deur die provinsies voorsien word nie aangesien die nasionale sistemiese evaluering se data nog nie hierdie inligting kan bied nie. WKOD-toetsresultate word dus as aanduiders gebruik.

** Graad - leerders skryf die WKOD se Geletterdheids- en Gesyferdheidstoets elke tweede jaar, bv. 2004, 2006, 2008, ens.*

*** Graad – leerders skryf elke tweede jaar die WKOD se Geletterdheids- en Gesyferheidstoets, bv. 2005, 2007, 2009 ens.*

ST203	OPENBARE SEKONDÊRE SKOLE – Sleutelneigings						
		2005/06 Werklike	*2006/07 Werklike*	*2007/08 Beraamde*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling		1,844,405	2,022,613	2,161,054	2,502,357	2,763,445	2,988,833
Vergoeding van werknemers		1,696,412	1,806,391	1,998,188	2,313,852	2,578,831	2,778,610
Opvoeders		1,524,702	1,625,752	1,798,369	2,082,467	2,320,948	2,500,749
Nie-opvoeders		171,710	180,639	199,819	231,385	257,883	277,861
Goedere en dienste en ander huidige betalings		147,993	216,222	162,866	188,504	184,615	210,223
Oordragte en subsidies		140,592	120,336	166,996	175,660	169,897	175,311
Betalings vir kapitaalbates		154,447	102,849	64,287	73,579	92,208	118,338
TOTAAL		2,139,444	2,245,798	2,392,337	2,751,595	3,025,551	3,282,482
PERSONEELVOORSIENING							
Aantal Opvoeders (in openbare diens) (a)		10 252	10 621	10 469	10 949	10 949	10 949
Aantal Nie-opvoeders		2 653	2 505	2 551	2 551	2 551	2 551
INSKRYWING							
Leerders in openbare sekondêre skole (b)		348 484	330 790	314 275	319 275	324 275	329 275
L:O-verhouding in openbare sekondêre skole (b/a)		34.0	31.1	31.5	29.2	29.6	30.1
Leerders Graad 8 tot Graad 12 (c)		348 484	337 633	320 796	325 796	330 796	335 796
Waarvan gestremde leerders is		Historiese data nie beskikbaar nie	1 602	1 439	1 539	1 539	1 539
waarvan vroulik is (d)		186 107	179 685	171 531	174 205	176 878	179 552
waarvan vroulik in Graad 10 tot 12 is		Historiese data nie beskikbaar nie		101 098	102 674	104 249	105 825
geslaggelykheidsindeks		1.1	1.1	1.1	1.1	1.1	1.1
Vroulike leerders Graad 10 tot 12 wat beide wiskunde en wetenskap neem (e)		Historiese data nie beskikbaar nie	25 298	23 448	23 813	24 179	24 544
INRIGTINGS & INFRASTRUKTUUR							
Skole		345	357	357	357	357	357
Aantal skole met SASA Artikel 21-funksies		208	225	237	250	260	270
Aantal skole wat tot skole wat nie skoolged in nie verklaar is		0	105	107	107	107	107
Aantal skole met watervoorsiening		345	357	357	357	357	357
Aantal skole met elektrisiteit		345	357	357	357	357	357
Aantal skole met toereikende toiletfasiliteite		47	47	87	99	107	119
Aantal skole met 'n wetenskapslaboratorium		314	318	352	354	357	357
Klaskamers (f)		10 825	10 960	11 595	11 661	11 760	11 760
Leerder-/klaskamer-verhouding (b/f)		32.2	30.2	27.1	27.4	27.6	28.0
Skole met meer as 40 leerders per klas		0	0	0	0	0	0

ST203	OPENBARE SEKONDÊRE SKOLE – Sleutelneigings (vervolg)					
	2005/06 Werklike	*2006/07 Werklike*	*2007/08 Beraamde*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*
BESTEDING OP ONDERHOUD (R'000)						
Besteding op skoolonderhoud	26,333	42,721	12,362	17,454	18,240	34,053
Vervangingswaarde van alle onroerende skoolinfrastruktuur (R'000)	4,000,000	4,000,000	4,400,000	5,017,600	5,619,712	6,294,077
STATISTIEK VAN UITSET EN DOELTREFFENDHEID						
Aantal Graad 9-leerders wat gestandaardiseerde toetse aflê (g)	82 169	81 869	80 698	73 059	76 000	78 000
Aantal Graad 9-leerders wat aanvaarbare uitkomste bereik (h)	64 092	65 495	66 172	60 639	63 840	66 300
Aantal Graad 8- tot 12-leerders wat hul Graad herhaal (i)	Historiese data nie beskikbaar nie	61 755	61 528	61 000	60 500	60 000
Bevolking met ouderdom van 18 (j)	83 524	84 605	86 392	88 200	89 918	91 631
Aantal leerders wat SS-eksamens aflê (k)	38 586	39 824	41 922	43 000	45 000	47 000
Aantal leerders wat SS-eksamen slaag (l)	32 573	33 316	33 787	35 260	36 540	37 500
Aantal leerders wat met goedkeuring slaag	10 394	10 589	10 300	11 200	11 600	12 000
SS-10 tot 12	84.4%	83.7%	80.6%	82.0%	81.2%	79.8%
Aantal SS-kandidate wat beide wiskunde en wetenskap slaag (m)	9 708	9 461	9 845	16 800	17 200	17 600
Aantal skole wat SS-eksamens aflê	389	396	401	401	401	401
Aantal skole met 'n SS-slaagsyfer laer as 40%	8	6	6	0	0	0
SS-slaagsyfer 10 tot 12 van kwintiel 1-skole (n)	62.0%	69.4%	69.1%	72.0%	75.0%	78.0%
SS-slaagsyfer 10 tot 12 van kwintiel 5-skole (o)	94.4%	93.0%	92.4%	96.0%	96.2%	96.4%
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM216: Persentasie vroulike leerders wat wiskunde en wetenskap in Graad 10 tot 12 neem* (e/d)	Historiese data nie beskikbaar nie		23.2%	23.2%	23.2%	23.2%
► PM217: Die prestasiesyfer van die minste bevoordeelde skole tot die mees bevoordeelde skole met betrekking tot die Graad 12-slaagsyfer	65.7%	74.6%	74.8%	75.0%	78.0%	65.7%
► PM218: Herhalersyfer in Graad 8 tot 12 (i/c)	Historiese data nie beskikbaar nie		18.3%	19.2%	18.7%	18.3%
► PM219: Slaagsyfer in Graad 12-eksamens (l/j)	39.0%	39.4%	39.1%	40.0%	40.6%	39.0%
► PM220: Slaagsyfer in Graad 12 vir wiskunde en wetenskap (m/j)	11.6%	11.2%	11.4%	19.0%	19.1%	11.6%
► PM221: Persentasie leerders in Graad 9 wat aanvaarbare onderwysuitkomste in al die leerareas bereik het (h/g)	78.0%	80.0%	82.0%	83.0%	84.0%	78.0%

LET WEL: *PM216 tel deelname aan wiskunde en wetenskap op beide HG- en SG-vlakke.

ST204	OPENBARE GEWONE SKOOL-ONDERWYS - Skole volgens die laagste en hoogste graad (2007)											
	Gr. 1	Gr. 2	Gr. 3	Gr. 4	Gr. 5	Gr. 6	Gr. 7	Gr. 8	Gr. 9	Gr. 10	Gr. 11	Gr. 12
Gr. 1		1	21	4	7	136	181	730	95			42
Gr. 2							1					
Gr. 3							1					
Gr. 4							10	2	1			
Gr. 5												
Gr. 6												
Gr. 7									5			7
Gr. 8									2	1	1	297
Gr. 9											1	2
Gr. 10										1		
Gr. 11												
Gr. 12												1
	Totale primêre skole (prog. 2.1)						1 095	Sek. skole (prog. 2.2)				357

LET WEL: Die grade in die linkerkantste kolom dui die laagste graad beskikbaar in elke skool aan, en die grade langsaan die boonste ry dui die hoogste graad aan. Bron: Jaarlikse Skole-opname (2007).

ST205	OPENBARE GEWONE SKOOL-ONDERWYS – Besonderhede van inskrywingsvloeikoers (2006)					
	Leerders 2006*	Leerders 2007*	Herhalers**	Herhalersyfer	Skool-verlaters ***	Skoolverlater syfer
Gr. 1	84 279	89 439	15 943	17.8%	6 187	6.9%
Gr. 2	82 599	83 037	7 377	8.9%	4 358	5.2%
Gr. 3	83 336	79 033	4 362	5.5%	3 829	4.8%
Gr. 4	89 415	85 450	6 163	7.2%	4 003	4.7%
Gr. 5	78 335	86 598	3 460	4.0%	3 975	4.6%
Gr. 6	77 646	77 880	3 353	4.3%	4 240	5.4%
Gr. 7	72 398	75 788	2 573	3.4%	4 914	6.5%
TOTAAL GR. 1 TOT 7	568 008	577 225	43 231	7.5%	31 506	5.5%
Gr. 8	59 891	69 813	5 574	8.0%	7 570	10.8%
Gr. 9	80585	73 059	15 783	21.6%	13 136	18.0%
Gr. 10	87 812	79 529	21 059	26.5%	18 161	22.8%
Gr. 11	65 013	64 178	10 851	16.9%	12 489	19.5%
Gr. 12	41 287	43 208	8	0.0%	1 514	3.5%
TOTAAL GR. 8 TOT 12	334 588	329 787	53 275	16.2%	52 870	16.0%

Voetnotas

* *Alle syfers verteenwoordige die status van die kitsopnames van 2007 en 2008 skooljare.*

** *Herhaalsyfers verwys na die SOBIS leerders wat in 2008 herhaal en is bereken volgens die 2008 kitsopname syfers.*

*** *Die uitvalsyfer verwys na die SOBIS leerders wat in 2007 uitgeval het en gebruik die 2007 kitsopname syfers.*

ST206	OPENBARE GEWONE SKOOL-ONDERWYS – Opvoeder- en leerderbywoning (2007)			
	Aantal leerders	Potensiële leer- en onderrigdae	Dae verloor **	% dae verloor
2.1 Openbare primêre skole				
2.2 Openbare sekondêre skole	15 857	3 155 543	199 980	6.3%
TOTAAL	9 989	1 987 811	130 020	6.5%
LEERDERS	25 846	5 143 354	330 000	6.4%
2.1 Openbare primêre skole				
2.2 Openbare sekondêre skole	577 474	110 297 534	Die aantal leerderdae wat verlore gaan, kan nie tans bereken word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Daar word voorsien dat hierdie inligting uit kwartaallikse voorleggings deur skole ingewin sal word.	
TOTAAL	314 275	60 026 525		
TOTAL	891 749	170 324 059		

** Bron: Posvoorsiening 2007*
*LET WEL **: die opvoederdae wat verlore gaan m.b.t. alle verlof geneem, ongeag of die opvoeder deur 'n plaasvervangende opvoeder vervang is of nie.*

ST207	OPENBARE GEWONE SKOOL-ONDERWYS – Leerder/opvoeder-verhouding per kwintiel (2008)					
	Leerders	Opvoeders in openbare diens *	Openbare L:O	Opvoeders in privaat diens **	Totale getal opvoeders	Effektiewe L:O-ver-houding
2.1 Openbare primêre skole	583 334	15 962	36.5	2 779	18 741	31.1
Kwintiel 1 (armste)	47 782	1 508	31.7	87	1,595	30.0
Kwintiel 2	55 063	1 513	36.4	95	1,608	34.2
Kwintiel 3	131 961	3 540	37.3	141	3,681	35.8
Kwintiel 4	169 339	4 647	36.4	413	5,060	33.5
Kwintiel 5 (mins arm)	179 189	4 754	37.7	2 043	6,797	26.4
2.1 Openbare sekondêre skole	328 169	10 026	32.7	1 776	11 802	27.8
Kwintiel 1 (armste)	12 353	318	38.8	26	344	35.9
Kwintiel 2	19 869	612	32.5	55	667	29.8
Kwintiel 3	79 206	2 435	32.5	93	2,528	31.3
Kwintiel 4	83 318	2 617	31.8	182	2,799	29.8
Kwintiel 5 (mins arm)	133 423	4 044	33.0	1 420	5,464	24.4

** Bron: Persal*
*** Bron: Kitsopname 2007*

ST208	OPENBARE GEWONE SKOOL-ONDERWYS – Hulpbronvoorsiening via die Skoolbefondsingsnorme (2008/09)			
Programme Wetlike status / Armoede- kwintiele	Skole	Totale besteding (R'000)	Leerders	Besteding per leerder R
2.1 Openbare primêre skole				
Nie-Artikel 21-skole	351	97,825	194 759	502
Kwintiel 1 (armste)	92	15,992	20 569	777
Kwintiel 2	28	12,397	17 436	711
Kwintiel 3	92	43,068	74 127	581
Kwintiel 4	86	19,337	49 837	388
Kwintiel 5 (minste are)	53	7,031	32 790	214
Artikel 21-skole	737	151,872	388 575	391
Kwintiel 1 (armste)	177	21,150	27 213	777
Kwintiel 2	75	26,753	37 627	711
Kwintiel 3	82	33,602	57 834	581
Kwintiel 4	160	46,377	119 502	388
Kwintiel 5 (mins arm)	243	23,990	146 399	164
TOTAAL	1 088	249,697	583 334	428
2.2 Openbare sekondêre skole				
Nie-Artikel 21-skole	114	61,124	115 258	530
Kwintiel 1 (armste)	9	6,608	8 527	775
Kwintiel 2	11	9,274	13 044	711
Kwintiel 3	43	28,062	48 264	581
Kwintiel 4	29	9,659	23 362	413
Kwintiel 5 (mins arm)	22	7,521	22 061	341
Artikel 21-skole	246	75,568	212 911	355
Kwintiel 1 (armste)	5	2,965	3 826	775
Kwintiel 2	8	4,853	6 825	711
Kwintiel 3	31	17,977	30 942	581
Kwintiel 4	63	24,184	59 956	403
Kwintiel 5 (mins arm)	139	25,589	111 362	230
TOTAAL	360	136,692	328 169	417
Totaal vir Nie-Artikel 21-skole	465	158,949	310 017	513
Totaal vir Artikel 21-skole	983	227,440	601 486	378
Totaal vir Kwintiel 1	283	46,715	60 135	777
Totaal vir Kwintiel 2	122	53,277	74 932	711
Totaal vir Kwintiel 3	248	122,709	211 167	581
Totaal vir Kwintiel 4	338	99,557	252 657	394
Totaal vir Kwintiel 5	457	64,131	312 612	205
SOMTOTAAL VAN	1 448	386,389	911 503	424
Program 2 nie-personeel nie-kapitale begroting		980,127		
Topsnit-vlak		60.6%		

B.3 Subsidies aan onafhanklike skole

Die onderstaande is meetbare doelwitte (▲) wat verband hou met program 3, en die prestasiemaatreëls (►):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Gehalte	▲ Om te verseker dat die gehalte-onderwys in onafhanklike skole plaasvind	► PM301: Persentasie befondsde onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Beleide

Die Wes-Kaap Wet op Provinsiale Skoolopvoeding Wet Nr. 12 van 1997.

Strategiese mikpunte en doelwitte (Uittreksel uit vyfjaarplan):

Om toegang tot gehalte-onderwys vir alle kinders in die provinsie te verseker.

Prioriteite:

Grondwetlik mag enigeen 'n onafhanklike skool en op eie koste bedryf, onderhewig aan streng kriteria. Hierdie skole mag nie diskrimineer op grond van ras nie, moet gehalte-onderwys bied, waarvan die standaard nie laer is nie as dié van 'n soortgelyke skool, en moet by die WKOD geregistreer wees.

Streng registrasiekriteria word toegepas, nl.:

- Fasiliteite moet geskik wees en 'n sertifikaat van die Plaaslike Owerheid word vereis vir klaring om 'n onderwysinrigting te bedryf.
- Daar moet 'n geskrewe Grondwet wees.
- Onderwysers moet toepaslik gekwalifiseerd wees.
- Die kurrikulum van die skool moet verseker dat die uitkomste van die Nasionale Kurrikulum bereik word.

Alle onafhanklike skole wat by die WKOD geregistreer is, is geregtig om, afhangende van die Norme en Standaarde vir die Befondsing van Onafhanklike Skole, maksimum subsidies, gelykstaande aan 60% van die koste per leerder in openbare skole, te ontvang. Alle onafhanklike skole wat om 'n subsidie aansoek doen, en wat ingevolge die Befondsingsbeleid op befondsing geregtig is, ontvang 'n subsidie. Om egter volhoubaarheid te verseker, word subsidies slegs toegeken nadat die skool een jaar lank in bedryf was. Sodra aansoek om 'n subsidie gedoen is, besoek Distriksamptenare die skole om die opvoedkundige programme te evalueer. Betaling word slegs gedoen indien 'n bevredigende verslag by die aansoek gevoeg word, tesame met 'n aanbeveling om betaling.

Die WKOD moet verseker dat gehalte-onderwys in onafhanklike skole plaasvind en sal skole in hierdie verband monitor. Die uitslae van die Senior Sertifikaat in onafhanklike skole word sorgvuldig gemonitor. Waar skole nie op vlakke bokant dié van openbare skole presteer nie, word hulle in kennis gestel dat hulle die gevaar loop om gederegistreer te word.

Ontleding van vordering

Gehalte

Daar is tans 215 geregistreerde onafhanklike skole in die Wes-Kaap. Hierdie skole akkommodeer 'n verskeidenheid van leerders uit wisselende sosio-ekonomiese agtergronde en hulle is gewaardeerde vennote in die voorsiening van onderwys in die provinsie. Die WKOD verskaf tans subsidies aan 89 onafhanklike skole in die Wes-Kaap. Hierdie onafhanklike skole bied leergeleenthede aan benadeelde leerders in die provinsie.

Ontleding van beperkinge en maatreëls om dit te oorkom

'n Paar onafhanklike skole het 'n baie swak rekord in die sistemiese toetsing op Graad 3- en 6-vlak, asook in Graad 12. Daar kom ook baie klagtes van leerders en ouers voor. Die WKOD monitor hierdie skole om te verseker dat hulle gehalte-onderwys bied.

Die deurvoer- en uitsetsyfers, asook die uitslae van die onafhanklike skole wat 'n subsidie ontvang, word noukeurig gemonitor. Subsidies sal dienooreenkomstig aangepas word indien skole voortdurend swak resultate oplewer.

ST301	SUBSIDIES AAN ONAFHANKLIKE SKOLE- Sleutelneigings						
		2005/06 Werklike	*2006/07 Werklike*	*2007/08 Beraamde*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)							
3.1 Primêre fase		17,432	15,902	22,327	26,909	28,705	30,248
3.2 Sekondêre fase		15,013	18,357	17,214	21,497	22,932	24,165
TOTAAL		32,445	34,259	39,541	48,406	51,637	54,413
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling		-	-	-	-	-	-
Vergoeding van werknemers		-	-	-	-	-	-
Goedere en dienste en ander huidige betalings		-	-	-	-	-	-
Oordragte en subsidies		32,445	34,259	39,541	48,406	51,637	54,413
Betaling vir kapitaalbates		-	-	-	-	-	-
TOTAAL		32,445	34,259	39,541	48,406	51,637	54,413
PERSONEELVOORSIENING							
Aantal Opvoeders (in openbare diens)		-	-	-	-	-	-
INSKRYWING							
Leerders in onafhanklike skole wat 'n subsidie ontvang		16 837	17 964	16 703	16 703	16 703	16 703
3.1 Primêre fase		11 177	11 843	8 626	8 626	8 626	8 626
3.2 Sekondêre fase		5 660	6 121	8 077	8 077	8 077	8 077
Leerders in nie-gesubsidieerde onafhanklike skole		Historiese data nie beskikbaar nie		8 532	8 532	8 532	8 532
Graad 1 tot 7				6 474	6 474	6 474	6 474
Graad 8 tot 12				2 058	2 058	2 058	2 058
TOTAAL (alle leerders in onafhanklike skole)		16 837	17 964	25 235	25 235	25 235	25 235
INRIGTINGS							
Skole wat 'n subsidie ontvang		81	87	89	89	89	89
3.1 Primêre fase		60	65	57	57	57	57
3.2 Sekondêre fase		21	22	32	32	32	32
Skole wat nie 'n subsidie ontvang nie		104	118	129	129	129	129
TOTAAL		185	205	218	218	218	218
Gesubsidieerde skole wat gedurende die jaar vir moniteringsdoeleindes besoek is (b)		0	0	44	45	45	45
► PRESTASIEMAATREËLS							
► PM301: Persentasie van befondste onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is (b/a)		-	0.0%	49.4%	50.6%	50.6%	50.6%

ST302	SUBSIDIES AAN ONAFHANKLIKE SKOLE – Hulpbronvoorsiening via die Skoolbefondsingsnorme (2007)

Subsidievlak	Skole	Totale besteding (R'000)	Leerders	Besteding per leerder
60 % (armste)	26	22,676	6 321	3,587
40%	26	10,707	4 286	2,498
25%	19	4,822	3 070	1,571
15%	18	2,281	3 026	754
0% (mins arm)	2	0	107	0
TOTAAL	91	40,486	16 810	2,408

LET WEL die aantal skole hierbo (91) sluit nie skole in wat nie vir 'n subsidie aansoek gedoen het nie (127). Subsidievlakke hou verband met skoolgeldvlakke op 'n vyfpunt- progressiewe skaal. Skole wat die laagste vlak van skoolgeld vra, sal die hoogste vlak van subsidie ontvang. Skole wat die afsonderlike provinsiale gemiddelde ramings per leerder in die Primêre of Sekondêre fase meer as 2.5 keer oorskry, word beskou as skole wat 'n hoogs vermoënde kliëntebasis bedien, en 0% subsidie sal uit openbare fondse aan hulle betaal word.

Bron: Kennisgewing 20 van 2003.

B.4 Openbare spesiale skool-onderwys

Die onderstaande is die meetbare doelwitte (▲) wat verband hou met program 4, en die prestasiemaatreëls (►):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Tom toegang tot spesiale skole te bied in ooreenstemming met beleid en die beginsels van inklusiewe onderwys	► PM401: Persentasie kinders met spesiale behoeftes van verpligte skoolgaande ouderdom nie by onderwysinrigtings ingeskryf nie

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Beleide

Onderwyswitskrif 6; Departement van Onderwys se Konseptuele en Operasionele Riglyne vir die Implementering van Inklusiewe Onderwys: Voldiens-skole; Departement van Onderwys se Voldiens-skole: Fisiese en Materiële Hulpbronne – Voldiens-skole Fisiese Hulpbronne-spesifikasie; Departement van Onderwys (EDO 296) Inklusiewe Onderwys – Voldiens-skole: Fisiese en Materiële Hulpbronne - Onderhoudhandleiding.

Strategiese mikpunte en doelwitte (Uittreksel uit vyfjaarplan):

Om gehalte-onderwys vir alle kinders wat in die provinsie woon, te verseker
Om doeltreffende bestuur en beheer in al die leeromgewings en steunstrukture te verseker
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende onderrig te voorsien

Prioriteite:

Oordragbetalings aan spesiale skole word bepaal op grond van die aantal leerders sowel as die leerdergewigte, gebaseer op die verskillende leerstoornisse, soos voorgeskryf in die Wet op Indiensneming van Opvoeders 1998. Die oordragbetalings sluit subsidies vir die vergoeding van busbestuurders en klaskamerassistente, vervoer, koshuisakkommodasie, LOOM, asook professionele en spesiale dienste en administratiewe koste in. Skoolgebaseerde bestuurspanne by OBOS'e en SBL'e monitor besteding en kwartaallikse finansiële verslae word voor 30 Junie van die daaropvolgende jaar by die WKOD ingedien.

Personeel vir spesiale skole word, in beginsel, bepaal deur die aantal leerders en die leerdergewigte gebaseer op die verskillende leerstoornisse, asook op grond van die aantal poste vir spesiale skole.

Die rasionalisering van spesiale skole in die provinsie ten einde toeganklikheid vir leerders met leerstoornisse te bevorder, is 'n prioriteit. Die versterking van spesiale skole/hulpbronsentrums is baie belangrik om gespesialiseerde steun te bied vir hoofstroom- en voldiens-skole in samewerking met die distriksgebaseerde steunspanne. Hierdie prioriteit is ook gekoppel aan die nasionale Inklusiewe Onderwys-veldtoetsingsprojek in die drie nodale sones van die provinsie. Dit sluit ook in die opgradering van kapasiteit om gespesialiseerde dienste aan leerders met 'n hoë vlak van ondersteuningsbehoeftes te lewer, asook die opgradering van fisiese fasiliteite om toeganklikheid te verbeter.

Ontleding van vordering

Toegang

Daar is tans 15 715 leerders in die 72 spesiale skole waarvan sewe die VOO-kurrikulum aanbied. As gevolg van die groter vraag na plasing van leerders by Vaardigheidskole word twee nuwe skole, een in Khayelitsha en die ander een in Retreat, beplan..

Die Departement van Kultuursake en Sport en die WKOD het gesamentlik die Wes-Kaapse Sportskool in Kuilsrivier gevestig. Hierdie skool het in Januarie 2007 sy deure geopen met 68 Graad 8- en 9-leerders. Aan die begin van die 2008-skooljaar was daar 111 leerders. 2008 was ook die begin van die skool se Graad 10-klasse, asook die bekendstelling van 'Sport- en Oefenwetenskap' – 'n nuwe VOO-vak, wat deur die WKOD nagevors en ontwikkel is en deur die Departement van Opvoeding (DOO) as 'n geakkrediteerde VOO-NKV-vak erken is.

Die Sirkel van Hoop-filosofie is die hoeksteen vir die transformasie van die benadering in Onderwys, om moeilike gedrag vanuit 'n kragtige perspektief en om te reageer op hierdie uitdagings met herstellende intervensiestrategieë. Opleidingsprogramme word onderlê deur die universele waardes van die Sirkel van Hoop wat noodsaaklik is om in die ontwikkelingsbehoeftes van leerders te voorsien deur 'n kultuur van leer en onderrig te skep wat positiewe sosialisering, akademiese uitmuntendheid, verantwoordelike burgerskap, en gesonde en sorgsame lewenstyle bevorder.

Opleiding van personeel van jeugsentra en die ondersteuningsdienste vir die hantering van moeilike gedrag in die Distrik, asook die opleiding van personeel as fasiliteerders van jeugontwikkelingsprogramme is deurlopend. Fasiliteerders van die jeugontwikkelingsprogramme vir die *Mapping the Future*-program en die Dwelminligtingsprogram is in alle Distrikte opgelei. Distrik-ondersteuningspersoneel en personeel van jeugsentra is opgelei tydens kursusse oor terapeutiese vaardighede, o.a. *Life Space Crisis Intervention* (26), herstellende onderhoudvoering (RAP-opleiding) (288), herstellende groepintervensie (21), ontwikkelingsassessering van leerders wat in gevaar is (82), dwelmberading (108) en die hantering van onvanpaste seksuele gedrag (30). Altesaam 951 personeellede het tot dusver aan die opleidingsprogramme deelgeneem.

Minimum standaarde vir spesiale onderwysdienste vir leerders wat aan risiko's blootgestel is, is goedgekeur en na die distrikte versprei vir implementering. Die doel van hierdie standaarde is om te verseker dat dienste gepas en doeltreffend is, dat die beginsels van die SA Grondwet, ander wetgewing en internasionale instrumente (VN Konvensie oor die Regte van die Kind) gehandhaaf word, asook om die uitdagings ten opsigte van voorsiening te identifiseer, en om kapasiteit en hulpbronne aan te vul om die skole te ontwikkel. Al ses die jeugsentrums is geassesseer op grond van die Minimum Standaarde vir Spesiale Onderwysdienste aan leerders wat 'n risiko loop om emosionele en/of gedragsprobleme te ondervind of leerders waar hierdie probleme reeds gemanifesteer het.

Ontleding van beperkings en beoogde maatreëls om dit te oorkom

Die huidige voorsiening in die spesiale skool-sektor is ontoereikend en kan nie die groot getal leerders wat leerstoornisse ondervind wat na spesiale skole verwys word, hanteer nie. Dit lei tot waglyste by bestaande spesiale skole. Die beoogde rasionalisasie van spesiale skole het as doelwit om dienslewering en toegang te verbeter sodat meer leerders geakkommodeer kan word. Hoewel die beskikbaarheid van voldoende befondsing en bykomende KS-opvoederposte in die korttermyn 'n uitdaging vir die uitbreiding van die kapasiteit van spesiale skole is, is maniere bespreek om die kwessie aan te spreek en is 'n plan ontwikkel. Van hierdie maatreëls sluit in eenhede wat by hoofstroom skole ontwikkel word om meer leerders met spesiale behoeftes te akkommodeer.

Leerders wat ernstiger emosionele, gedrags- en sielkundige hindernisse toon, kan nie by bestaande spesiale skole of jeugsentra geakkommodeer word nie. Hierdie opvoedkundige inrigtings het nie die kapasiteit om die intensiewe vlak van ondersteuning en behandeling wat vereis word, te lewer nie. Die diensleweringsmodelle van die Departement van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling is ook ontoereikend om hierdie dienste te lewer. As gevolg hiervan het hierdie ongelukkige leerders nie behoorlike toegang tot die kurrikulum nie en kan hulle ook nie gepaste sorg of terapeutiese dienste ontvang nie. Sommige leerders bots met die gereg as gevolg van 'n gebrek aan dienste en word in die proses gekriminaliseer en dan ingevolge die Kindersorgwet, 1983 en die Wet op Kriminele Prosedures, 1977 onderskeidelik na jeugsentra en spesiale jeugsentra verwys. Daar is met die relevante susterdepartemente in gesprek getree en dit lyk asof daar binnekort 'n oplossing vir die probleem sal wees.

ST401	OPENBARE SPESIALE SKOOL-ONDERWYS – Sleutelneigings					
	2005/06 Werklike	*2006/07 Werklike*	*2007/08 Beraamde*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)						
4.1 Skole	366,447	389,112	423,844	500,587	549,852	602,883
4.2 Professionele dienste	0	0	1	1	1	1
4.3 Menslike hulpbron-ontwikkeling	0	0	1	1	1	1
TOTAAL	366,447	389,112	423,846	500,589	549,854	602,885
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)						
Huidige betaling	294,556	312,419	344,380	416,378	461,769	510,748
Vergoeding van werknemers	291,577	307,469	339,364	397,997	441,433	469,774
Opvoeders	224,513	236,750	261,309	306,456	339,902	361,724
Nie-opvoeders	67,064	70,719	78,055	91,541	101,531	108,050
Goedere en dienste en ander huidige betalings	2,979	4,950	5,016	18,381	20,336	40,974
Oordragte en subsidies	71,735	76,489	79,466	84,211	88,085	92,137
Betalings vir kapitaalbates	156	204	0	0	0	0
TOTAAL	366,447	389,112	423,846	500,589	549,854	602,885
PERSONEELVOORSIENING						
Aantal Opvoeders (in openbare diens)	1 480	1 538	1 620	1 620	1 620	1 620
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)	905	904	932	932	932	932
INSKRYWING						
Tot en insluitend Graad 7	9 444	10 178	9 665	9 615	9 585	9 485
Graad 8 en hoër	4 411	5 586	6 050	6 175	6 425	6 675
INRIGTINGS & INFRASTRUKTUUR						
Skole	70	70	72	74	75	76
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM401: Persentasie kinders met spesiale behoeftes van verpligte skoolgaande ouderdom wat nie by opvoedkundige inrigtings ingeskryf is nie	Historiese data nie beskikbaar nie.	23,2%	6,2%*	6,1%	6%	5,9%
Bron: * Statistiek SA se Algemene Huishoudingopname 2006 – Hierdie is die persentasie gestremde kinders van verpligte skoolgaande ouderdom (7 – 14 jaar oud) nie by enige opvoedkundige inrigting ingeskryf nie in verhouding tot die somtotaal van gestremde kinders van verpligte skoolgaande ouderdom in die provinsie. Voorheen is die getal gestremde kinders van verpligte skoolgaande ouderdom wat nie by 'n opvoedkundige inrigting geregistreer is nie vergelyk met die somtotaal van kinders van verpligte skoolgaande ouderdom in die provinsie wat slegs by openbare skole ingeskryf is.						

B.5 Verdere Onderwys en Opleiding

Die onderstaande is meetbare doelwitte (▲) wat verband hou met program 5 en die prestasiemaatreëls (►):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om die VOO-kollegesektor uit te brei n.a.v. die ekonomiese en maatskaplike behoeftes van die land.	► PM501: Persentasie VOO-kollegestudente in verhouding tot die jeug in die provinsie ► PPM501: Aantal studielenings/beurse wat aan student vy VOO-kolleges toegeken is.
Gelykheid	▲ Om deelname deur histories gemarginaliseerde groepe aan VOO-inrigtings te bevorder.	► PM502: Persentasie vroulike studente in tegniese velde
Uitset	▲ Om die suksessyfer in die VOO-kollegsektor te verbeter.	► PM503: VOO-kollege deurvoersyfer
Gehalte	▲ Om toepaslike en reaktiewe gehalte VOO-leergeleenthede te bied	► PM504: Persentasie leerders in leerderskappe in al die VOO-kolleges

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Beleid

Die Wet op Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges Nr. 16, 2006; Nasionale Wet op Finansiële Hulpskemas vir Studente Wet Nr. 56 van 1999; Onderwyswitskrif 4 van 1998; Wet op Vaardigheidsontwikkelingsheffings Wet 9 van 1997; Wet op Vaardigheidsontwikkeling Wet 97 van 1998

Strategiese doelwitte en mikpunte (Uittreksel uit vyfjaarplan):

Om toegang tot gehalte VOO-kollegeonderwys vir almal in die provinsie te verseker
Om doeltreffende bestuur en beheer in alle leeromgewings en ondersteuningstrukture te verseker
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende onderwys te voorsien

Prioriteite:

Die voortgesette herkapitalisering van al 6 die VOO-kolleges met 'n fokus op vaardigheidsontwikkeling, in lyn met die MEOS en nasionale behoeftes, soos uiteengesit deur die Nasionale Menslike Hulpbron-ontwikkelingstrategie. Die voorwaardelike toekenning wat in 2006/07 bekendgestel is vir die herkapitalisering van die VOO-kolleges befonds hierdie strategie.

Die deelname en suksessyfers van leerders, en veral swart leerders, wat by kolleges aan die VOO-band deelneem, asook die aantal VOO-leerders wat kwalifiseer vir hoër onderwys, moet as volg verhoog word -

- Verhoog die aantal leerders van 16 - 22 jaar oud wat by kolleges ingeskryf is
- Verhoog die aantal leerders wat vir volle kwalifikasies ingeskryf is
- Verhoog die aantal leerders wat vir hoër onderwys kwalifiseer
- Bied nuwe programme aan en evalueer of hulle in die behoeftes van die ekonomie voorsien
- Lei lektore in nuwe VOO-kursusse op
- Onderhou leerder-ondersteuningseenhede by elk van die ses kolleges en bly op hoogte van leerders wanneer hulle klaar maak
- Ken beurse en lenings aan behoeftige leerders toe
- Onderhou rekenaarlaboratoriums
- Maak seker dat alle student in IKT opgelei word

Ontleding van vordering

Die vorige VOO-kurrikulum is gebaseer op Verslag 191 (Formele Tegniese Kollege-onderwysprogram in die RSA) en Verslag 190 (Norme en Standaarde vir onderrigprogramme en die eksaminering en sertifisering daarvan in tegniese kolleges vir opleiding) Hierdie kurrikula- en programaanbiedings is in die tydperk tot 2008 vervang deur 'n raamwerk wat 16- tot 18-jariges meer buigsame en reaktiewe onderwys- en opleidingsprogramme bied. Die raamwerk vir VOO bied drie rigtings na die VOOS- of NKR Vlak 4-sertifikate, nl.:

- Algemeen akademies
- Algemeen beroepsgerig
- Beroepsgerig – handel, operasioneel, professioneel

Dit beteken dat Verslag 191-programme geleidelik uitgefaseer word en dat relevante kwalifikasies en programme ingefaseer word. VOO-kolleges het alreeds begin om nuwe kursusse en kwalifikasies wat op die Eenheidstandaarde gebaseer is, te ontwikkel. Hierdie programontwikkelingsfase is aansienlik versterk deur die iKapa elihlumayo-toekenning vir die ontwikkeling van vlak 2- tot 4-programme.

Soos wat die geval is met VOO-skole, sal die provinsie 'n proses van kurrikulumregstelling aktief dryf om te verseker dat 'n wye reeks programme in alle distrikte aangebied word. Dit sal behoorlike beplanning en ernstige regstellende aksie vereis deur middel van die herkapitalisering van kolleges, veral wat die voorsiening van werkswinkels en toerusting, asook gespesialiseerde onderrigpersoneel betref.

Gerigte programme stel opvoeders aan kolleges in staat om hul vaardighede in wiskundige geletterdheid en wiskunde op te gradeer, teorie en praktyk te integreer, hul akademiese en professionele kwalifikasies op te gradeer, en om leer te assesseer ten einde die Umalusi- en SETA-standaarde te bereik, asook om leerstoornisse te hanteer.

Kolleges ontwikkel ook tans strategieë om toegang tot VOO-kolleges te verbreed, bv.:
- 'n Verskeidenheid leweringsmetodes (e-leer, afstandsleer, leerderskappe, vaardigheidsprogramme, ens.)
- Fasiliteite en opleiding wat aan die behoeftes van leerders met verskillende vermoëns voldoen
- Nuwe leeromgewings vir benadeelde en landelike gemeenskappe
- Beurs- en leningskemas

Die bevolking van 16- tot 20-jariges in die Wes-Kaap is 400 000, maar slegs 210 000 of 55% van die bevolkings is by skole, kolleges of volwassenesentrums vir kursusse (Graad 10, 11 en 12 of Vlak 2 tot 4 op die NKR) op VOO-vlak geregistreer. Bykans 50% van leerders van enige ouderdomsgroep verlaat die skoolstelsel sonder om Graad 12 te voltooi en met slegs 20 000 leerders in VOO-kolleges, is dit duidelik dat die meerderheid van leerders nie die kollege as 'n alternatief vir skool beskou nie. Alhoewel sosio-ekonomiese faktore 'n beduidende rol speel in leerders wat die skool verlaat, is die toepaslikheid van die vakaanbiedings en die vooruitsig van VOO-kwalifikasies wat tot indiensneming lei faktore waaraan die stelsel aandag skenk.

Die VOO-toegangsdoelwitte het twee dimensies: eerstens om te werk in die rigting van 'n meer gelyke balans tussen diegene wat by VOO-skole en VOO-kolleges ingeskryf is; en tweedens om getal 16- tot 20-jariges in VOO-inrigtings te verhoog. Oor die medium termyn beteken dit dat die getal Graad 10- tot 12-leerders met ongeveer 160 000 leerders verminder word en die getal leerders aan VOO-kolleges of diegene wat vir leerderskappe geregistreer is teen 2014 van 20 000 na 60 000 vermeerder word.

Nabetragting oor bostaande PMs

Uitbreidingsneigings (PM 501) het belowende aanduiders: die data sal bevestig word soos VOOBIS aan die einde van die volgende finansiële jaar aanlyn kom.

Hierdie sektor staar spesifieke uitdagings in die gesig wat hierna aangespreek word. In 2007 is daar 11 NC (V) Vlak 2-programme by VOO-kolleges geïmplementeer. Die implementering is deur twee groot stelselprobleme gekenmerk wat aan befondsing en eksaminering verwant is.

Die befondsingskwessie was die feit dat kolleges 'n nuwe konsep-befondsingsformule moes implementeer wat vereis het dat kolleges moes hou by 'maksimum' klasfooie. Hierdie befondsingsformule het ook 'n aansienlike bydrae van die WKOD vereis om bedryfskostes te dek wat andersins deur klasfooie gedek sou wees. Die bedryfsbydrae van R26 miljoen het nooit gematerialiseer nie en die kolleges moes self die NC (V) koste dra.

Die probleem met die eksamineringstelsel het ontstaan uit die feit dat die DvO se eksamineringstelsel nie behoorlik voorbereid was daarop om die moderering en eksaminering van die NC (V)-programme te doen nie. Uitslae was in sommige gevalle baie laat en in ander gevalle nog steeds uitstaande toe aanvullende eksamens geskryf is. Die interne en eksterne modereringsproses het groot verfyning nodig voordat dit geïmplementeer word en as gevolg daarvan was modereringsuitslae nie geloofwaardig nie en is dit in baie gevalle verwerp tot nadeel van die studente. Van die 3,222 studente wat aanvanklik ingeskryf was op NC (V) Vlak 2, het die kolleges 28% van student verloor en slegs 58,8% is gesertifiseer. 'n Groot getal student is tans vir die aanvullende eksamen geregistreer en uitslae sal slegs in April 2008 beskikbaar wees.

In Februarie 2008, was daar 5 247 studente op NC (V) Vlak 2 en 1 287 studente op NC (V) Vlak 3 ingeskryf. Die konsepbefondsingsnorm is in sy finale fase van goedkeuring. Daar is nog geen aanduiding dat die MTEF-siklus aangepas is om die bedryfskoste van NC (V)-lewering in te sluit nie. Kolleges hou vol dat hulle nie die nie-betaling van R52m, wat aan kolleges betaalbaar is ingevolge die voorgestelde befondsingsnorme, kan absorbeer nie.

Aan die pluskant is dit duidelik dat die NC (V) waarde tot mense se lewens voeg. Die uitdaging is dus om die stelselprobleme te oorkom en die kolleges te voorsien van die sekuriteit van openbare befondsing en 'n behoorlik ontwikkelde eksamineringstelsel.

Ontleding van beperkings en beoogde maatreëls om dit te oorkom

Die groeikoers van voltydse ekwivalente (VE's) in VOO-kolleges word slegs beperk deur hulpbronne, bv. personeel, toerusting, finansies, ens. VOO-kolleges bied kursusse aan wat strek vanaf 'n paar uur tot jare in terme van tydsduur. Leerderinskrywings is dus deurlopend. Geouditeerde VE's vir die voorafgaande jaar is slegs beskikbaar vanaf April in die daaropvolgende jaar omdat dit onderhewig is aan komplekse berekenings en ouditering deur eksterne ouditeurs, asook die finansiële state van die betrokke kollege.

Kolleges het leerderondersteuningseenhede gevestig om die wye verskeidenheid leerders met verskillende leeragtergonde en -ervarings te akkommodeer en te ondersteun. Leerders se vordering sal dop gehou word om te verseker dat hulle kurrikulumsteun kry en gehelp word met werkplasing.

Die geloofwaardigheid en waarde van die kwalifikasies wat by VOO-kolleges verwerf word, sal afhang van die gehalte van die programme wat hulle aanbied. Kolleges sal gehaltebeheerstelsels ontwikkel om die gehalte van akademiese programme en nie-akademiese prosesse te meet.

ST501	VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING – Sleutelneigings						
		2005/06 Werklike	*2006/07 Werklike*	*2007/08 Beraamde*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
5.1 Openbare inrigtings		168,186	201,048	229,635	249,551	345,639	363,445
5.2 Professionele dienste		0	0	1	1	1	1
5.3 Menslike hulpbron-ontwikkeling		0	0	1	1	1	1
5.4 Voorwaardelike toekennings		0	70,000	80,000	77,305	0	0
TOTAAL		168,186	271,048	309,637	326,858	345,641	363,447
BETALINGS PER EKONOMIESE KASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling		133,538	140,010	159,218	11,700	12,481	13,152
Vergoeding van werknemers		133,538	139,993	161,049	11,700	12,481	13,152
Opvoeders		110,618	116,194	133,670	9,711	10,359	10,916
Nie-opvoeders		22,920	23,799	27,379	1,989	2,122	2,236
Goedere en dienste en ander huidige betalings		0	17	0	0	0	0
Oordragte en subsidies		34,648	131,038	150,419	315,158	333,160	350,295
Betalings vir kapitaalbates		0	0	0	0	0	0
TOTAAL		168,186	271,048	309,637	326,858	345,641	363,447
PERSONEELVOORSIENING							
Opvoeders		1 040	1 062	1 066	1 120	1 120	1 120
In poste		776	767	836	Opvoeders wat na VOO-kolleges oorgeplaas is.		
In diens by kollege		264	295	230	1 120	1 120	1 120
Nie-opvoeders		858	815	802	813	813	813
In poste		253	245	232	24	24	24
In diens by kollege		605	570	570	789	789	789
INSKRYWING							
Voltydse ekwivalent-studente		21 000	21 323	22 976	20 000	21 000	22 000
Studente (per kop) (a)		44 296	44 960	48 421	41 157	43 214	45 374
waarvan vroulik is (b)		16 390	19 151	17 431	19 343	20 310	21 325
waarvan vroulik in tegniese velde is (c)		6 684	7 605	8 000	8 500	9 000	9 000
Studente wat programme suksesvol gedurende die jaar voltooi (d)		31 007	32 000	35 000	30 000	32 000	35 000
STATISTIEK OOR LEERDERSKAPPE							
Aktiewe leerderskapooreenkomste in die provinsie (e)		Historiese data nie beskikbaar nie.		4 525	5 000	5 000	5 000
Aantal ooreenkomste met VOO-kolleges as verskaffer (f)				1 090	1 090	1 090	1 090

ST501	VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING - Sleutelneigings (vervolg)					
	2005/06 Werklike	*2006/07 Werklike*	*2007/08 Beraamde*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*
STATISTIEK OOR LEERDERSKAPPE						
Aktiewe leerderskapooreenkomste in die provinsie (e)	Historiese data nie beskikbaar nie.		4 525	5 000	5 000	5 000
Aantal ooreenkomste met VOO-kolleges as verskaffer (f)			1 090	1 090	1 090	1 090
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM501: Persentasie VOO-kollegestudente in verhouding tot die jeug in die provinsie	17.9%*	21.4%*	2.1%	2.2%	2.3%	2.4%
► PM502: Persentasie vroulike student in tegniese velde (c/b)	41%	40%	46%	44%	44%	45%
► PM503: VOO-kollege deurvoersyfer (d/a)	70.0%	71.2%	72.3%	72.9%	74.1%	77.1%
► PM504: Persentasie leerders in leerderskappe geplaas deur VOO-kolleges (f/e)	Historiese data nie beskikbaar nie.		24%	22%	22%	22%
► PPM501: Aantal studielenings/beurse aan student aan VOO-kolleges toegeken	3 251	2 885	3 553	4 201	4 500	4 859
Bron: * Statistiek SA se Algemene Huishoudingopname 2006 – Hierdie is die persentasie 16- tot 18-jariges wat VOO-kolleges bywoon in verhouding tot die somtotaal van 16- tot 18-jariges in die provinsie. Die somtotaal van ingeskrewe studente is voorheen as persentasie van die totale bevolking van 15- tot 17-jariges ingesluit.						

B.6 Basiese Volwassene Onderwys- en Opleiding

Die onderstaande is die meetbare doelwitte (▲) wat met Program 6 verband hou en die prestasiemaatreëls(►):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om te verseker dat volwassenes sonder basiese onderwys toegang kry tot BOOV-sentrums.	► PM601: Persentasie BOOV-leerders in verhouding tot volwassenes in die provinsie

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Beleid

Basiese Volwassene-onderwys en opleiding Wet Nr. 52 van 2000; Provinsiale Wet: Die Wes-Kaapse Provinsiale Onderwyswet Nr. 12 van 1997.

BOOV-sentrums is nie noodwendig toegerus om NKV (VOO) aan te bied nie. Daarom sal die WKOD navorsing doen en geskikte alternatiewe programme identifiseer, insluitend vaardigheidsprogramme en VOO-verwante programme wat GLS'e op VOO-vlak kan aanbied.

Strategiese mikpunte en doelwitte (Uittreksel uit vyfjaarplan):

Om toegang tot BOOV en vaardigheidsontwikkeling vir volwassenes te verbeter in ooreenstemming met beleid
Om doeltreffende bestuur en beheer in alle leeromgewings en steunstrukture te verseker
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende onderwys te voorsien

Prioriteite:

Daar is voorsiening gemaak vir 2 500 nuwe leerders per jaar om toegang tot BOOV te kry. "Nuwe leerders" word gedefinieer as leerders wat die stelsel vir die eerste keer betree en diegene wat die stelsel na 'n onderbreking van een jaar betree. Daar sal aparte statistieke gehou word om die ontleding van skoolverlaters te vergemaklik.
BOOV sal deur middel van die volgende verskaf word:

a) Doel-gedrewe, gemodulariseerde BOOV vlak 1-, 2- en 3-leerplanne – bestaande uit twee programme, nl. gesyferdheid en geletterdheid wat in alle gemeenskapsentrums aangebied word
b) 'n Fokus op die keusevakke op BOOV Vlak 4, soos Aanvullende Gesondheidsorg, Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie
c) Vlak 4-sentrums wat 'n verskeidenheid van leerareas aanbied wat sal lei tot 'n doelgerigte AOOS-kwalifikasie vir die leerder in die konteks van die gemeenskap
d) Voorsiening van fisiese en finansiële hulpbronne om die BOOV-kurrikulum te ondersteun
e) Alle huidige opvoeders sal geteikende opleiding ontvang en alle nuwe opvoeders sal oriëntering en opleiding ontvang
f) Alle GLS-bestuurders wat deurlopende toepaslike opleiding ontvang
g) Verhoging van die aantal vennootskappe met provinsiale en nasionale regeringsdepartemente en die privaat sektor
h) Integrasie van IKT in die lewering van die kurrikulum op BOOV Vlak 1 – 4
i) Verbeterde monitering van leerderinskrywing/-behoud op distriksvlak
j) Die voorsiening van leerderskappe, vakleerlingskappe, internskappe en vaardigheidsprogramme wat gekoppel is aan werksgeleenthede moet verhoog word deur plasingsinstrumente toe te pas om te verseker dat leerders korrek geplaas word wanneer hulle vir 'n BOOV-kursus registreer.

Ontleding van vordering

Toegang

In 2002 het 10 000 volwasse leerders ingeskryf vir BOOV-kursusse en 16 000 vir Graad 10- en 12-programme. Die retensie- en deurvoersyfers in beide basiese en verdere onderwys by volwassenesentrums (GLS'e) is swak en die provinsie beoog om dit te verander deur middel van meer toepaslike programme en verbeterde leweringsmeganismes.

In 2007 het die 267 Gemeenskapsleersentrums 'n geleentheid aan 40 100 volwassenes tussen die nie-verpligte ouderdomme van 16 en ouer gebied om hul opleiding te verbeter of te voltooi. 1 573 volwassenes het aan kort vaardigheidsprogramme by Volwassene-leersentrums deelgeneem. Verhoogde toegang is verder verbeter deur 'n vaardigheidsgebaseerde (nie-skoolgebaseerde) BOOV vlak 1 – 4-kurrikum (bestaande uit gesyferdheids-, geletterdheids- en vaardigheidsprogramme) en BOOV vlak 3- en 4-kurrikulum (bestaande uit die basisvlakke) te verskaf, asook om kernleerareas in lyn met die leerder/sentrum se studierigting in BOOV Vlak 4 bekend te stel.

Verbeterde bestuur van GLS'e is deur die aanstelling van Voltydse Kontrak-Sentrumbestuurders (33) en Perseelkoördineerders (48) teweeggebring.

Ontleding van beperkings en beoogde maatreëls om dit te oorkom

Die meerderheid leerders behaal die vereiste krediete oor 'n tydperk van twee tot drie jaar. Sodra 'n leerder die vereiste 120 krediete behaal het, kan 'n AOOS deur UMALUSI uitgereik word. Gevolglik is die aantal AOOS'e wat uitgereik word (werklike prestasie) relatief laag vergeleke met die gestelde teiken. Verder is leerareasertifikate uitgereik wanneer leerders 'n leerarea suksesvol voltooi het.

Ten einde die gehalte van die voorsiening van toepaslike modelle vir onderrig en kurrikulumbestuur vir volwassene-onderwys by GLS'e te verbeter, sal die bevindinge van die lewensvatbaarheidstudie binne die konteks van beskikbare Nasionale Beleid en Riglyne geëvalueer word. Hierbenewens sal 'n opleidings- en ontwikkelingsmodel vir personeel aan BOOV-sentrums gevestig en geïmplementeer word. Die model sal verseker dat alle huidige opvoeders geteikende opleiding ontvang en dat alle nuwe opvoeders oriëntering, opleiding en ontwikkeling ontvang.

ST601	BASIESE VOLWASSENE ONDERWYS EN -OPLEIDING - Sleutelneigings					
	2005/06 Werklike	*2006/07 Werklike*	*2007/08 Beraamde*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*
BETALINGS PER SUB-PROGAMME (R'000)						
6.1 Subsidies vir private sentrums	23,051	23,539	26,054	27,787	29,431	30,909
6.2 Professionele dienste	0	0	1	1	1	1
6.3 Menslike hulpbron-ontwikkeling	0	0	1	1	1	1
TOTAAL	23,051	23,539	26,056	27,789	29,433	30,911
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)						
Huidige betaling	5,850	6,163	7,272	8,066	8,803	9,332
Vergoeding van werknemers	5,432	5,916	6,994	7,774	8,498	9,013
Opvoeders	4,569	4,969	5,882	6,538	7,147	7,580
Nie-opvoeders	863	947	1,112	1,236	1,351	1,433
Goedere en dienste en ander huidige betalings	418	247	278	292	305	319
Oordragte en subsidies	17,201	17,376	18,784	19,723	20,630	21,579
Betalings vir kapitaalbates	0	0	0	0	0	0
TOTAAL	23,051	23,539	26,056	27,789	29,433	30,911
PERSONEELVOORSIENING						
Aantal Opvoeders (in openbare diens)	3	4	4	4	4	4
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)	11	10	9	11	11	11
INSKRYWING						
AOO vlak	16 975	15 529	16 612	20 655	21 655	22 655
VOO vlak	17 668	22 110	23 405	21 845	23 345	24 845
TOTAAL	34 643	37 639	40 017	42 500	45 000	47 500
BEVOLKING						
Bevolking ouderdom 18 tot 60	2 718 151	2 767 069	2 821 443	2 874 777	2 927 328	2 979 586
INRIGTINGS						
Gesubsidieerde sentrums	346	351	368	368	368	368
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM601: Persentasie BOOV-leerders in verhouding tot volwassenes in die provinsie	1.3%*	1.4%*	0.04%	0.05%	0.06%	0.07%
► PPM601: Aantal BOOV-leerders vir VOO geregistreer	17,668	22,110	23,405	21,845	23,345	24,845

Bron: * Statistiek SA se Algemene Huishoudingopname 2006 – Hierdie is die persentasie van volwassenes in die provinsie wat daarvoor kwalifiseer en BOOV bywoon in verhouding tot die somtotaal van moontlike BOOV-kandidate in die provinsie. Die totaal van ingeskrewe BOOV-studente is voorheen bereken as 'n persentasie van die somtotaal van die bevolking van 18- tot 60-jariges.

B.7 Vroeë Kinderontwikkeling

Die onderstaande is die meetbare doelwitte (▲) wat met Program 7 verband hou en die prestasiemaatreëls (►):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om openbaar befondste Graad R te voorsien ooreenkomstig die beleid	► PM701: Persentasie leerders in openbaar befondste skole

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte:

Beleid en prioriteite:

Om dringend en doelgerig met MIV/VIGS te werk, in en deur onderwys, is 'n nasionale prioriteit waarvan die mandaat weerspieël word in onder andere die MIV/VIGS en SOS Strategiese Plan vir Suid-Afrika, 2007 - 2011, Die Nasionale Geïntegreerde Plan vir Kinders wat geïnfekteer en geaffekteer is deur MIV en VIGS (2001), die Wet op Nasionale Onderwysbeleid: Nasionale MIV/VIGS-beleid vir Leerders en Opvoeders (1996), en die Wet op die Verdeling van Inkomste. Die Onderwys se verantwoordelikheid word ook vervat in die Regering se Nasionale Aksieprogram, Sosiale Kluster (2006), ingevolge die voortgesette implementering van die Regering se Omvattende Plan om MIV en VIGS hok te slaan.

Op 'n provinsiale vlak handel die Wes-Kaapse Provinsiale Groei-en-ontwikkelingstrategie oor die verhouding tussen byvoorbeeld die menslikekapitaal- en sosialekapitaal-ontwikkelingstrategieë, terwyl die Sosialekapitaal-formasiestrategie sosialekapitaalformasie verder beskryf ingevolge belangrike provinsiale intervensies, soos Gesondheid 2010, die provinsiale MIV/VIGS-program, jeugontwikkeling, gesinsversterkingsprogramme, versterking van gemeenskapsgebaseerde strukture, ensovoorts. Die goedgekeurde konsep van die Interdepartementele Omvattende MIV & Vigs-strategie vir die Wes-Kaap, Strategiese Plan en Implementeringsraamwerk: 2007 tot 2011 beskryf die verantwoordelikhede en teikens vir die Wes-Kaap Onderwysdepartement. Ingesluit hierby is die nuwe verantwoordelikhede en teikens van die WKOD vir onder andere potensieel sensitiewe kwessies soos die promosie en verskaffing van vrywillige berading en toetsing vir volwassenes ouer as 15 jaar (provinsiale teiken: 15% van volwassenes per jaar, WKOD se teiken: 30 000 vir 2008/09, en 50 000 teen 2009/10) en verhoogde gebruik van kondome deur mans tot 100 kondome per volwasse man >15 jaar teen (met soortgelyke teikens). Die Versnelde MIV-voorkomingstrategie: 'n Multisektorale Aksieraamwerk vir die Wes-Kaap vir 2006 tot 2011 neem hierdie strategie verder in reaksie op die nasionale, multisektorale MIV/VIGS & SOS-strategiese plan vir Suid-Afrika, 2007-2011.

Strategiese mikpunte en doelwitte (Uittreksel uit vyfjaarplan):

Om toegang tot gehalte onderwys te verseker vir alle kinders wat in die provinsie woon.
Om doeltreffende bestuur en beheer in al die leerplekke en steunstrukture te verseker
Om opvoeders toe te rus en te ondersteun in hul pogings om doeltreffende onderwys te voorsien

Prioriteite:

'n Strategie vir die steun van VKO in die Wes-Kaap is ontwikkel deur 'n intersektorale beplanningspan onder leiding van die WKOD en die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO). Die oorkoepelende doel is die voorsiening van 'n geïntegreerde en gekoördineerde benadering om te verseker dat daar doeltreffende en holistiese dienste aan jong kinders in die ouderdomsgroep 0 - 4 ½ jaar oud gebied word. Die doel van hierdie strategie is nie bloot om alle kinders in crèches en dagsorgsentrums te hê nie, maar ook te verseker dat diegene wat die kinders versorg (ouers, grootouers, gemeenskapswerkers, personeel van dagsorgsentrums, pre-primêre skole en crèches) toegerus is om die fisiese, sosiale en kognitiewe ontwikkeling van kinders te bevorder.

As deel van hierdie geïntegreerde benadering van die ontwikkeling van alle 0 - 4 ½-jariges wat in die provinsie woon, sal de WKOD praktisyns en opvoeders in die VKO-kurrikulum oplei. Die EPWP is na die VKO-sektore uitgebrei en maak voorsiening vir 'n leerderskapprogram sowel as die voorsiening van hulpbronstelle aan sekere WKOD-gemeenskapsentrums.

Terwyl daar universele inskrywing van kinders van die ouderdom van 6 – 15 in die Wes-Kaap is, het nie alle vyfjariges toegang tot Graad R nie. Een van die MKOS-doelwitte is om teen 2010 leerprogramme van hoë gehalte aan alle vyfjarige kinders in die Wes-Kaap te voorsien op die eerste vlak van formele onderrig, naamlik Graad R sodat hulle bekend gestel kan word aan ontwikkelende geletterdheids- en gesyferdheidsvaardighede. Dit is veral belangrik in gemeenskappe waar ouers ongeletterd is en huise arm is aan teks- en hulpbronmateriaal. Die NKV Graad R-kurrikulum spel die kennis en vaardighede uit wat aan vyfjariges onderrig moet word. Die menslike hulpbron-uitdaging vir die provinsie is om te verseker dat die leeruitkomste van die Graad R NKV in alle Graad R-leerplekke onderrig en verwerf word.

Indien konserwatiewe beramings van 2006-deelnamesyfers in die Wes-Kaap gebruik word, dit is 60 000 van 'n moontlike 80 000 leerders (ouderdomsgroep), dan moet nog 20 000 kinders in die tydperk tot 2010 bereik word. Hierdie kinders moet egter in programme van hoë gehalte ingeskryf word omdat die voorsiening van Graad R-programme aan jong kinders gebaseer word op die aanname dat hierdie programme 'n soliede fondament en voordeel vir leer in skoolverband bied. Hierdie aanname word ondersteun deur 'n aantal studies, insluitend die nasionale sistemiese assesseringstudie van Graad 3-leerders wat in 2001 onderneem is, sowel as die provinsiale sistemiese evaluering wat in 2004 en 2006 onderneem is. Hierdie studies toon 'n hoë korrelasie tussen lees- en syfervaardighede op die Graad 3-vlak en toegang tot voorskoolse programme.

Om Graad R-onderrig van hoë gehalte aan alle vyfjariges te bied sodat hulle gereed is vir leer op skoolvlak, sal die WKOD die onderstaande kort tot medium termyn-planne implementeer –

a) Steunwerwing en werwing van bykomende leerders, veral in landelike en arm gebiede.
b) Vestiging van klasse in openbare skole waar ruimte dit toelaat.
c) Verseker dat daar deurlopende in-diensopleiding vir praktisyns is.
d) Verseker dat daar genoegsame LOOM is vir die verskaffing van gehalte onderrig en leer.
e) Voortgaan om die DOK te ondersteun in die opgradering van die kwalifikasie van versorgers/praktisyns in terme van die EPWP.
f) Monitering van DOK op distrikvlak deur Kringspanne (Kurrikulumadviseurs).

Ontleding van vordering

Toegang

Toegang tot Graad R het vanaf ongeveer 21 000 in 1996 tot meer as 63 000 in 2006 toegeneem. Gedurende 2006 is elke Graad R-kind by 'n inrigting *per capita* gesubsidieer in plaas van 'n klas met 'n maksimum grootte van 30. Dit het die aantal kinders wat vir finansiële hulp kwalifiseer, verhoog.

Die afskaffing van departementeel goedgekeurde poste en hul vervanging met *per capita*-subsidies het groter toegang tot Graad R in arm gebiede moontlik gemaak.

Ontleding van beperkinge en die maatreëls om dit te oorkom

Dit is moeilik om presiese getalle van Graad R-leerders te bepaal omdat baie van die gemeenskapsentrums in afgeleë landelike gebiede of in informele nedersettings is en kommunikasie daar 'n groot uitdaging is. Die Kits- en Jaarlikse Opname-vorms is nog nie deur die Gemeenskapsentrums terugbesorg nie.

Distriksamptenare is oorlaai en kan nie die leerplekke gereeld besoek om te verseker dat leerprogramme van gehalte aangebied word nie. Baie van die moniterings- en ondersteuningstake moet deur die Distriksamptenare gebied word, maar daar is beperkte menslike hulpbronne om dit te doen. Die implementering van die WKOD se Herontwerp sal hierdie uitdaging aanspreek.

Die uitbreiding van SOBIS om VKO in te sluit en die opsie om die GIS-instrumente te gebruik om die uitbreiding van die VKO te karteer sal hierdie sektor help om beheer oor hierdie kritieke fase van ontwikkeling uit te oefen. Distrikte het, as korttermyn-maatreël, tydelike personeel aangestel om *in situ* ouditte van die persele te doen. Die medium- tot langtermyn visie en doelwit van die WKOD is om Graad R-fasiliteite by bestaande skoolgeboue in te skakel.

ST701	VROEË KINDERONTWIKKELING- Sleutelneigings					
	2005/06 Werklike	*2006/07 Werklike*	*2007/08 Beraamde*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)						
7.1 Graad R in openbare skole	57,829	66,902	54,908	87,058	105,135	118,416
7.2 Graad R in gemeenskapsentrums	16,648	23,293	67,741	80,111	106,846	128,639
7.3 Professionele dienste	0	0	1	1	1	1
7.4 Menslike hulpbron-ontwikkeling	0	0	42,154	59,622	62,029	73,866
7.5 Voorwaardelike toekennings	0	0	0	0	0	0
TOTAAL	74,477	90,195	164,804	226,792	274,011	320,922
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)						
Huidige betaling	44,764	44,411	95,974	98,390	106,672	121,908
Vergoeding van werknemers	43,829	44,390	69,158	66,520	73,921	78,767
Opvoeders	43,829	44,390	69,158	66,520	73,921	78,767
Nie-opvoeders	0	0	0	0	0	0
Goedere en dienste en ander huidige betalings	935	21	26,816	31,870	32,751	43,141
Oordragte en subsidies	29,713	45,784	68,830	128,402	167,339	199,014
Betalings vir kapitaalbates	0	0	0	0	0	0
TOTAAL	74,477	90,195	164,804	226,792	274,011	320,922
PERSONEELVOORSIENING						
Aantal Opvoeders (in openbare diens)	299	295	275	275	275	275
Aantal Nie-opvoeders (in openbare diens)	-	-	-	-	-	-
INSKRYWING (OPENBARE BEFONDSING ALLEENLIK)						
Graad R in openbare skole* (a)	31 505	31 916	31 932	37 932	43 932	49 932
Graad R in gemeenskapsentrums (b)	28 000	30 000	26 899	24 000	22 000	20 000
Pre-Graad R in openbare skole*	2 481	1 356	1 644	1 700	1 800	1 900
Pre-Graad R in gemeenskapsentrums	Die statistiek kan nie bereken word nie aangesien hierdie databronne nie in die WKOD beskikbaar is nie.					
TOTAAL	61 986	63 272	60 475	63 632	67 732	71 832
BEVOLKING						
Bevolking ouderdom 5 (c)	89 423	90 975	91 757	92 829	94 077	95 415
► PRESTASIEMAATREËLS						
► PM701: Persentasie leerders in openbaar befondste Graad R ((a+b)/c)	66.5%	68.1%	64.1%	66.7%	70.1%	73.3%
► PPM701: Aantal praktisyns wat vir VKO-leerderskappe geregistreer is (volle kwalifikasie)	0	0	2 400	3 000	4 000	4 000

*SOBIS Huidig (08 Februarie 2008)

B.8 Hulp- en verwante dienste

Die onderstaande is die meetbare doelwitte (▲) wat met Program 7 verband hou en die prestasiemaatreëls (►):

	Meetbare doelwitte	Prestasiemaatreëls
Toegang	▲ Om MIV/vigs-lewensvaardighede in skole aan te bied, en om toegang tot 'n gepaste en doeltreffend geïntegreerde stelsel van voorkoming, versorging en steun te verseker	► PPM 801: Lewensvaardighede en MIV/vigs-programme: jaarlikse vlakke van voorkoms van MIV onder jeugdiges van 15 - 19 jaar ► PPM 802: Persentasie van openbare skole met ten minste een rekenaarfasiliteit vir leer en onderrig

Gespesifiseerde beleide, prioriteite en strategiese doelwitte

Beleid en prioriteite:

Om dringend en doelgerig met MIV/VIGS te werk, in en deur onderwys, is 'n nasionale prioriteit waarvan die mandaat weerspieël word in onder andere die MIV/VIGS en SOS Strategiese Plan vir Suid-Afrika, 2007 - 2011, Die Nasionale Geïntegreerde Plan vir Kinders wat geïnfekteer en geaffekteer is deur MIV en VIGS (2001), die Wet op Nasionale Onderwysbeleid: Nasionale MIV/VIGS-beleid vir Leerders en Opvoeders (1996), en die Wet op die Verdeling van Inkomste. Die Onderwys se verantwoordelikheid word ook vervat in die Regering se Nasionale Aksieprogram, Sosiale Kluster (2006), ingevolge die voortgesette implementering van die Regering se Omvattende Plan om MIV en VIGS hok te slaan.

Op 'n provinsiale vlak handel die Wes-Kaapse Provinsiale Groei-en-ontwikkelingstrategie oor die verhouding tussen byvoorbeeld die menslikekapitaal- en sosialekapitaal-ontwikkelingstrategieë, terwyl die Sosialekapitaal-formasiestrategie sosialekapitaalformasie verder beskryf ingevolge belangrike provinsiale intervensies, soos Gesondheid 2010, die provinsiale MIV/VIGS-program, jeugontwikkeling, gesinsversterkingsprogramme, versterking van gemeenskapsgebaseerde strukture, ensovoorts. Die goedgekeurde konsep van die Interdepartementele Omvattende MIV & Vigs-strategie vir die Wes-Kaap, Strategiese Plan en Implementeringsraamwerk: 2007 tot 2011 beskryf die verantwoordelikhede en teikens vir die Wes-Kaap Onderwysdepartement. Ingesluit hierby is die nuwe verantwoordelikhede en teikens van die WKOD vir onder andere potensieel sensitiewe kwessies soos die promosie en verskaffing van vrywillige berading en toetsing vir volwassenes ouer as 15 jaar (provinsiale teiken: 15% van volwassenes per jaar, WKOD se teiken: 30 000 vir 2008/09, en 50 000 teen 2009/10) en verhoogde gebruik van kondome deur mans tot 100 kondome per volwasse man >15 jaar teen (met soortgelyke teikens). Die Versnelde MIV-voorkomingstrategie: 'n Multisektorale Aksieraamwerk vir die Wes-Kaap vir 2006 tot 2011 neem hierdie strategie verder in reaksie op die nasionale, multisektorale MIV/VIGS & SOS-strategiese plan vir Suid-Afrika, 2007-2011.

Strategiese mikpunte en doelwitte (uittreksel uit vyfjaarplan):

Om voorsiening te maak vir menslike hulpbron-ontwikkeling volgens die Wet op Vaardigheidsontwikkeling
Om voorsiening te maak vir MIV/vigs-lewensvaardigheidsonderrig in skole, en te verseker dat daar toegang is tot 'n geskikte en doeltreffend geïntegreerde stelsel van voorkoming, sorg en ondersteuning
Om organisatoriese doeltreffendheid en bevoegdheid in die administrasie van eksterne eksamens te bevorder
Om te verseker dat die provinsie voldoende getalle opvoeders wat behoorlik opgelei is, verskaf
Om die provinsiale doelwitte van iKapa elihlumayo te ondersteun

Ontleding van vordering

Werkplek-vaardigheidsplan (WVP)

Gegewe 'n organisasie die grootte van die WKOD is die eise vir doeltreffende en effektiewe dienslewering konstant besig om te verhoog terwyl die in-huis ontwikkeling van opvoeders in reaksie op nuwe en vinnig ontwikkelings in die onderwys, kennisbestuur en metodologie, krities is. Die verteenwoordigende Departementele Opleidingskomitee (DOK) van die WKOD het nog altyd sy ernstige verbintenis tot die lewering van volhoubare, aanspreeklike, doeltreffend en gelyke vaardigheidsontwikkeling bevestig soos in die vooruitsig gestel in die Wet op Vaardigheidsontwikkeling en verwante wetgewing en beleid. Die DOK het begin met 'n proses om 'n

werksplekvaardigheidsplan (*WSP*) vir die MTEF-periode te ontwikkel om verbeterde doeltreffendheid en volhoubaarheid van vaardigheidsontwikkeling en -opleiding in die mediumtermyn te verseker.

MIV/vigs Voorwaardelike Toekenning:

Alle skole is in klusters ingedeel vir steunwerwing, opleiding en deurlopende steun en het ook aangewese MIV/vigs-koördineerders en/of -komitees. Kumulatief is daar 22 099 opvoeders teen Desember 2007 opgelei (teen 'n teiken van 20 000). 'n Geraamde 820 000 leerders (85%) ontvang gereeld MIV/vigs-lewensvaardigheidsopleiding binne die konteks van Lewensoriëntering. Terwyl voorkomende onderwys deur Lewensoriëntering die ruggraat van die program bly, is die fokus nou besig om te skuif na integrasie van MIV/vigs oor die totale kurrikulum.

Die "Presteer deur die kurrikulum"-program het 'n holistiese en geïntegreerde fokus: dit gee aandag aan die Eksplisiete Kurrikulum (persoonlike ondervindings, sensoriese ondervindings); die Implisiete Kurrikulum (versteekte kurrikulum, versteekte boodskappe); en Nul-kurrikulum (Wat die kurrikulum nie sê nie). Die program fokus ook op onderrigstrategieë en metodologieë soos kontekstualisasie van lesinhoud en morele redenasievermoë en die ontwikkeling van LOOM deur klaskamergebaseerde, skoolverreiking-gebaseerde en gemeenskapsgebaseerde aktiwiteite.

Alle skole ontvang jaarliks hulle vereiste kurrikulumgebaseerde LOOM in Engels, Afrikaans of isiXhosa. Vanaf 2008/09 sal elke skool 10 hulpbronleêrs vir SBS- en SBL-lede ontvang om die skool in staat te stel om werkswinkels te hou oor die ontwikkeling van 'n MIV/vigs-beleid en 'n MIV/vigs-bestuursplan vir die skool. Dit sal kwessies m.b.t. leierskap en die werkplek, insluit. Elke skoolgemeenskap sal ook 10 Sorg- en Ondersteuningshulpbronleêrs ontvang om SBS/opvoeders, SBL-lede en gemeenskapsgebaseerde vennote in staat te stel om maatskaplike kapitaal en ondersteuningsnetwerke vir weeskinders en ander kwesbare kinders te ontwikkel, insluitend dié wat deur vigs geraak word.

90 Skoolsielkundiges en Maatskaplike Werkers is ook opgelei as professionele MIV/vigsberaders om op aanvraag hoë vlak leerdersteun te bied. 'n NKR Vlak 4-kwalifikasie en kortkursus in Basiese Berading en verwysingsvaardighede is gefinaliseer en sal vanaf 2008 aan opvoeders en SBL-lede beskikbaar wees.

'n 'Skole as Nodes van Sorg en Ondersteuning vir kwesbare kinders' (SNVS) word tans by alle skole geïmplementeer. Dit sal aanvanklik op die ST-21 gemeenskappe fokus. Tesame met die SNVS word die bevordering van diensleweringsaamtrekke – in vennootskap met die Departement van die Premier en nasionale, provinsiale en plaaslike vennote, insluitend die Departement van Binnelandse Sake en SASSA ingesluit, met spesifieke fokus op verbeterde toegang tot spesiale maatskaplike toekennings vir kwesbare kinders. Daar is gedurende 2007 15 saamtrekke suksesvol geïmplementeer en daar is in die behoeftes van bykans 30 000 individue voorsien. 'n Verdere vyf saamtrekke word vir vroeg in 2008 geskeduleer.

Die portuuropvoedingsprogram (wat in vennootskap met die Departement van Gesondheid en NRO-diensverskaffers bestuur word) wat nou in bykans 150 skole is, was in 2006 'n finalis in die Premier se Diensuitmuntendheid-toekennings, en het in mededinging met 63 ander lande die internasionale Statebond 'Goeie Praktyk in Onderwys'-toekenning ingepalm. 'n Formele eksterne evaluering van hierdie program, sowel as die vennootskapinisiatief met DvG en loveLife, is ook in 2006 deur die Universiteit van Kaapstad voltooi. Dit, tesame met die provinsie se Versnelde MIV-voorkomingstrategie, dui op belangrike uitdagings in die toekoms.

Die MIV/vigs kurrikulumgebaseerde lewensvaardigheidsprogram is ook in 2006 twee keer deur die nasionale departement geëvalueer om die aanbieding van die program in skole te assesseer, en die Ouditeur-generaal het vir die derde agtereenvolgende jaar in 2006/07 'n Waardetoevoegende Oudit, bykomend tot die gewone voldoeningsoudit gedoen. Die MIV/vigsprogram was dus die eerste een in die WKOD om vir meer as drie jaar so noukeurig ondersoek te word, en dit is as voorbeeld vir die departement gebruik van hoe ander programme en dienste in die toekoms op die gehalte van hul uitkomste, eerder as bloot insette en uitsette, geassesseer gaan word. Desnieteenstaande gaan distriksgebaseerde MIV/vigspersoneel voort om skole gereeld te besoek om te verseker dat die program geïmplementeer word, om probleme op te los, en om die breër behoeftes van die skoolgemeenskap m.b.t. voorkoming, sorg en ondersteuning vir opvoeders en leerders wat met MIV/vigs geïnfekteer is of daardeur geraak word, aan te spreek. Laastens is daar 'n aantal navorsingsprojekte en

loodsstudies wat goed vorder en hulle stel steeds die program in staat om deurlopend aan te pas by nuwe insigte en 'beste praktyk'.

Eksamens

Die direktoraat is verantwoordelik vir al die eksamens en assesserings in die WKOD. Hoofsaaklik word die Graad 12-eksamens hanteer met 'n inskrywing van meer as 70 000 kandidate. Aan die einde van 2008, sal die eerste nasionale senior sertifikaat afgelê word. Die eksamen sal geskuif word om in November plaas te vind. Daar word 45 000 kandidate verwag. Alle vraestelle sal deur die nasionale departement opgestel word. Vreemde tale sal deur die Onafhanklike Eksamenraad opgestel word.

Jaarliks word die Graad 9 Algemene Take vir Assessering (ATA) deur 85 000 kandidate gedoen en geskryf. Die ATA's en verwante algemene vraestelle word ook nasionaal opgestel. Vanaf 2008 sal 'n provinsiale toets in die Tale (Afrikaans, Engels, isiXhosa) en Wiskunde in die eerste kwartaal van die jaar plaasvind. 'n Somtotaal van 75 000 leerders sal aan die toetsing deelneem, wat gemik sal wees op sistemiese evaluering in die hoërskool fase.

'n Drukperseenheid is in die WKOD gevestig om al die eksamens en assesseringsmateriaal te druk. Drukwerk word ook vir ander staatsdepartemente binne die PAWK gedoen. Daar word ongeveer 110 miljoen kopieë deur die reproduksiedienste gemaak. Ander departemente dra by tot die uitgawes wat aangegaan word deur 'n Tesourie-goedgekeurde bedrag per kopie (op die oomblik vasgestel op 20 sent per A4-kopie) te betaal.

Onderwyseropleiding

'n Belangrike behoefte van die MKOS is die beskikbaarheid van goed gekwalifiseerde onderwysers, en veral diegene wat wiskunde, wetenskap en tegnologie onderrig. Finansiële bystand word aan aspirant-onderwysers verleen wat graag as Wiskunde- en/of Wetenskaponderwysers tot die beroep wil toetree. In die 2007/08-begroting was daar voorsiening van R9 m vir ACE- en NPDE-kursusse om kwalifikasies te verbeter en om on- en ondergekwalifiseerde opvoeders in die sisteem op te lei. Die toewysing vir 2008/09 sal R20m wees. Daar is dus: 160 Skoolhoofde vir die ACE in Skoolleierskap geregistreer; 643 onderwysers vir die NPDE; Wiskundige Geletterdheid ACE - 100 opvoeders; Visuele Kunste Praktyk – 20; Grondslagfase – 50; Tegnologie 50; Tale (IsiXhosa) en Verbruikerstudies word vir die toekoms beplan.

Loopbaanontwikkeling

In lig van die nogal hoë skoolverlaatsyfers en die behoefte om die ekonomie te voed, is dit duidelik baie belangrik dat intensiewe, nuwerwetse, en waardetoevoegende loopbaanraad gegee moet word deur mense wat bedrewe is. Die elektroniese of papierweergawes van die PACE-loopbaanpakkette het nou reeds kumulatief 'n impak op 140 700 leerders gehad en is deur 700 opgeleide onderwysers gedoen. Daar sal 'n verdere 210 onderwysers in 2008/09 opgelei word.

Vaardigheidskole

Die fondse in hierdie program wat vir vaardigheidskole toegeken is, word gebruik om nuwe vaardigheidskole te vestig. Twee nuwe vaardigheidskole word jaarliks gevestig in soverre dit prakties moontlik is. Die fondse word hoofsaaklik gebruik om werkswinkels by bestaande skole, wat in vaardigheidskole omskep kan word, te bou en ook om werkswinkeltoerusting aan te koop. Die vestiging van vaardigheidskole word as een van die prioriteite van die MKOS geïdentifiseer. Die WKOD het reeds 12 skole/vaardigheidsafdelings en daar sal in 2008/09 'n verdure twee skole bygevoeg word.

Fokusskole

In 'n innoverende, vooruitdenkende projek het die Wes-Kaap Onderwysdepartement 28 skole wat voorheen benadeelde leerders bedien, genomineer om in fokusskole omskep te word. Elke skool fokus op een van die volgende drie leervelde en sy reeks vakke: Kuns en Kultuur (Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste); Handel en Bestuur (Rekeningkunde, Besigheidstudies, Ekonomie, Rekenaartoepassings-tegnologie); Ingenieurswese en Tegnologie (Elektriese Tegnologie, Siviele Tegnologie, Meganiese Tegnologie, Ingenieursgrafika en -ontwerp).

Logika daaragter: Verhoogde toegang tot vakke wat vantevore nie aan leerders beskikbaar was nie; verhoog die deelname- en suksessyfers van leerders, veral voorheen benadeelde leerders, in die Verdere Onderwys- en Opleidingsband (VOO); brei die aantal VOO-leerders uit wat vir hoër onderwys kwalifiseer, veral leerders uit arm gesinne; bemagtig mense deur hulle toe te rus met skaars vaardighede wat in die markplek benodig word.

Hierdie skole sal na verwagting 'n konsentrasie van gehalte menslike en materiële hulpbronne en toerusting in 'n spesifieke veld hê; leerders met buitengewone talent, belangstelling of vermoëns sal buitengewone onderrig ontvang; toegang tot uitmuntendheid bied; dien as leiers op die gebied van hul leerveld; die leerders, die gemeenskap, die onderwysstelsel en uiteindelik die ekonomie tot voordeel sal wees.
2008/09 Lewering

Die voltooiing van die geboue by vyf van die Fokusskole; die voorsiening van materiaal en toerusting; oudit van hulpbronne; oudit van leerders wat by tersiêre inrigtings inskryf; die professionele ontwikkeling van onderwysers by die 28 skole; leerdersteun deur middel van oefenklasse en somer-/winterskole; vakriglynsessies vir leerders deur middel van konferensies en kampe; 'Kunstenaar op die perseel'-programme; stel van mikpunte vir die verhoging van leerdergetalle en verbeterde resultate in spesifieke fokusvakke; gereelde moniteringsbesoeke aan die 28 fokusskole; spesiale opleiding vir onderwysers van Lewensoriëntering; uitstallings van werk en opvoerings/vertonings.

Khanya Tegnologie in Onderwys-projek

Tans is 813 (52,9%) skole reeds voorsien van minstens een rekenaarfasiliteit met nog 179 (11,7%) skole in verskillende stadia van voorbereiding vir die volgende implementasiegolf. 'n Totaal van 32 011 rekenaars word in Khanya-skole gebruik (hiervan is 19 259 deur Khanya of skenkervennote befonds en die balans van 12 752 is deur skole self bekom). As deel van die Khanya-implementering word 19 750 opvoeders bemagtig om tegnologie optimaal vir kurrikulumlewering benut en 663 952 leerders pluk reeds die vrugte van hierdie projek.

Die oorblywende 544 openbare skole sal met minstens een rekenaarfasiliteit en gepaste rekenaarsagteware toegerus word. Die onderwysers by hierdie skole sal ook met basiese IKT-vaardighede toegerus word sodat hulle maksimum voordeel kan trek uit die tegnologie wat beskikbaar gestel word en die WKOD se doelwit haal, nl. om tegnologie te gebruik om die kurrikulum oor te dra,

Ontleding van beperkings en maatreëls om dit te oorkom

MIV/vigs

Suid-Afrika beskik oor die hoogste getal mense in die wêreld wat deur die MIV-virus geïnfekteer is – in 2005 was dit 'n beraamde 5,9 tot 6,5 miljoen mense. Meer as 20% van die volwasse bevolking en 30% van volwassenes in die ouderdomsgroep wat kan kinders baar, was in 2005 geïnfekteer. 'n Beraamde driekwart van alle nuwe infeksies kom in jong mense tussen 15- en 25-jaar oud voor.

Die opvoedingstaak is om hierdie jong mense voor te berei vir die risiko om sodoende infeksie van hulself en ander te voorkom. Die Wes-Kaapse Provinsiale Vigsraad het die Versnelde MIV-voorkominstrategie, 2006 tot 2011, onderskryf. Die taak van onderwys is om die leerders op die risiko's voor te berei om sodoende infeksie van die leerders self en ook van ander te voorkom. Die Wes-Kaap Provinsiale Vigsraad het die versnelde MIV-voorkomingstrategie 2006-2011 onderskryf. Dit sluit regdeur alle sisteme strategieë in om MIV-infeksie in opvoeders en leerders te voorkom, om MIV/Vigs in skoolgemeenskappe te bestuur, om psigologiese ondersteuning aan geïnfekteerde opvoeders en leerders, of diegene wat daardeur geraak word, te bied, en om die totale reaksie op MIV/Vigs te bestuur om sodoende die gehalte van onderrig te beskerm.

Sleutelprestasie-areas sluit in:

a) Die opleiding en ondersteuning van opvoeders om te verseker dat alle leerders in Graad R tot 12 jaarliks 'n minimum van 20 uur ouderdom- en konteksgepaste MIV/Vigs-lewensvaardighede en seksonderrig ontvang deur Lewensoriëntering en die integrasie van MIV/Vigs-lewensvaardighede in al die ander vakke en leerareas.

b) Om voorsiening te maak vir die ontwikkeling en verspreiding van ouderdom/Graad en taal-gepaste, kurrikulumgebaseerde, Vigs-spesifieke leerder- en onderwysersteunmateriaal (LOOM) om doeltreffende MIV/Vigs-lewensvaardigheidsonderrig in die klaskamer te verseker.
c) Om deelhebbers 'op te lei' en die vestiging van volhoubare skool/gemeenskap-gebaseerde Sorg- en Ondersteuningstrategieë vir kwesbare kinders te steun.
d) Om te verseker dat SMT-lede en belangrike ouer SBL-lede en gemeenskapverteenwoordigers 'opgelei' word, hulpbronne tot hul beskikking het en in die ontwikkeling en onderhoud van 'n konteks-gepaste Vigsbeleid en MIV/Vigsbestuursplan ondersteun word.
~~e)~~ Om die ontwikkeling en implementering van doeltreffende, tiener MIV-voorkomende, gehalte-versekerde portuuropleidingsprogramme in skole en VOO-kolleges te ondersteun.
~~f)~~ Om 'n doeltreffende, geïntegreerde, hoofstroom, intra- en interdepartementele MIV/Vigsbestuursisteem vir die WKOD te ontwikkel en doeltreffende programadministrasie en finansiële bestuur te verseker.
g) Om die implementering van 'n MIV/vigsprogram vir werknemers in die werkplek en 'n Werknemergesondheidsprogram te ondersteun (WGP).

'n Loodsstudie is onderweg (deur die MIV/vigsprogram) om die lewensvatbaarheid van skoolgebaseerde assistent-maatskaplike werkers of 'onderwysassistente' te ondersoek as 'n lae-koste inisiatief met die potensiaal vir leerderskappe, om die breër maatskaplike uitdagings wat in baie gemeenskappe voorkom (insluitend afwesigheid en leerders wat die skool verlaat, gedragsprobleme, en verbeterde toegang tot maatskaplike toekennings, gesinsondersteuning en basiese gesondheidsdienste) aan te spreek.

ST801	HULP- EN VERWANTE DIENSTE - Sleutelneigings						
		2005/06 Werklike	*2006/07 Werklike*	*2007/08 Beraamde*	*2008/09 Beraamde*	*2009/10 Beraamde*	*2010/11 Beraamde*
BETALINGS PER SUBPROGRAM (R'000)							
8.1 Betalings aan SETA		3,306	3,756	3,944	4,258	4,542	4,786
8.2 Voorwaardelike toekenningsprojekte		11,205	11,872	13,011	13,847	14,626	15,420
8.3 Eksterne eksamens		54,561	63,124	66,127	74,907	79,252	83,257
8.4 Onderwyseropleiding		1,743	1,868	1,814	1,905	1,993	2,085
8.5 iKapa Elihlumayo		127,772	120,225	117,519	116,641	121,890	129,203
TOTAAL		198,587	200,845	202,415	211,558	222,303	234,751
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)							
Huidige betaling		70,099	87,197	101,962	104,102	109,932	115,470
Vergoeding van werknemers		37,581	41,321	42,323	45,821	48,890	51,524
Opvoeders		20,180	22,313	22,650	24,522	26,164	27,574
Nie-opvoeders		17,401	19,008	19,673	21,299	22,726	23,950
Goedere en dienste en ander huidige betalings		32,518	45,876	59,639	58,281	61,042	63,946
Oordragte en subsidies		118,928	113,557	100,367	107,366	112,277	119,183
Betalings vir kapitaalbates		9,560	91	86	90	94	98
TOTAAL		198,587	200,845	202,415	211,558	222,303	234,751
PERSONEELVOORSIENING							
Aantal Opvoeders (in openbare diens) (a)		17	16	15	15	15	15
Aantal Nie-opvoeders		119	142	119	132	132	132
► PRESTASIEMAATREELS							
► PPM801: Lewensvaardighede en MIV/Vigsprogramme: Jaarlikse persentasie MIV-teenwoordigheidsvlakke in jeugdiges van 15-19 jaar oud		7,2%	5,6%	5,3%	5%	4,7%	4,4%
► PPM802: Getal openbare skole met minstens een rekenaarfasiliteit vir leer en onderrig		510	725	950	1 070	1 200	1 350

B.9 Implementering van kapitale investering, onderhoud en batebestuursplan

Nuwe projekte, opgradering en rehabilitasie
Die onderstaande projekte sal in 2008/09 voltooi word:
Bykomende klaskamers (baksteen) by bestaande skole (21); Waskamerprojekte (4); Administrasiefasiliteite (3 Primêr); Forumfasiliteite (1 Primêr); Sekondêre Skole (2); Spesiale Skole (1)
Die besonderhede van die projekte as volg:

Tipe projek	Aantal projekte	Naam van die projek
Skoolbouprojekte	Primêre skole – 3	Vredenburg PS, Table View PS, Samora Marchel PS
	Sekondêre skole – 2	Bloekombos SS, Wellington SS
Onderrigkamers as deel van elke nuwe skool of as afsonderlike projekte	Klaskamers by primêre skole –165	Table View PS (30), Samora Marchel PS (30), Vreden- burg PS (22), Kuyasa PS (15), Attie van Wyk PS (1) Bastion LS (2), Bloekombos PS (4), Ekhulukweni PS (1), Enshona PS (5), Gordons Bay PS (3), Hlengisa PS (4), Marine PS (3), FJ Conradie PS (2), Klapmuts PS (6), Tanqua PS (2), AH Barnard PS (4), Seekoegat (NGK) PS (1), Kliprivier PS (1),Ongelegen PS (1), Kommandantsdrift PS (1), Franken PS (1), Chris Nissan PS (4), Brakfontein PS (1), Hartenbos LS (1), Hillcrest PS (3), Bongulethu PS (1), Saturnus PS (2), Avontuur PS (1), Kranshoek PS (2), Phakamansani PS (2), Hermanus LS (1), Kleinmond PS (3), Citrusdal PS (2), Kapel PS (2).
	Klaskamers by sekondêre skole 83	Bloekombos SS (33), Wellington SS (33), Wellington SS (6) , Hopefield HS (4), Imizamo Yethu SS (3), Thembalethu SS (2) Wittedrift SS (1), Villiersdorp SS (1)
	Klaskamers by spesiale skole – 4	Beacon School (2), Klein Karoo Skool (2),
Hervestiging van mobiele klaskamers	23	Relocated from Smutsville to Brakfontein (1), Franken PS (1), Kliprivier PS (1), Kranshoek PS (2), Ongelegen PS (1), Saturnus PS (2), Imizamo Yethu SS (3), Thembalethu SS (2).Four mobiles (4) will be relocated from Elsiesrivier to Kleinmond PS. Six (6) dilapidated classrooms will also be removed from Klapmuts PS.
Forums		Mzamomsha PS
Toilette	Primêre skole 95	Table View PS (27), Samora Marchel PS (27), Vredenburg (15), Eden Training Centre (4 WCs), St Boniface PS (8 WCs), Bitterfontein PS (8 WCs), Ekhulukweni PS (6 WCs)
	Sekondêre skole 131	Bloekombos SS (34), Wellington SS (34), Gansbaai SS (29), Wallacedene SS (34)
Opgraderings-projekte	Primêre skole - 4	Administration blocks – Leiden Avenue PS, Rainbow PS, Gansbaai PS, Klapmuts PS
	Sekondêre skole - 0	Masibambane SS, Waveren SS
	Spesiale skole - 1	JD Crawford PS

PROJEKTE WAT IN 2008/09 GEÏNISIEER GAAN WORD	
Skole wat op tender uitgaan	Silukhanyo PS, Nomzamo, Strand, Zwelihle PS, Zwelihle, Hermanus; Avian Park PS, Worcester, Wallacedene SS, Wallacedene, Kraaifontein, Gansbaai SS, Gansbaai
Skole waar beplanning voltooi moet word sodat dit op tender kan uitgaan	Tafelberg School, Bothasig (Spesiale school), Northpine SS, Northpine, Brackenfell, Gr.abouw SS, Gr.abouw

Onderhoud van geboue oor die MTBR (2008/09 tot 2010/11)

Aantal projekte	Begroting beskikbaar
240	R209,358 miljoen

'n Versoek vir bykomende fondse is aan die Provinsiale Tesourie gerig om al die agterstande (bestaande klaskamer- en onderhoudagterstande) aan te spreek. Die aanname van die tenderdokument is dat al die agterstande binne 'n tydperk van 10 jaar uitgewis kan word. Hierdie aanname is reeds nie meer binne bereik met die fondse wat vir die 2008/09 en 2010/11 finansiële jare bewillig is nie.

Nog 'n aanname is dat 'n waarde van R12 miljoen op onroerende skooleiendomme in die Wes-Kaap geplaas is en dat 2% daarvan jaarliks beskikbaar gestel behoort te word vir beplande onderhoud. 'n Verwagte eskalasie van 12% per jaar in boukoste word vooruitgeskat. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat 'n geskeduleerde onderhoudtoekenning van minder as R220 miljoen per jaar beslis daarvoor sal sorg dat bestaande skoolvoorraad progressief sal agteruitgaan en dat die koste om hierdie voorraad te herstel dienooreenkomstig sal verhoog.

Batebestuur

Onroerende bates

Die WKOD gebruik die Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS) en die Nasionale Onderwys-infrakstruktuurstelsel (NOBIS), wat voldoende is om onroerende bates te bestuur.

Vernaamste roerende bates

Hoofkantoor en Distrikte (insluitend kantore wat met Distrikte skakel). Wat roerende bates betref, het die WKOD 'n batebestuurseenheid op die been gebring. Hierdie eenheid is een van die pilare van die Verskaffingskettingeenheid. Al die meublement en toerusting vir hierdie kantore word by die hoofkantoor gekoop en aangeteken op 'n inventaris van roerende bates ingevolge die vereistes wat deur die Nasionale Tesourie voorgeskryf word. 'n Oudit (November) en voorraadopname (Februarie/Maart) word jaarliks van alle roerende bates gedoen.

Die onderstaande maatreëls is ingestel om die integriteit van die data te verseker, wat 'n doeltreffende bateregister ondersteun wat voldoen aan boekhoudingstandaarde en 'n doeltreffende en akkurate rekonsiliasie van inligting verseker.

a) 'n voorraadopname word minstens een keer per jaar deur die Departement onderneem, soos voorgeskryf deur die Tesourie-regulasies
b) 'n sesmaandelikse voorraadopname word in die vooruitsig gestel, gesien die volume van die items
c) inventarisse word afgeteken deur die verantwoordelike amptenare en dan deur Kostesentrumbestuurders afgeteken
d) omsendbriewe word uitgereik in ooreenstemming met Hoofstuk 10 van die Tesourie-regulasies
e) verkrygingsprosedures vir bates word omskryf in die Rekenkundige Amptenare-stelsel
f) 'n rekonsiliasie van aankope op LOGIS en die besteding op BAS word maandeliks gedoen
g) die bateregister bevat al die inligting wat ingevolge die Tesourie-regulasies vereis word

Die meganismes wat geïmplementeer is om te verseker dat daar 'n doeltreffende stelsel van identifisering, beveiliging, monitering en rekordhouding van roerende bates in plek is, is as volg:

a) alle bates word met 'n staafkode 'RSA' gemerk en op inventarisse geregistreer
b) alle bates word in die eiendomsregister geïdentifiseer in al die kategorieë wat deur die tesourie voorgeskryf word en beskik oor unieke nommers (staafkodes)
c) kostesentrumbestuurders is verantwoordelik vir die beveiliging van hulle bates
d) alle roerende eiendom word per kostesentrum en ligging op die inventaris geregistreer. Inventarisse word as korrek gesertifiseer deur die Kostesentrumbestuurders. Die inventaris word dan by elke perseel in 'n sigbare plek uitgestal.

Skole

Daar is besluit om oordragbetalings aan skole te maak in terme van die bestaande Tesourieriglyne sodat skole hul eie toerusting by gekontrakteerde verskaffers kan aankoop. Alle aankope deur skole is van die LOGIS Bateregister verwyder ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet Nr. 84 van 1996), en word beskou as inventaris-items van skole. Skole sal derhalwe in hul jaarlikse finansiële verslae oor hierdie inventaris-items verslag doen. Die LOGIS Bateregister reflekteer slegs die inventarisse vir die Hoofkantoor van die WKOD, sowel as die Distrikte en hul onderskeie dienspunte.

Planne rakende roerende bates, soos motorvoertuie

Die voorsiening, onttrekking en vervanging van ou en/of beskadigde staatsmotors (GG)-motorvoertuie word deur die Provinsiale Departement van Vervoer (Staatsmotorvervoer) bestuur. Hulle is ook verantwoordelik vir lisensiëring van, onderhoud van en brandstofvoorsiening vir die voertuie, asook die byhou van 'n bateregister op die *Fleetman*-stelsel. Hulle formuleer ook provinsiale beleid met betrekking tot die gebruik van GG-voertuie. Die WKOD verseker dat die provinsiale beleid nagekom word. Die WKOD hou ook 'n register van voertuie wat deur hulle gebruik word, monitor die gebruik van die voertuie deur middel van logvelle en verseker dat die voertuie padwaardig is en behoorlik onderhou word. Die huidige vloot, aangevul deur die voorsiening van gesubsidieerde voertuie aan kwalifiserende amptenare, is voldoende vir die huidige behoeftes van die WKOD. Die voorsiening van gesubsidieerde voertuie is deur middel van Omsendbrief Nr. 179/2003 gedateer 10 September 2003 ingetrek, aangesien dit geblyk het duurder te wees as amptelike vervoer.

Deel C: Kwartaallikse en Jaarlikse Teikens

Deel C van hierdie Jaarlikse Prestasieplan maak voorsiening vir kwartaallikse en jaarlikse teikens vir die prestasiemaatreëls vir 2008/09.

Program/Subprogram/Prestasiemaatreëls	Teiken vir 2008/09 soos per Jaarlikse Prestasieplan	1ste Kwartaal Beplande Uitset	2de Kwartaal Beplande Uitset	3de Kwartaal Beplande Uitset	4de Kwartaal Beplande Uitset
PROGRAM PRESTASIEMAATREËLS					
(Aangepas: Nasionaal spesifiek)					
KWARTALLIKSE UITSETTE					
Program 1: Administrasie					
PM101: Aantal skole wat die Skooladministrasie- en Bestuurstelsel implementeer	1 455 uit 1 455	1 452	1 452	1 452	1 455
PM102: Aantal skole wat elektronies deur die department gekontak kan word	1 455 uit 1 455	1 440	1 445	1 450	1 455
Program 2: Openbare Gewone Skole					
PM201: Aantal leerderdae wat deur die voedingsprogram gedek word	39 950 000	10 340 000	10 045 000	8 695 000	9 870 000
PM203: Aantal openbare gewone skole met watertoevoer	1 455 uit 1 455	1 452	1 452	1 452	1 455
PM205: Aantal skole met voldoende aantal funksionele toilette	714 uit 1 455	696	702	708	714
Program 3: Onafhanklike Skole se Subsidies					
PM301: Aantal befondsde onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek is	45 of 89	12	12	9	12

Program/Subprogram/Prestasiemaatreëls	Teiken vir 2008/09 soos per Jaarlikse Prestasieplan	1ste Kwartaal Beplande Uitset	2de Kwartaal Beplande Uitset	3de Kwartaal Beplande Uitset	4de Kwartaal Beplande Uitset
JAARLIKSE MAATREËLS					
Provinsiale Onderwyssektor					
PM001: Aantal kinders van verpligte skoolgaande ouderdom wat skole bywoon	618 767				618 767
PM002: Aantal jeugdiges bo verpligte skoolgaande ouderdom wat skole of ander opvoedkundige inrigtings bywoon	212 986				212 986
PM004: Jare ingesit deur VOO-afgestudeerdes	Nie beskikbaar nie				Nie beskikbaar nie
PM005: Gemiddelde hoogste Graad wat deur volwassenes in die bevolking behaal is	9.5				9.5
PM006: Volwasse-geletterdheidsverhouding	95.7%				95.7%
Program 1: Administrasie					
PM103: Aantal swart vroue in senior bestuursposisies	16 of 52				16 of 52
PM104: Persentasie huidige besteding aan nie-personeel-items	23.6%				23.6%
Program 2: Openbare Gewone Skool-onderwys					
PM003: Openbare besteding aan die armste leerders as ’n persentasie van openbare besteding aan die mins arm leerders	102,9%				102,9%
PM202: Aantal leerders in openbare gewone skole met spesiale behoeftes	14 200				14 200
PM204: Aantal openbare gewone skole met elektrisiteit	1 455 uit 1 455				1 455 uit 1 455
PM206: Besteding aan onderhoud as ’n persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur	0.3%				0.3%

Program/Subprogram/Prestasiemaatreëls	Teiken vir 2008/09 soos per Jaarlikse Prestasieplan	1ste Kwartaal Beplande Uitset	2de Kwartaal Beplande Uitset	3de Kwartaal Beplande Uitset	4de Kwartaal Beplande Uitset
Program 2: Openbare Gewone Skool-onderwys (vervolg)					
PM207: Aantal skole met meer as 40 leerders per klas	0				0
PM208: Aantal nie-Artikel 21-skole met LOOM en ander vereiste materiaal gelewer op die eerste dag van die skooljaar	425				425
PM209: Aantal skole met Artikel 21-status	1 030				1 030
PM210: Aantal werksdae verloor a.g.v. onderwyserafwesigheid in openbare gewone skole	320 000				320 000
PM211: Aantal leerderdae verloor a.g.v. leerderafwesigheid in openbare gewone skole	Nie beskikbaar nie				Nie beskikbaar nie
2.1 Openbare Primêre Skole					
PM212: Die prestasieverhouding van die mins bevoordeelde skole teenoor die mees bevoordeelde skole m.b.t. Graad 3*	Geletterdheid: 0.394 Gesyferdheid: 0.183				Geletterdheid: 0.394 Gesyferdheid: 0.183
PM213: Herhalingsyfer in Graad 1 tot 7	7,8%				7,8%
PM214: Aantal leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomste in Gesyferdheid en Geletterdheid bereik*	Geletterdheid: 41 650 Gesyferdheid: 28 452				Geletterdheid: 41 650 Gesyferdheid: 28 452
PM215: Aantal leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomste in Wiskunde, Geletterdheid en Natuurwetenskap bereik*	Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen. Volgende toetsing 2009				Toetsing slegs elke 2de jaar gedoen. Volgende toetsing gedurende 2009.
2.2 Openbare Sekondêre Skole					
PM216: Aantal vroulike leerders wat Wiskunde en Wetenskap in Graad 10 tot 12 neem	23 813				23 813

Program/Subprogram/Prestasiemaatreëls	Teiken vir 2008/09 soos per Jaarlikse Prestasieplan	1ste Kwartaal Beplande Uitset	2de Kwartaal Beplande Uitset	3de Kwartaal Beplande Uitset	4de Kwartaal Beplande Uitset
2.2 Openbare Sekondêre Skole (vervolg)					
PM217: Die prestasiesyfer van die mins bevoordeelde skole teenoor die mees bevoordeelde skole t.o.v. die Graad 12-slaagsyfer	75%				75%
PM218: Herhalingsyfer Graad 8 tot 12	18.7%				18.7%
PM219: Slaagsyfer in Graad 12-eksamens	40%				40%
PM220: Slaagsyfer in Graad 12 vir Wiskunde en Wetenskap	19%				19%
PM221: Aantal leerders in Graad 9 wat aanvaarbare uitkomste in al die leerareas bereik	60 639				60 639
Program 4: Openbare Spesiale Skool-onderwys					
PM401: Aantal kinders met spesiale behoeftes tussen die ouderdom van 6 tot 15 wat nie by opvoedkundige inrigtings ingeskryf is nie	250 uit 4 086				250 uit 4 086
Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding					
PM501: Aantal VOO-studente in verhouding tot die jeug in die provinsie	5 700 uit 270 479				5 700 uit 270 479
PM502: Aantal vroulike student in tegniese velde	8 500				8 500
PM503: VOO-kollege deursitsyfer	72.9%				72.9%
PM504: Aantal leerders in leerderskappe in al die VOO-kolleges	1 090				1 090
Program 6: Volwassene Basiese Onderwys en Opleiding					
PM601: Aantal BOOV-leerders in verhouding tot die volwassenes in die provinsie	1 400 uit 3 060 334				1 400 uit 3 060 334
Program 7: Vroeë Kinderontwikkeling					
PM701: Aantal leerders in openbaar befondsde Graad R	63 632				63 632

Program/Subprogram/Prestasiemaatreëls	Teiken vir 2008/09 soos per Jaarlikse Prestasieplan	1ste Kwartaal Beplande Uitset	2de Kwartaal Beplande Uitset	3de Kwartaal Beplande Uitset	4de Kwartaal Beplande Uitset
EIE PROGRAM PRESTASIEMAATREËLS					
(Aangepas: Provinsie spesifiek)					
JAARLIKSE UITSETTE					
Program 5: Verdere Onderwys en Opleiding					
PPM501: Aantal studielenings/beurse aan studente aan VOO-kolleges toegeken	4 201				4 201
Program 6 Volwassene Basiese Onderwys en Opleiding					
PPM601: Aantal BOOV-leerders vir VOO geregistreer	21 845				21 845
Program 7: Vroeë Kinderontwikkeling					
PPM701: Aantal praktisyns wat vir VKO-leederskappe (volle kwalifikasie) ingeskryf is	3 000				3 000
Program 8: Hulp- en Verwante Dienste					
8.2 Voorwaardelike toekenningsprojekte					
PPM801: Lewensvaardighede en MIV/Vigs-programme: Jaarlikse persentasie MIV-voorkomsvlakke onder jeugdiges <19 jaar.	5%				5%
8.5 iKapa Elihlumayo					
PPM802: Aantal openbare skole in die provinsie met ten minste een rekenaarfasiliteit vir onderrig en leer.	1 070				1 070

(Hierdie statistiek kan nog nie deur die provinsies verskaf word nie aangesien die nasionale sistemiese evalueringsdata nog nie hierdie inligting kan beskikbaar stel nie. Derhalwe word die WKOD-toetsuitslae as aanduiders gebruik

Bylaag A: Prestasiemaatreëls

Hierdie bylaag lys die 39 kern-prestasiemaatreëls (PM's) waarop nasionaal ooreengekom is. Hieronder volg die nommer, kort beskrywing en langer beskrywing van elke prestasie maatreël.

► PM001: Persentasie kinders van verpligte skoolgaande ouderdom wat skool bywoon

Dit is die persentasie kinders van verpligte skoolgaande ouderdom in die provinsie wat enige skool of onderwysinrigting bywoon. Hierdie prestasiemaatreël dui aan hoe doeltreffend die onderwysregte van kinders, soos in die Grondwet verwoord, vervul word, en die mate waartoe voldoen word aan die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet met verwysing na verpligte skoolbywoning.

Interpretasie:
Dit moet beklemtoon word dat die data steekproefdata is, dus is daar 'n mate van foute daarmee geassosieer. Die beleidsteiken moet beslis 'n 100%-waarde vir hierdie PM oor al die jare wees. Waardes wat nie hierdie teiken haal nie moet geïnterpreteer word met verwysing na die verskillende faktore wat kinders van verpligte skoolgaande ouderdom daarvan verhoed om skool te gaan. Veral gestremde kinders het minder toegang tot onderrig.

Bron:
Vir die nie-sensus-jare is die data van die Statistiek SA Algemene Huishoudingopname (AHO) toepaslik vir daardie jaar. AHO-data toepaslik vir daardie spesifieke jaar word vir beide die teller en die deler gebruik.

► PM002: Persentasie jeugdiges bo verpligte skoolgaande ouderdom wat skole en ander onderwysinrigtings bywoon

Dit is soortgelyk aan PM001, behalwe dat hierdie prestasiemaatreël na ouer kinders verwys. Dit is die persentasie van die bevolking wat tussen 15 en 17 jaar oud is en enige skool of ander onderwysinrigtings bywoon. Dit dui aan hoe suksesvol die regering en die land is in die voorsiening van skool en ander onderwys bo die basiese onderwysvlak. Terwyl die Grondwet nie onderwys vir hierdie groep 'n basiese reg maak nie, verplig dit die regering om verdere onderwys progressief meer beskikbaar en toeganklik te maak vir ons jeug.

Interpretasie:
Aangesien die fokus van hierdie PM is om aan te dui hoe suksesvol die regering is om VOO-onderwys progressief meer beskikbaar te maak, is dit gepas om huidige waardes met waardes uit die verlede te vergelyk en teikens te stel vir die toekoms wat gebaseer is op die huidige inskrywingsverhouding. Dit is egter belangrik om daarop te let dat hierdie PM nie aandui of die 15- tot 17-jariges aan VOO-onderwys deelneem nie – om die waarheid te sê sal 'n 16-jarige wat nog in Graad 9 is ook getel word as iemand wat op skool is. Aangesien onderrig nie vir leerders ouer as 15 jaar verpligtend is nie, kan mens met veiligheid aanneem dat 'n styging in die getal 15- tot 17-jariges in die skoolsisteem dui op 'n styging in die aantal leerders wat VOO-onderrig ontvang.

Die beleidsteiken behoort te wees om die ouderdomspesifieke groep van 15- tot 17-jariges jaarliks te vergroot. Aspekte soos deelneminsverhoudings vir leerders in landelike gebiede en vroulike leerders kan moontlik 'n impak op hierdie PM hê.

Daar moet met omsigtigheid omgegaan word wanneer daar vergelykings tussen verskillende jare se uitslae getref word. Dit is om twee redes belangrik: Eerstens is dit belangrik om ag te slaan op die feit dat berekeninge wat volgens die 2002-handleiding gemaak is, verskillende databronne gebruik het. As mens vergelykings met vorige jare wil doen, is dit wenslik om die historiese waardes in lyn met hierdie spesifikasie oor te bereken. Tweedens moet dit beklemtoon word dat die data steekproefdata is, en daar derhalwe 'n mate van foute daarmee geassosieer is. Hierdie steekproeffout moet in ag geneem word wanneer afleidings gemaak word dat een jaar se ouderdomspesifieke groep 15- tot 17-jariges verbeter of agteruitgegaan het.

Bron:
Vir die nie-sensus-jare is die data van die Statistiek SA Algemene Huishoudingopname (AHO) toepaslik vir daardie jaar. AHO-data toepaslik vir daardie spesifieke jaar word vir beide die teller en die deler gebruik.

► PM003: Openbare besteding aan die armste leerders as 'n persentasie van besteding op die mins arm leerders

Dit is die regering se besteding op die armste een vyfde van kinders en leerders as 'n persentasie van die regering se besteding op die mins arm een vyfde. Gedurende die laaste jare van apartheid was die persentasie ongeveer 20%, m.a.w. daar is vir elke R1,00 wat aan nie-arm leerders bestee is, R0,20 aan arm leerders bestee. Dit is die regering se doel om hierdie persentasie te verhoog tot meer as 100% vir alle provinsies. Daar is baie faktore wat hierdie persentasie op en af laat beweeg; die regering se pro-arm-beleid rakende posvoorsiening en skooltoekenning; die regering se skoolbou programme (stoot die persentasie op); probleem om onderwysers na landelike gebiede te lok (hierdie faktore verlaag die persentasie).

Interpretasie:
Ten spyte van die regering se pro-arm befondsingsbeleide, is daar steeds verskeie faktore wat veroorsaak dat hierdie PM nog onder 100% vir al die provinsies is. Ons behoort belang te stel in 'n gelykmatige styging in die waardes jaar na jaar, en uiteindelik 'n volledige pro-arm bestedingsbenadering wat weerspieël word in 'n PM-waarde van meer as 100%.

Bron:
Inskrywingsgetalle vir leerders in openbare gewone skole in kwintiel 1 of kwintiel 5-skole kom uit die EMIS-inskrywingsgetalle soos verkry uit die Jaarlikse Skoolopname of die Kitsopname.

Personeelbestedingsyfers kom uit PERSAL, terwyl NPNC-besteding ook maklik verkrygbaar behoort te wees indien POD's seker gemaak het dat alle koste na kostesentrums omskep is. POD's moet oor kapitale besteding verslag doen volgens DORA en derhalwe behoort hierdie inligting geredelik beskikbaar te wees vir die ontleding. Kapitale besteding op kwintiel 1- en kwintiel 5-skole kan moontlik moeiliker bekombaar wees uit die verskillende provinsiale bronne aangesien daar in die verlede probleme was om die inligting met die skole se sleutellyste (waar die kwintielstatus opgeteken is) te vereenselwig.

► PM004: Jare insette per VOO-kollege afgestudeerde

Dit is die aantal jare van skoolonderwys wat die regering belê om elke Graad 12- of ekwivalente afgestudeerde te lewer. Omdat leerders herhaal, en omdat leerders die skoolstelsel voor die einde van Graad 12 verlaat, is die aantal jare altyd meer as 12. Deur die aantal jare egter so min as moontlik te hou, kan die regering aan meer mense onderwys van beter gehalte voorsien.

Interpretasie:
Let egter daarop dat hierdie manier om die jare insette per VOO-afgestudeerde te bepaal, nie soortgelyk is aan die gewone metodes om dit te bereken nie. Indien dit op die konvensionele manier bereken is, sou die kohortdata vir 'n tydperk van minstens 12 jaar nodig gewees het en dit sou besonderhede van die presiese aantal voltooiers, skoolverlaters en herhalers moes aandui. Die formule hier is 'n kompromis-oplossing om die kwessie van onbeskikbaarheid van historiese data aan te spreek. Daar word in die vooruitsig gestel dat die EMIS-stelsel meer gesofistikeerd sal word in terme van die historiese data wat dit byhou, en dat hierdie berekening aangepas sal word om werklike historiese data te gebruik.

Hierdie PM maak nie behoorlik voorsiening vir inter-provinsiale migrasie nie. Indien 'n leerder van een provinsie na 'n ander trek, word dit gereflekteer as 'n leerder wat die skoolstelsel verlaat het en gevolglik sal die aantal jare insette ietwat verhoog. Dit is veral problematies in sommige van die meer landelike provinsies wat leerders aan Gauteng en die Wes-Kaap afstaan.

Die Algemene Huishoudingopname laat nie toe vir genoegsame differensiasie tussen leerders wat vir Graad 1 en pre-Graad ingeskryf is nie. In albei gevalle sal die hoogste kwalifikasie vir hierdie leerder as 0 aangedui word vir die doel van hierdie aanduider – alle leerders wat aandui dat hulle skoolgaan, maar geen kwalifikasie het nie, word beskou as in Graad 1 te wees.

Bron:
Daar is tans geen databron beskikbaar nie.

► PM005: Gemiddelde hoogste graad behaal deur volwassenes in die bevolking

Die maksimum waar die moontlik vir hierdie prestasiemaatreël is 12. Dit sal die geval wees as al die volwassenes in die bevolking Graad 12 voltooi het. Soos wat ons samelewing meer geskool word, behoort die waarde van hierdie prestasiemaatreël te verhoog. Ons moet redelik geleidelike toenames verwag omdat dit baie jare neem vir skoolopvoeding en BOOV om die algehele onderwysvlakke oor die bevolking heen te verander.

Interpretasie:

Die fokus van hierdie PM is om aan te dui gemiddeld hoe suksesvol die volwasse bevolking was om skoolvlakonderrig te voltooi terwyl die negatiewe effek van herhalingverhoudings in ag geneem word. Moontlike waardes wissel tussen 0 (wat aandui dat die volwasse bevolking glad nie onderrig is nie) en 12 (wat aandui dat die volwasse bevolking kwalifikasies van Graad 12 en hoër het). Die beleidsteiken moet wees om in die rigting van 'n resultaat van 12 te beweeg, wat sou aandui dat alle volwassenes minstens Graad 12 of 'n ekwivalent voltooi het.

Provinsies met 'n groter verhouding van volwassenes met hoër kwalifikasies (m.a.w. provinsies waar baie meer mense Graad 12 voltooi het) sal beter presteer as daardie provinsies met minder afgestudeerdes in die hoër onderwys. As gevolg hiervan is dit waarskynlik dat die vooruitgang van hierdie aanduider baie stadig sal beweeg van jaar tot jaar en dat intra-provinsiale vergelykings meer waardevol sal wees as vergelykings van jaar tot jaar.

Dit word beklemtoon dat die data steekproefdata is, en daar derhalwe 'n mate van foute daarmee geassosieer is. Hierdie steekproeffoute moet in ag geneem word wanneer die uitslae van verskillende provinsies of verskillende jare vergelyk word.

Bron:

Vir nie-sensus-jare word die data vir die teller en die noemer gebaseer op steekproefdata uit Statistiek SA se algemene huishoudingopnames.

► PM006: Volwassene Geletterdheidsyfer

Dit is die persentasie volwassenes wat kan lees en skryf, ten minste op basiese vlak. Ons Grondwet waarborg die reg op basiese onderwys aan alle volwassenes wat in die verlede hiervan uitgesluit was. Vir redes wat met menseregte verband hou, maar ook vir redes wat met ekonomiese ontwikkeling verband hou, is dit egter 'n belangrike prestasiemaatreël vir die regering. Ons doel moet 100% volwassene geletterdheid wees.

Interpretasie:

Die geletterdheidsyfers vir verskillende provinsies wissel tussen 70% en 90%. Aangesien dit die mikpunt van die onderwysdepartement is om volwassene geletterdheid tot 100% te verhoog, is die beleidsteiken om 100% te bereik.

Bron:

Vir nie-sensus-jare word die data gebaseer op steekproefdata uit Statistiek SA se huishoudingopnames of bevolkingsramings wat deur die DVO verskaf word.

► PM101: Persentasie skole wat die Skooladministrasie- en Bestuurstelsels implementeer

Die Skooladministrasie- en Bestuurstelsels (SABS) is 'n nasionaal-ontwerpte en gerekenariseerde stelsel wat skole in staat stel om inligting oor hul leerders, personeel, fasiliteite en finansies meer doeltreffend te gebruik. SABS sal die beplanningskapasiteit van skole verbeter en derhalwe sal daar beter diens van hierdie skole verwag kan word.

Interpretasie:

Toegang tot inligtingstegnologie het 'n impak op die gebruik van SABS. Elke provinsie behoort die huidige prestasie met historiese prestasie te vergelyk en teikens te stel vir die toekoms gebaseer op realistiese verwagtings.

Bron:

SA-SABS-rekords vir die betrokke skooljaar.

► PM102: Persentasie skole wat elektronies gekontak kan word deur die departement

E-pos help skole om vinnig met die Departement in verbinding te tree wanneer daar 'n probleem is wat die Departement moet hanteer. Hierdie wyse van kommunikasie stel ook die Departement in staat om vinnig en teen lae koste inligting te kommunikeer oor beleidsveranderinge, deurlopende projekte en algemene omsendbriewe. Dit is die regering se doel om te verseker dat alle skole e-konnektiwiteit geniet.

Interpretasie:
Die doel van hierdie aanduider behoort so na aan 100% as moontlik te wees, alhoewel baie faktore buite beheer van die POD's hierop 'n impak kan hê (skole kan byvoorbeeld oor die toerusting en vermoë beskik om elektroniese kommunikasie te gebruik, maar steeds verkies om per telefoon of faks sake te doen). 'n Lae vlak van gebruik kan verwag word in provinsies met meer landelike skole aangesien toegang tot vaste-lyn-telekommunikasie normalerwyse 'n voorvereiste vir e-pos is.

Bron:
Die Jaarlikse Skoolopname verskaf inligting oor die aantal skole wat e-pos vir administratiewe doeleindes gebruik. In die 2003 JSO het dit onder Vraag 6.10 in die Administrasie-afdeling geressorteer. As 'n bykomende kontrole kon die Rekenaarafdeling 'n toets-e-pos aan al die adresse wat in die JSO gelys is, uitstuur, en kyk hoeveel van die adresse werklik in gebruik is. Indien daar 'n groot faalsyfer is dan moet die POD's in hul *Interpretasie* van die PM-waarde hierna verwys.

► PM103: Persentasie swart vroue in bestuursposisies

Dit is die persentasie swart vroue in bestuursposisies en is 'n gelykheidsaanduider. Alhoewel diensbillikheid 'n aantal areas dek, is swart vroue in bestuursposisies baie belangrik om die vordering op weg na diensbillikheid in die Provinsiale Onderwysdepartemente te belig.

Interpretasie:
Volgens Statistiek SA se middel-van-die-jaar bevolkingsramings vir 2004 maak vrouens 52% van Suid-Afrika se bevolking uit en maak swart vroue ongeveer 48% van Suid-Afrika se bevolking uit. Tog is die persentasie swart vroue in bestuursposisies ver onder hierdie syfer. Dit is veral bekommerenswaardig as 'n mens in ag neem dat swart vroue tradisioneel baie meer toegang tot onderwys as 'n loopbaankeuse gehad het en steeds aansienlik onderverteenwoordig is op senior vlakke. Die teiken vir hierdie PM is om (op die minste) dieselfde verteenwoordiging van swart vroue onder senior bestuurders te hê as wat daar swart vroue in die algemene bevolking van daardie provinsie is.

Bron:
PERSAL

► PM104: Persentasie huidige besteding aan nie-personeelitems

Dit is die persentasie onderwysbesteding, uitgesluit besteding aan fisiese infrastruktuur (nie-personeel-kapitaal), wat bestee word aan nie-personeel-items soos handboeke, skryfbehoeftes en leerdervervoer. Dit gee 'n aanduiding of opvoeders oor die noodsaaklike instrumente beskik om hul werk te kan doen.

Interpretasie:
Waardes kan in die omgewing van 10% - 20% verwag word. 'n Waarde laer as dit dui daarop dat personeel waarskynlik nie die noodsaaklike instrumente tot hul beskikking het om hulle werk te doen nie. Dit is die beste om hierdie waarde te kontekstualiseer in die lig van soortgelyke bestedingsyfers in die verlede en spesifieke beleidsprogramme wat die toekomstige teikening van hulpbronne sal verander.

Bron:
Provinsiale begrotingverslag en jaarverslae

► PM201: Persentasie leerderdae wat deur 'n voedingsprogram gedek word

Dit is die aantal maaltye wat by skole voorsien word deur die regering se voedingsprogram, gedeel deur al die leerderdae in 'n jaar ('n leerderdag is een leerder se bywoning op een dag). Hierdie persentasie styg wanneer die voedingsprogram meer leerders bereik, of wanneer elke leerder meer etes in een jaar ontvang. Die moontlike maksimum is 100%. Ons sou verwag dat die persentasie hoër is in die provinsies met die hoogste armoedevlakke.

Interpretasie:
Hierdie PM moet versigtig geïnterpreteer word aangesien dit vlakke van armoede in provinsies en die departement se reaksie daarop, in ag neem. Indien hierdie persentasie laag is, kan dit of beteken dat minder NSNP-steun nodig is omdat minder leerders in die provinsie, in verhouding tot ander provinsies, arm is, of beteken dat die provinsie nog nie behoorlik op hierdie probleem gereageer het nie (in terme van die aantal kinders wat dit bereik of die aantal leerderdae wat die projek dek). Daar word dus aanbeveel dat hierdie PM saam met inligting oor die provinsiale armoedesyfers (bv. Nasionale Kwintiel 1 en 2) geïnterpreteer word. Indien 50% van die bevolking in 'n provinsie sogenaamd arm is en slegs 40% van leerderdae gedek word, beteken dit die POD se reaksie op armoedeverligting moet verskerp word.

Die gebruiker moet gewaarsku word om nie hierdie aanduider as 'n plaasvervanger vir armoedevlakke te gebruik soos dikwels in internasionale literatuur gebeur nie. Die aantal leerders wat gratis middagetes ontvang, word dikwels gebruik om te bepaal hoeveel leerders arm is, maar aangesien hierdie PM ook die provinsie se reaksie op die uitdaging in ag neem, is dit nie vanpas nie.

Hierdie persentasie styg wanneer meer leerders deur die voedingsprogram gedek word, of wanneer elke leerder meer middagetes in een jaar ontvang. Die moontlike maksimum is 100%. Mens sou verwag dat die persentasie hoër sou wees in provinsies met die hoogste armoedevlakke.

Bron:
Die jaarlikse skoolopname het 'n vraag oor die aantal leerders wat steun ontvang volgens die NSNP. Dit samel nie huidiglik inligting in oor die aantal dae wat hierdie steun by elke skool gegee word nie, maar ander provinsiale databronne kan hiervoor gebruik word.

Statistiek oor skoolvoeding word in die statistiektabelle gespesifiseer en dui beide die aantal leerders wat voordeel trek uit die program, sowel as die gemiddelde aantal skooldae wat hierdie voedingsteun dek, aan. Ideaalgesproke behoort die werklike aantal skooldae waarvoor hierdie steun by elke skool verskaf word, gebruik te word. Indien dit nie beskikbaar is nie, kan die gemiddelde aantal skooldae waarvoor steun beplan is (soos per DORA) gebruik word.

► PM202: Persentasie leerders in openbare gewone skole met spesiale behoeftes
Dit is die persentasie leerders in openbare gewone skole met spesiale behoeftes. Histories het sulke leerders probleem ondervind met toegang tot openbare gewone skole, maar in die lig van die regering se inklusiewe onderwysbeleid, moet maatreëls getref word om toegang 'n werklikheid te maak vir leerders met spesiale behoeftes.

Interpretasie:
Hierdie PM is van voorneme om die regering se prestasie t.o.v. die insluiting van LSEN in hoofstroomonderwys te volg en insig te verkry oor die vlak van aanpassing wat binne openbare gewone skole nodig is om LSEN te akkommodeer. Indien 'n baie lae persentasie van LSEN in verhouding tot die gestremde bevolking in 'n provinsie in openbare gewone skole is, dui dit daarop dat daar meer werk gedoen moet word om te verseker dat LSEN toegang tot onderwys het, veral as die aantal spesiale skole in die provinsie beperk is. Lae persentasies van LSEN-leerders kan ook te wyte wees aan die feit dat baie skole nie sensitief genoeg is om LSEN-leerders te identifiseer en te hanteer nie en daarom nie na LSEN-leerders in die Jaarlikse Skoolopname verwys nie. Indien 'n baie hoë persentasie van LSEN relatief tot die totale skoolbevolking ingesluit word, sal dit 'n impak op die hulpbronbeplanning van hierdie skole hê.

Bron:
EMIS Jaarlikse Skoolopname-data van toepassing op daardie spesifieke jaar.

► PM203: Persentasie openbare gewone skole met watervoorsiening
Dit is die persentasie openbare gewone skole wat tot een of ander vorm van skoon water toegang het. Vir gesondheids- en ander redes is dit belangrik dat alle skole toegang tot skoon water op die perseel moet hê.

Interpretasie:
Die beleidsteiken behoort vir hierdie PM 100% te wees. Waardes wat te kort skiet, moet geïnterpreteer word ingevolge verstedelikingsvlakke in die provinsie. Provinsies met meer landelike skole sal na verwagting groter uitdagings in terme van watervoorsiening hê.

Bron:
EMIS Jaarlikse Skoolopname se data wat van toepassing op daardie spesifieke jaar is. Daar is tans baie inisiatiewe onderweg om die beskikbare inligtingstelsels wat infrastruktuurlewering op skoolvlak assesseer, op te knap. Indien ander meer betroubare bronne beskikbaar word, behoort POD's dit vir toepaslikheid te ondersoek.

► PM204: Persentasie openbare gewone skole met elektrisiteit

Dit is die persentasie openbare gewone skole met elektrisiteitvoorsiening. Elektrisiteit is 'n belangrike voorvereiste vir die invoer van modern tegnologie wat bestuur, onderrig en leer in skole kan bevorder.

Interpretasie:
Die beleidsteiken behoort vir hierdie PM 100% te wees. Waardes wat in terme van hierdie teiken tekort skiet behoort geïnterpreteer te word in die lig van die verstedelikingsvlakke in die provinsie. Dit is te wagte dat provinsies met meer landelike skole waarskynlik voor groter uitdagings betreffende elektrisiteitvoorsiening staan.

Bron:
EMIS Jaarlikse Skoolopname data van toepassing op daardie spesifieke jaar.

► PM205: Persentasie skole met 'n toereikende aantal funksionele toilette

Dit is die aantal skole met minstens 1.5 funksionele toilette vir elke klaskamer of 1 toilet per 20 leerders soos per die bouregulasies. Vir redes wat met gesondheid en skoolbywoning verband hou, is dit belangrik dat die skoolstelsel in die rigting van hierdie minimum norm vir alle skole beweeg.

Interpretasie:
Die teiken moet 100% wees. Alhoewel die infrastruktuur-ontwikkelingsinisiatiewe by skole tans hard daaraan werk om infrastruktuur-agterstande uit die weg te ruim, sal hierdie teiken nog 'n wyle buite die bereik van die POD's wees. Die syfer moet geïnterpreteer word vergeleke die syfers van vorige jare en doelwitte moet gebaseer word op programme wat infrastruktuur lewer.

Bron:
Die totale aantal toilette en urinale sowel as die totale aantal nie-funksionerende toilette en urinale in die sanitasie-afdeling van die Jaarlikse Skoolopname. Die totale aantal klaskamers wat vir onderrig gebruik word of die totale aantal leerders per skool word ook in die Jaarlikse Skoolopname gebruik.

► PM206: Besteding op onderhoud as 'n persentasie van die waarde van skoolinfrastruktuur

Hierdie aanduider verskaf 'n aanduiding van die persentasie van die begroting wat aan die onderhoud van bestaande geboue en toerusting bestee word. Dit is belangrik dat bestaande geboue en toerusting in die skoolstelsel onderhou word sodat dit ten volle funksioneel is en vervanging minimaal is. Beleid bepaal dat die jaarlikse besteding aan onderhoud van fasiliteite minstens 1.5% van die totale waarde van daardie fasiliteite behoort te beloop.

Interpretasie:
Die teiken behoort tussen 1.5% en 2% te wees. Indien die PM hoër as 2% is, word te veel geld, wat aan ander onderwysbehoeftes, insluitend die bou van nuwe skole, aan onderhoud bestee. Indien hierdie PM laer as 1.5% is, is dit 'n aanduiding dat daar 'n onderhoudtekort is en dat die infrastruktuur voortdurend sal agteruitgaan.

Bron:
Syfers vir onderhoudbesteding word by die POD's se finansiële departemente gehou soos per die SCOA-raamwerk en die kapitale batewaarde word uit die relevante bateregister(s) wat deur die POD's of Departement van Openbare Werke gehou word, uitgelig.

► PM207: Persentasie skole met meer as 40 leerders per klas

Dit is die persentasie skole met 'n leerder-opvoeder-verhouding groter as 40:1. Klasse wat baie groot is, is duidelik nie goed vir onderrig en leer nie, en die doel is om hierdie persentasie tot 0% te verlaag.

Interpretasie:
Hierdie doelwit behoort 0% te wees aangesien POD's nie skole met 'n leerder-opvoeder-verhouding van meer as 40:1 wil hê nie aangesien dit 'n negatiewe impak op die gehalte van onderrig het.

Bron:
Beide die leerder- en opvoedergetalle kom uit die Jaarlikse Skoolopname.

► PM208: Persentasie nie-Artikel 21 skole waar alle LOOM en alle vereiste materiaal op die eerste dag van die skooljaar afgelewer is

Dit is die persentasie skole wat van die Departement afhanklik is vir die verkryging van handboeke en ander LOOM, wat al die items wat hulle verwag op die eerste skooldag ontvang.

Interpretasie:
Die teiken vir hierdie aanduider is 100%. Indien skole nie al hulle LOOM ontvang het teen die begin van die skooljaar nie, veroorsaak dit onnodige ontwrigting in onderrig en leer. Dit is 'n bron van kommer vir die Departement van Onderwys en vereis sinvolle aksies deur die relevante POD om die rede vir die laat-aflewering te identifiseer en diesulke oponthoude in die toekoms uit te skakel.

Bron:
Die mees onlangse JSO verskaf inligting oor laat-aflewering van handboeke sowel as die Artikel 21-status van die skool. Hierdie inligting word teen die rekords van die verskaffingskettingbestuur gekontroleer.

► PM209: Persentasie skole met Artikel 21-status

Dit is die persentasie skole aan wie sekere bestuursverantwoordelikhede toegeken is, insluitende finansiële bestuursverantwoordelikhede, ingevolge artikel 21 van die Suid-Afrikaanse Skolewet. (Dit het niks te doen met Artikel 21-maatskappye nie.) Dit is belangrik dat meer skole vir hierdie selfbestuurstatus voorberei sodat skole meer doeltreffend op plaaslike druk kan reageer.

Interpretasie:
Aangesien dit ideaal sou wees as alle skole hul eie sake bestuur, behoort die teiken vir hierdie PM 100% te wees. Indien 'n POD se prestasie nie hierdie teiken haal nie dui dit daarop dat daar op skoolvlak steun nodig is om skole in staat te stel om hul eie sake te bestuur.

Bron:
Die Jaarlikse Skoolopname word vir hierdie PM gebruik.

► PM210: Persentasie werkdae wat verlore gaan weens afwesigheid van opvoeders in openbare gewone skole

Dit is die aantal opvoeder-werkdae wat verloor is uitgedruk as 'n persentasie van die totale aantal beskikbare opvoeder-werkdae. Hierdie prestasiemaatreël neem in aanmerking enige afwesigheid van die skool deur opvoeders, om enige rede, waar daar geen plaasvervangende opvoeder was nie. Om behoorlik te kan funksioneer, is dit belangrik dat leerders nie sonder opvoeders is nie. Die doel moet wees om hierdie prestasiemaatreël so laag as moontlik te hou.

Interpretasie:
Hoe hoër die persentasie verlore werkdae is, hoe groter is die negatiewe impak op die gehalte van die onderwys wat verskaf word en hoe belangriker is dit vir die provinsie om doeltreffende intervensiemaatreëls hiervoor te vind. Provinsies behoort te mik na 'n telling so na aan 0% as moontlik.

Bron:
Hierdie PM kan nie op die oomblik deur provinsies bereken word nie aangesien akkurate databronne nie beskikbaar is nie. Daar word in die vooruitsig gestel dat inligting in die toekoms deur EMIS deur middel van die Jaarlikse Skoolopname verkry sal kan word. Skoolhoofde behoort op skoolvlak stelsels in plek te hê wat jaarliks 'n vinnige berekening van hierdie syfer sal toelaat.

Bestaande inligtingsbronne oor opvoeder-afwesigheid (bv. PERSAL) is nie geskik nie aangesien daar reuse gapings in die optekening van inligting oor verlof bestaan wat waarskynlik nie in die kort termyn uitgeskakel sal word nie. PERSAL verskaf boonop nie inligting oor hoeveel opvoeders afwesig was sonder dat daar 'n plaasvervangende onderwyser by die skool was nie.

► PM211: Persentasie leerderdae wat verlore gaan weens leerderafwesigheid in openbare gewone skole

Dit is die aantal leerderdae wat verlore gaan uitgedruk as 'n persentasie van die totale aantal beskikbare leerderdae. Hierdie prestasiemaatreël is soortgelyk aan PM210, maar dit neem leerders eerder dan opvoeders in ag. Enige afwesigheid van die skool deur enige leerder moet deur hierdie prestasiemaatreël in berekening gebring word.

Interpretasie:
Hoe hoër die persentasie verlore leerderdae is, hoe groter is die negatiewe impak op die gehalte van onderwys wat verskaf word en hoe belangriker is dit vir die provinsie om doeltreffende intervensiemaatreëls hiervoor te vind. Provinsies behoort te mik na 'n telling so na aan 0% as moontlik.

Bron:
Min provinsies beskik tans oor akkurate databronne wat betroubare inligting oor verlore leerderdae kan verskaf. Opsies om hierdie inligting op betroubare wyse te bekom, sal in die toekoms tesame met EMIS ondersoek word.

Hierdie PM kan nie huidiglik deur provinsies bereken word nie aangesien daar nie akkurate databronne beskikbaar is nie. Daar word in die vooruitsig gestel dat inligting in die toekoms deur EMIS deur middel van die Jaarlikse Skoolopname verkry sal kan word. Skoolhoofde behoort op skoolvlak stelsels in plek te hê wat jaarliks 'n vinnige berekening van hierdie syfer sal toelaat.

► PM212: Die persentasiesyfer van die mins bevoordeelde skole met verwysing na Graad 3

Dit is die gemiddelde van die lees- en wiskundepunte van Graad 3-leerders in die armste skole in verhouding tot die gemiddelde vir die mins arm leerders, uitgedruk as 'n persentasie. Dit is nie net belangrik om die apartheidserfenis van ongelyke besteding aan te spreek nie. Dit is ook belangrik om te verseker dat die ongelykhede in leerderuitslae verminder word sodat leerders 'n meer gelyke begin in die lewe kan hê.

Interpretasie:
'n Waarde van laer as 100% sou daarop dui dat die leerders in die armste skole swakker presteer as hul portuurgroep in die mins arm skole. Hoewel die langtermyn beleidsteiken 'n telling van 100% vir hierdie PM behoort te wees, wys resultate wêreldwyd dat dit 'n ontwykende teiken is. Ontleding van regressie in die Graad 3 en Graad 6 se Sistemiese Evalueringresultate dui daarop dat sosio-ekonomiese status beduidend met leerprestasie verband hou: hoe hoër die leerder se sosio-ekonomiese status is, hoe hoër kan mens verwag dat sy/haar prestasie sal wees en die teenoorgestelde is waar vir leerders met 'n lae sosio-ekonomiese status. Selfs in lande met 'n hoë mate van gelykheid (soos byvoorbeeld Japan) is daar 'n merkbare onderprestasie deur die minderbevoordeeldes relatief tot die meer bevoordeeldes. Gebaseer op die Graad 8-Wiskunde-uitslae in die TIMSS 2003-opname, het die armste kwintiel in Japan teen ongeveer 85% van die vlak van die rykste kwintiel presteer. Die ooreenstemmende syfer vir Suid-Afrika was 55%, en vir Chile was dit 65%. Gebaseer op hierdie inligting mag dit moontlik gepas wees vir POD's om meer realistiese en bereikbare doelwitte vergeleke prestasie in ander ontwikkelende lande te stel.

Om 'n telling van 100% te bereik, moet die armste leerders net so goed soos die mins arm leerders presteer – Bv. Indien die gekombineerde gemiddelde uitslae vir Geletterdheid en Gesyferdheid vir kwintiel 1-leerders 45% is en dit 55% vir kwintiel 5-leerders is, sal dit 'n resultaat van 81% gee as 'n mens 45% deur 55% deel.

POD's moet met omsigtigheid omgaan wanneer hulle teikens vir hierdie PM stel. Alhoewel die uiteindelik teiken 100% is, moet dit teen die absolute prestasievlakke van die verskillende kwintiele beskou word. Op grond van die bogenoemde voorbeeld, sou dit moontlik wees om 100% te bereik indien die kwintiel 1-gemiddeld tot 55% styg of indien die kwintiel 5-gemiddeld na 45% daal. Dit is duidelik dat laasgenoemde scenario nie wenslik is nie al sou dit beteken dat die beleidsteiken bereik word.

Sodra die Sistemiese Evaluering op 'n gereelde basis herhaal word, sal die monsternemingsmetodologie en die meetinstrumente na verwagting soortgelyk gehou word. Indien dit nie gebeur nie sal POD's nie hul prestasie oor verskillende jare heen kan vergelyk nie.

Bron:
Daar is tans geen data beskikbaar om 'n voorbeeld te bereken nie aangesien die beskikbare data nie met die Skoolmeesterlys, wat inligting oor die skoolkwintiel bevat, vergelyk kan word nie. POD's sal dit eers kan bereken wanneer die data-insamelingsvereistes hersien is.

Die laaste Sistemiese Evaluering vir Graad 3 is in 2003 gedoen. Data vir leerderprestasie word nie per kwintiel versamel nie. Om die waarheid te sê laat die monsterinsamelingsmetodologie wat gebruik is nie ruimte vir statisties-verteenwoordigende insameling deur beide die provinsie en die kwintiel nie.

► PM213: Herhalingsyfer in Graad 1 tot 7

Dit is die persentasie leerders wat hul huidige Graad in Graad 1 tot 7 herhaal, gedeel deur al die leerders wat vir Graad 1 tot 7 ingeskryf is. 'n Hoë herhalingsyfer is duur sowel as skadelik vir leer en onderrig. Dit is belangrik dat hierdie PM so laag as moontlik is.

Interpretasie:
'n Aanvaarbare teiken vir die herhalingsyfer behoort bepaal te word deur die situasie in elke provinsie in ag te neem. Alhoewel 'n herhalingsyfer van bykans 0% 'n aanduiding kan wees van 'n doeltreffende onderrigstelsel, kan ook bloot daarop dui dat leerders wat nie aanvaarbare uitkomste bereik nie in die onderwysstelsel welkom is nie en verkies om die skool te verlaat. Aangesien Graad 1 tot 7 binne verpligte skoolgaan val, is 'n hoë skoolverlatingsyfer en 'n lae herhalingsyfer nie wat bedoel is nie. 'n Herhalingsyfer nader aan (of hoër as) 10% dui daarop dat die onderwysstelsel 'n buitengewone las dra wat betref herhalingsyfers en dit kan ook daarop dui dat daar sistemiese uitdagings in die skoolkonteks is wat 'n negatiewe impak op die gehalte van onderrig het.

Bron:
Herhalergetalle en leerdergetalle in POD's kom uit die Jaarlikse Skoolopname.

► PM214: Persentasie leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomste in geletterdheid en gesyferdheid bereik

Hierdie prestasiemaatreël is gebaseer op van dieselfde data as PM212. Dit dui op die persentasie van alle Graad 3-leerders wat gemiddeld aanvaarbare uitkomste in Gesyferdheid en Geletterdheid bereik.

Interpretasie:
Aangesien die sistemiese evaluering gebaseer is op 'n proefsteek van leerders is steekproeffoute en vertrouensintervalle ter sprake. Daar is geen beginpunt vir hierdie PM nie aangesien dit nog nooit vantevore bereken is nie. Uiteraard sal 'n resultaat van 100% wenslik wees aangesien dit impliseer dat 100% van die leerders ten minste die minimum bevoegdheid op die gebied van Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede het. Let egter daarop dat hierdie PM vereis dat POD's verslag doen oor die persentasie leerders wat aanvaarbare uitkomste bereik en dat dit heelwat verskil van die gemiddelde persentasie wat leerders in die verskillende leerareas behaal. POD's moet noukeurig kyk of veranderings in die proefsteke of meetinstrumente van een siklus na 'n volgende geïmplementeer word aangesien dit die vergelykbaarheid van die resultate sal beïnvloed.

Bron:
Die laaste Sistemiese Evaluering vir Graad 3 is in 2003 gepubliseer, maar die resultate is nie op die oomblik beskikbaar vir statistiese manipulasie nie. Hierdie statistiek sal in die toekoms deur die DVO beskikbaar gestel word.

► PM215: Persentasie leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomste in wiskunde, geletterdheid en natuurwetenskappe bereik

Hierdie prestasiemaatreël dui die persentasie aan van alle Graad 6-leerders wat gemiddeld aanvaarbare uitkomste in Wiskunde, Geletterdheid en Natuurwetenskappe bereik. Dit is soortgelyk aan PM214 behalwe dat dit op Graad 6-leerders i.p.v. Graad 3-leerders fokus, en ook op die leerareas Wiskunde, Geletterdheid (dit is die taal van onderrig en leer) en Natuurwetenskappe fokus.

Interpretasie:
Aangesien die Sistemiese evaluering op 'n proefsteek van leerders gebaseer is, is steekproeffoute en vertrouensintervalle hier ter sprake. Daar is geen beginpunt vir hierdie PM nie aangesien dit nog nooit vantevore bereken is nie. Uiteraard sal 'n resultaat van 100% wenslik wees aangesien dit impliseer dat 100% van die leerders ten minste die minimum bevoegdheid op die gebied van Geletterdheid, Wiskunde en Natuurwetenskappe het. Let egter daarop dat hierdie PM vereis dat POD's verslag doen oor die persentasie leerders wat aanvaarbare uitkomste bereik en dat dit heelwat verskil van die gemiddelde persentasie wat leerders in die verskillende leerareas behaal. POD's moet noukeurig kyk of veranderings in die steekproewe of meetinstrumente van een siklus na 'n volgende geïmplementeer word aangesien dit die vergelykbaarheid van die resultate sal beïnvloed.

Bron:
Die laaste Sistemiese Evaluering vir Graad 6 is in 2005 gepubliseer. Die statistiek sal in die toekoms deur die DVO beskikbaar gestel word.

► PM216: Persentasie vroulike leerders wat wiskunde en wetenskap in Graad 10 tot 12 neem

Dit is die persentasie vroulike leerders wat in Graad 10 tot 12 vir Wiskunde en Wetenskap ingeskryf is. Histories was meisies in hierdie vakke onderverteenwoordig, dus sal verhoogde deelname aan hierdie vakke 'n belangrike aanduider wees van 'n beweging na 'n meer geslagsgebalanseerde VOO-band.

Interpretasie:
Dit is te verwagte dat nie alle vroulike leerders met beide Wiskunde en Wetenskap in die VOO-band sal voortgaan nie. Derhalwe is 'n teiken van 100% nie sommer bereikbaar nie. POD's behoort aangemoedig word om die situasie te evalueer deur daarna te mik om die persentasie vroulike leerders wat Wiskunde en Wetenskap neem toenemend van een jaar na die volgende te verhoog.

Bron:
Die Jaarlikse Skoolopname bevat inligting oor die aantal manlike en vroulike leerders wat Wiskunde en Wetenskap neem in Graad 10 tot 12, en verskaf ook 'n aanduiding van die totale aantal leerders in hierdie Grade. Syfers uit die jongste JSO moet vir hierdie PM gebruik word.

► PM217: Die prestasiesyfer van die mins bevoordeelde skole tot die mees bevoordeelde skole ten opsigte van die Graad 12-slaagsyfer

Dit is die gemiddeld van die Senior Sertifikaat-punte van Graad 12-leerders in die armste skole in verhouding tot die gemiddelde vir die mins arm leerders, uitgedruk as 'n persentasie. Hierdie prestasiemaatreël is dus soortgelyk aan PM212.

Interpretasie:
Indien die waarde van hierdie PM laer as 100% is, dui dit daarop dat daar steeds 'n gaping in die uitkomste van gehalte onderrig vir die mins bevoordeelde skole is. Alhoewel daar na verwagte nog vir 'n geruime tyd 'n gaping sal wees, sal 'n gaping wat kleiner word (van jaar tot jaar gemeet) toon dat die pro-arm befondsingsbeleide van die Onderwysdepartement resultate lewer. Indien die gaping van jaar tot jaar vergroot, sal POD's met omsigtigheid strategieë moet vind om te verseker dat die belangrikste faktore m.b.t. onderriggehalte in die mins bevoordeelde skole aangespreek word. Verwys ook na die bespreking oor die verhouding tussen sosio-ekonomiese status en skoolprestasie onder PM212.

Bron:
Databasis van Senior Sertifikaat-eksamens.

► PM218: Herhalingsyfer in Graad 8 tot 12

Dit is die persentasie leerders wat hul huidige Graad in Graad 8 tot 12 herhaal, gedeel deur al die leerders wat in Graad 8 tot 12 ingeskryf is. 'n Hoë herhalingsyfer is duur sowel as skadelik vir leer en onderrig. Dit is belangrik dat hierdie prestasiemaatreël so laag as moontlik is. Dit is dieselfde as PM213, behalwe dat hierdie prestasiemaatreël verband hou met Graad 8 tot 12.

Interpretasie:

'n Aanvaarbare teiken vir die herhalingsyfer behoort bepaal te word deur die situasie in elke provinsie in ag te neem.

Alhoewel 'n herhalingsyfer van bykans 0% 'n aanduiding kan wees van 'n doeltreffende onderwysstelsel, kan ook bloot daarop dui dat leerders wat nie aanvaarbare uitkomste bereik nie 'n openbare gewone skool welkom is nie en verkies om die skool te verlaat. Aangesien Graad 10 tot 12 buite verpligte skoolgaan val, is 'n hoër skoolverlatingsyfer en 'n gevolglik laer herhalingsyfer moontlik te verwagte. Gegewe dat die hoër grade meer van leerders vereis in terme van die bereiking van uitkomste, is dit nie ongewoon vir die herhalingsyfers in Graad 8 tot 12 om meer as 5% te wees nie. 'n Herhalingsyfer nader aan (of hoër as) 10% dui daarop dat die onderrigstelsel 'n buitengewone las dra wat herhalingsyfers betref en dit kan ook daarop dui dat daar sistemiese uitdagings in die skoolkonteks is wat 'n negatiewe impak op die gehalte van onderrig het.

Bron:

Herhalergetalle en leerdergetalle in POD's kom uit beskikbare EMIS-databronne.

► PM219: Slaagsyfer in Graad 12-eksamens

Dit is die totale aantal Senior Sertifikaat-slaagsyfers in 'n jaar, gedeel deur die totale aantal 18-jariges. Dit is nie dieselfde as die Matriekslaagsyfer nie. Hierdie prestasiemaatreël bied die geleentheid om te sien watter proporsie van die bevolking 'n Senior Sertifikaat ontvang en nie net watter proporsie leerders ingeskryf is nie.

Interpretasie:

'n Waarde van minder as 100% dui nie noodwendig op mislukking aan die kant van die Onderwysdepartement nie aangesien ander studiemoontlikhede ook aan leerders beskikbaar is en dus derhalwe sal bydra tot 'n laer deelname aan die Senior Sertifikaat-eksamen. POD's behoort egter daarna te streef om beide deelname van leerders wat andersins die skoolsisteem sou verlaat, te verhoog, en die aantal herhalers te verminder terwyl hulle na hoë slaagsyfers streef. Dit is dus gepas om teikens vir hierdie PM te stel wat die huidige situasie in ag neem en toenemend oor die tyd heen vermeerder.

Bron:

Die Senior Sertifikaat-eksamen vir die vorige jaar word gebruik om die noemer te verkry. Die bevolking van 18-jariges word bepaal deur die bevolkingskatting wat deur die DVO verskaf word.

► PM220: Slaagsyfer in Graad 12 vir Wiskunde en wetenskap

Dit is die totale aantal leerders wat of Wiskunde of Wetenskap of die Senior Sertifikaat-eksamen in 'n jaar slaag, gedeel deur die totale aantal 18-jariges. Soos die algehele slaagsyfer (verwys na PM219), verskaf hierdie prestasiemaatreël 'n idee van die omvang van uitsette wat die onderwysstelsel bied in verhouding tot die bevolking.

Interpretasie:

Hoe hoër hierdie syfer is, hoe beter is die prestasie in hierdie PM. Aangesien leerders die keuse het of hulle Wiskunde en Wetenskap in Graad 12 wil neem, kan 'n mens nie 'n syfer van 100% verwag nie. Dit sou aandui dat daar net soveel mense Wetenskap en Wiskunde suksesvol voltooi het as wat daar 18-jariges in die provinsie is. 'n Hoë syfer dui egter daarop dat 'n aanvaarbare aantal leerders Wiskunde en/of Wetenskap op VOO-vlak suksesvol voltooi het. 'n Lae syfer dui daarop dat intervensie deur POD's nodig is om te verseker dat daar genoegsame hulpbronne (soos vaardige onderwysers, genoegsame LOOM) in die provinsies is om hierdie uitdaging die hoof te bied.

Bron:
Die databasis van die Senior Sertifikaat-eksamen bevat inligting oor die aantal leerders wat die Senior Sertifikaat-eksamens in Wetenskap, Wiskunde of albei geslaag het. Hierdie data kom uit die eksamendatabasis van die DVO namens die Provinsies. Die DVO verskaf bevolkingskattings oor die aantal 19-jariges in die Provinsie.

► PM221: Persentasie leerders in Graad 9 wat aanvaarbare onderwysuitkomste in alle leerareas bereik
Hierdie prestasiemaatreël dui die persentasie aan van alle Graad 9-leerders wat gemiddeld aanvaarbare uitkomste oor alle leerareas in die Senior Fase heen bereik. Dit is soortgelyk aan PM214 en PM215, behalwe dat hierdie PM op Graad 9-leerders i.p.v. Graad 3- of Graad 6-leerders fokus, en die bereiking in al die leerareas in ag neem.

Interpretasie:
Sal uitgebrei word sodra die databron gevestig is.

Bron:
Óf die AOO of die Graad 9 Sistemiese Evalueringsuitslae mag moontlik in die toekoms beskikbaar wees.

► PM301: Persentasie befondsde onafhanklike skole wat vir moniteringsdoeleindes besoek word
Dit is die persentasie onafhanklike skole wat 'n regeringsubsidie ontvang en vir gehaltebeheerdoeleindes gedurende die jaar deur die Departement besoek word. Dit is belangrik dat die regering die gehalte van onderwys in onafhanklike skole monitor, veral in dié wat staatsubsidies ontvang, en optree waar daar nie aan minimum standaarde voldoen word nie.

Interpretasie:
Daar word van Provinsies verwag om die inskrywingsyfers en gehalte van programme by onafhanklike skole te monitor, maar dit is nie altyd prakties moontlik, of wettig om al die onafhanklike skole in die provinsie te besoek nie. POD's is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat 'n Kritiese ewekansige steekproef van onafhanklike skole op 'n jaarlikse basis gemonitor word. Die absolute getal en persentasie skole wat besoek behoort te word, sal van provinsie tot provinsie verskil, veral aangesien sommige provinsies 'n groter konsentrasie van onafhanklike skole as ander het.

Dit is dus onredelik om 'n resultaat van 100% in hierdie PM te verwag. 'n Meer konstruktiewe benadering tot die *Interpretasie* van hierdie PM sou wees om dit met historiese prestasie te vergelyk en teikens vir die toekoms te stel wat verbind is tot toenemende verbetering oor tyd heen.

Bron:
Die bestuur van die provinsiale moniterings- en gehaltebeheerafdelings in beheer van onafhanklike skole in die verskillende POD's verskaf hierdie inligting.

► PM401: Persentasie kinders met spesiale behoeftes van verpligte skoolgaande ouderdom wat nie in onderwysinrigtings ingeskryf is nie
Dit is die persentasie gestremde leerders van verpligte skoolgaande ouderdom wat nie in enige onderwysinrigtings ingeskryf is nie. Dit is belangrik dat die regering toereikende en toepaslike toegang tot spesiale en openbare gewone skole vir hierdie leerders bied. Ideaal gesproke moet hierdie prestasiemaatreël 'n waarde van 0% dra.

Interpretasie:
Die persentasie wat onder hierdie PM bereken word dui aan hoeveel LSB's nie deur die onderwysstelsel geakkommodeer word nie. Aangesien die regering daartoe verbind is om "onderwys aan almal" te bied, is die beleidsteiken vir hierdie PM 0%. Dit beteken dat geen van die LSB's van verpligte skoolgaande ouderdom uitgelaat behoort te word nie. Daar moet egter op gelet word dat omdat die data uit die Algemene Huishoudingopname kom, die kwessie van steekproeffoute en vertrouensintervalle hier ter sprake is.

Bron:
Relevante vrae uit die mees onlangse Algemene Huishoudingopname word gebruik.

► PM501: Persentasie VOO-kollegestudente in verhouding tot jeugdiges in die provinsie

Dit is die persentasie VOO-kollegestudente, van alle ouderdomme, gedeel deur die aantal jeugdiges van ouderdom 16 tot 18. Terwyl baie VOO-kollegestudente bokant die ouderdom van 18 is, bied hierdie prestasiemaatreël nogtans 'n bruikbare aanduiding van hoe goed VOO-kolleges uitreik na die jeug en die bevolking as 'n geheel.

Interpretasie:
Hoe hoër die persentasie, hoe groter die reikwydte van die VOO-kolleges en hoe beter is die prestasie op hierdie PM. POD's moet in gedagte hou dat getelde koppe en nie geweegde FTEs vir hierdie PM gebruik behoort te word nie.

Bron:
Vir nie-sensus jare kom die syfers uit die mees onlangse Algemene Huishoudingopname of bevolkingskattings soos deur die DVO voorsien. VOO- getelde koppe kom uit die EMIS-stelsels.

► PM502: Persentasie vroulike studente in tegniese velde

Dit is die persentasie vroulike VOO-kollegestudente wat vir ingenieurswese of ander tegniese velde ingeskryf is. Histories was die inskrywing van vroulike studente in hierdie velde laag. In belang van geslagsgelykheid moet hierdie situasie verbeter.

Interpretasie:
Alhoewel geslagsgelykheid die uiteindelike teiken van hierdie PM behoort te wees, moet die waarde van hierdie PM geïnterpreteer word teen inligting oor die inskrywing van mans en vrouens by Openbare VOO-kolleges. As dit bekend is dat vroue 40% van die algemene VOO-kollege se studentetal uitmaak dan is enige waarde onder 40% vir hierdie PM 'n teken dat vroue in die tegniese studievelde onderverteenwoordig is. POD's behoort 'n toenemende toename in vrouedeelname in hierdie PM te teiken.

Bron:
Hoewel rekords oor kollege-inskrywings al die inligting vir die berekening van hierdie PM te bevat, is daar huidiglik geen sistematiese benadering deur die POD's of die DVO om hierdie inligting in te samel nie. Die beteken dat die kwessie van data*Bron*ne aangespreek moet word voordat POD's in 'n posisie sal wees om hierdie PM vir hulle jaarlikse prestasieplanne te bereken.

► PM503: Deurvoersyfer van VOO-kolleges

Dit is die aantal student wat die finale eksamens aan die einde van elke jaar aan VOO-kolleges slag, gedeel deur die totale aantal student wat die VOO-kollegesisteem betree het met die doel voor oë om die eksamens te slaag.

Interpretasie:
Hoe hoër die waarde van hierdie PM is, hoe doeltreffender is die VOO-kollegesektor. Die maatstaf vir hierdie PM is huidiglik om en by 50%. Provinsies behoort teikens te stel wat gemik is op toenemende verbetering oor tyd heen.

Bron:
Die data vir hierdie PM kom uit die eksamenafdeling van die NDVO (Nasionale Departement van Onderwys).

► PM504: Persentasie leerders in leerderskappe geplaas via VOO-kolleges

Dit is die leerders in leerderskappe wat hul opleiding aan VOO-kolleges ontvang as 'n persentasie van al die leerders in leerderskappe regdeur die provinsie. Hierdie prestasiemaatreël dui aan hoe doeltreffend VOO-kolleges is om leerders uit die leerderskapstelsel te trek.

Interpretasie:
Huidiglik maak leerders van VOO-kolleges 'n relatief klein deeltjie uit van die totale aantal leerders wat aan leerderskapprogramme deelneem. 'n Hoë telling in hierdie PM sou daarop dui dat Openbare VOO-kolleges relevant en kompeterend is, en daartoe in staat is om ekstra hulp*Bron*ne te gebruik.

Bron:
Die aantal leerders in leerderskappe kom uit die Departement van Arbeid se Jaarverslag of die Provinsiale Departemente se verslae. Die aantal leerders wat hul leerderskappe via VOO-kolleges voltooi word van die verskillende VOO-kolleges in die provinsie verkry.

► PM601: Persentasie BOOV-leerders in verhouding tot volwassenes in die provinsie

Dit is die aantal student wat by openbare BOOV-sentrums geregistreer is, gedeel deur die totale aantal volwassenes wat vir BOOV in die provinsie kwalifiseer. Hierdie persentasie gee 'n aanduiding van hoe uitgebreid die openbare voorsiening van BOOV in die provinsie is.

Interpretasie:
Hierdie PM moet in die konteks van volwassene ongeletterdheid, die vaardigheidsvlakke van volwassenes en die verskillende opsies vir toegang tot BOOV geïnterpreteer word. Hoe hoër die waarde van hierdie PM is, hoe beter slaag die POD's daarin om BOOV vir volwasse leerders toeganklik te maak. Gegewe die feit dat volwasse ongeletterdheid 'n uitdaging in al die provinsies is, sou die ideaal wees om soveel moontlik ongeletterde individue by BOOV betrokke te kry. Daar moet egter in gedagte gehou word dat openbare BOOV nie die enigste manier is vir hierdie mense om hul tekort aan vaardighede aan te spreek nie. Die beleidsteiken behoort te wees om toenemende verhoging in die inskrywingsyfers van BOOV van jaar tot jaar te bereik.

Bron:
Vir die nie-sensus jare word die bevolkingsyfers vir volwassenes uit die Algemene Huishoudingopname vir die daardie spesifieke jaar of die bevolkingskatting soos deur die DVO verskaf, verkry.

► PM701: Persentasie leerders in openbaar befondsde Graad R

Dit is die totale aantal leerders in openbaar befondsde Graad R (in openbare skole of gemeenskapsentrums), gedeel deur al die vyfjariges in die bevolking. Terwyl dit nie die regering se doel is om 100% te bereik ten opsigte van hierdie prestasiemaatreël nie (sommige leerders kan na verwagting privaat instansies bywoon) stipuleer beleid dat daar teen 2010 universele dekking sal wees.

Interpretasie:
Die beleidsteiken is om teen 2010 universele dekking te hê. Provinsies moet hul huidige prestasie in hierdie PM bekyk en teikens stel vir die groeiende aantal Graad R'e wat elke jaar inskryf om sodoende die bestemde beleidsteiken van 100% te bereik. Gebaseer op die teikens wat vir elke jaar tot 2010 gestel is, moet die waarde van hierdie PM as volg geïnterpreteer word: 'op die regte spoor' of 'raak agter'.

Bron:
Die berekening van hierdie PM vereis dat die aantal leerders in die gepaste ouderdomsgroep (m.a.w. 5- tot 6-jariges) in openbaar befondsde Graad R gedeel word deur die totale aantal leerders in die gepaste ouderdomsgroep. Die AHO is die databron wat vir die noemer van hierdie PM gebruik is en die Kitsopname is die bron vir die teller.

Skedule 1 – Organogram van die Wes-Kaap Onderwysdepartement



Superintendent-General
Superintendent-Generaal
Intsumpa-Jikelele

Director: Office of the SG
Direkteur: Kantoor van die SG
UMlawuli we-Ofisi Ye-Ntloko yeSebe

Director: Communication
Direkteur: Kommunikasie
UMlawuli weCandelo leZonxibelelwano

Deputy Director-General: Planning and Strategy
Adjunk-direkteur-generaal: Beplanning en Strategie
uSekela-Mlawuli Jikelele weCandelo leZocwangciso

Chief Director: Education Management Information and Quality Assurance
Hoofdirekteur: Onderwysbestuurinligting en Gehalteversekering
UMlawuli oyiNtloko weCandelo loLawulo lweMfundo, inGcaciso noQinisekiso weMigangatho

Director: Research
Direkteur: Navorsing
UMlawuli weCandelo leZophando

Director: Knowledge Management, Information and Record Management Systems and ICT
Direkteur: Kennisbestuur, Inligtings- en Rekordbestuurstelsels en IKT
UMlawuli weCandelo loLawulo loLwazi neEnkqubo zeNgcaciso neErekhodi zeZolawulo ne-ICTt

Director: Quality Assurance
Direkteur: Gehalteversekering
UMlawuli weCandelo loQinisekiso lwemiGangatho

Chief Director: Planning and Policy Co-ordination
Hoofdirekteur: Beplanning en Beleidskoördinasie
UMlawuli oyiNtloko weCandelo loCwangciso noQuquzelelo lwemiGaqo-Nkqubo

Director: Policy Co-Ordination
Direkteur: Beleidskoördinasie
UMlawuli weCandelo Loququzelelo lwemiGaqo-Nkqubo

Director: Business Planning and Strategy
Direkteur: Besigheidsbeplanning en -strategie
UMlawuli weCandelo Locwangciso Lwezoshishino

Director: Infrastructure, Transport, Equipment & LTSM Planning
Direkteur: Infrastruktuur, Vervoer, Toerusting en LOOM-Beplanning
UMlawuli weCandelo loCwangciso lweZiseko zoPhuhliso, ezoThutho, iziXhobo ne-LTSM

Director: Human Capital Planning
Direkteur: Menslikekapitaalbeplanning
UMlawuli weCandelo loCwangciso Lophuhliso lweZakhono zoLuntu

Deputy Director-General: Curriculum Management
Adjunk-direkteur-generaal: Kurrikulumbestuur
Usekela-Mlawuli Jikelele weCandelo loLawulo lweKharityhulam

Chief Director: Assessment and Examinations
Hoofdirekteur: Assessering en Eksamens
UMlawuli oyiNtloko weCandelo leemVavanyo neeMviwo

Director: Assessment Management
Direkteur: Assesseringsbestuur
UMlawuli weCandelo loLawulo lweeMvavanyo

Director: Examinations Administration
Direkteur: Eksamenadministrasie
UMlawuli weCandelo loLawulo lweeMviwo

Chief Director: Curriculum Development
Hoofdirekteur: Kurrikulumontwikkeling
UMlawuli oyiNtloko weCandelo loPhuhliso lweKharityhulam

Director: Curriculum GET
Direkteur: Kurrikulum AOO
UMlawuli weCandelo leKharityhulam GET

Director: Curriculum FET
Direkteur: Kurrikulum VOO
UMlawuli weCandelo leKharityhulam ye-FET

Director: E-Learning and Library Services
Direkteur: E-Leer en Biblioteekdienste
UMlawuli weCandelo Le *E-Learning* neEnkonzo zeeLayibrari

Deputy Director-General: Institution Development and Co-Ordination
Adjunk-direkteur-generaal: Inrigtingsontwikkeling en –koördinasie
Usekela-Mlawuli Jikelele weCandelo loPhuhliso noQuquzelelo lwamaZiko

Chief Director: Districts
Hoofdirekteur: Distrikte
UMlawuli oyiNtloko weziThili

Chief Director: Institutional, Specialised and Operational Support
Hoofdirekteur: Inrigtings-, Gespesialiseerde en Operasionele Ondersteuning
UMlawuli oyiNtloko weCandelo loKunika inkXaso amaZiko, imFundo enEemfuno eziZodwa noKwenziwa kwemiSebenzi

Director: Institutional Management and Governance Planning
Direkteur: Institusionele Bestuur-en-beheerbeplanning
UMlawuli wezoCwangciso loLawulo noKuphathwa kwamaZiko

Director: Operational Support Unit
Direkteur: Operasionele Ondersteuningseenheid
UMlawuli weYunithi yoKunika inKxaso yoKwenziwa kwemiSebenzi

Director: Specialised Education Support
Direkteur: Gespesialiseerde Onderwysondersteuning
UMlawuli weCandelo loKunika inKxaso imFundo enEemfuno eziZodwa

Chief Director: FET Colleges
Hoofdirekteur: VOO-Kolleges
UMlawuli oyiNtloko weeKholeji ze-FET

Deputy Director- General: Corporate Services
Adjunk-direkteur-generaal: Korporatiewe Dienste
Usekela-Mlawuli Jikelele weCandelo leEnkonzo zeSebe

Chief Director: Internal Human Capital Management
Hoofdirekteur: Interne Menslikekapitaalbestuur
UMlawuli Oyintloko weCandelo Lokuphathwa Nophuhliso Lwezakhono Zoluntu Lwangaphakathi

Director: Internal Human Capital Administration
Direkteur: Interne Menslikekapitaaladministrasie
UMlawuli weCandelo leZolawulo noPhuhliso lwezaKhono zoLuntu lwanGaphakathi

Director: Internal Human Capital Management
Direkteur: Interne Menslikekapitaalbestuur
UMlawuli weCandelo lokuPhathwa noPhuhliso lwezaKhono zoLuntu lwangaPhakathi

Director: Labour Relations
Direkteur: Arbeidsverhoudinge
UMlawuli weCandelo leZobudlelwane emSebenzini

Director: Internal Human Capital Development
Direkteur: Interne Menslikekapitaalontwikkeling
UMlawuli weCandelo loPhuhliso lweZakhono zoLuntu lwanGaphakathi

Chief Director: Financial Management
Hoofdirekteur: Finansiële Bestuur
oyiNtloko weCandelo leZolawulo lwezeMali

Director: Management Accounting
Direkteur: Bestuursrekeningkunde
UMlawuli: kwiMpatho yeze-Akhawuntingi

Director: Financial Accounting
Direkteur: Bestuursrekeningkunde
UMlawuli weCandelo lezeMali nee-Akhawunti

Director: Procurement Management
Direkteur: Verkrygingsbestuur
UMlawuli weCandelo loLawulo lokuThengwa kweEmpahla neEnkonzo